# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

3

Kwartaal 4



Onderwysersgids

Funda Wande
Reading for Meaning

3

Kwartaal 4

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Onderwysersgids



**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wandespan ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Illustrasies:**

Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek.

Omslag: **Anja Stoeckigt**

Ander illustrasies is verskaf deur:
Ander illustrasies is verskaf deur:
**Patrick Latimer:** Bladsy 29, 53, 54, 58, 70, 78, 89 en 101;
**Jiggs Snaddon-Wood:** Bladsy 31, 33, 35, 37, 42, 113, 115 en 133;
**Creative House:** Bladsy 41; Rassie Erasmus: klankwoorde.

---

**Foto-erkennings**

Funda Wande Media Team: alle foto's geneem by skole en in klaskamers; Bladsy 30: **Earle Wilton Richardson** (*Employment of Negroes in Agriculture*); **Shutterstock:** Bladsy 31: **Retan** (mielies wat gemaal word), **Alex Bogatyrev** (bord stampmielies), **Blue Pig** (bak pap), Bladsy 43: **Angela N Perryman** (taxi), Bladsy 47: **NORTHERN IMAGERY** (teëls in die Blou Moskee, Istanbul); Verhitting en beheer: Bladsy 31 (mielies wat gewas word); **iStock:** Bladsy 43: **Gilmanshin** (marmerbeeld), poco_bw (slypsteen), Bladsy 45: **Svatiana Lzarenka** (gloeiende glasbottels), Bladsy 45: **lemur4eg** (Afrika- instumente), Bladsy 49: **AleZan_it** (klei-osse), Bladsy 68: **Photo Italia LLC** (Pompeii), Bladsy 82: **Gani Pradana Ongko Prastowo** (vulkaan), Bladsy 55: **kurosuke** (tsunami), Bladsy 57: **ArishaRay** (eerste optreder by 'n brand), **Cathy Withers-Clarke** (bosbrande), Bladsy 61: **Wirestock** (sneeu), Bladsy 69: **hxdbzyx** (soek- en reddingspan), Bladsy 81: **PeopleImages** (vingers wat geklap word), Bladsy 91: **ByronD** (mopanie-wurms), **Tewan** (sywurms), **Peter Loring** (donkiekar), Bladsy 95: **Joslave Noska** (reddingshond), Bladsy 97: **BrianAJackson** (posduif), Bladsy 115: **Siempreverde22** (masker vir Afrika-seremonie), **Vichai Phububphapan** (Thai-verhoogmasker), **Prostock-Studio** (masker vir aansteeklike siektes), **Anna Stills** (suurstofmasker), **romrodinka** (kindermasker van dier); **Gallo:** Bladsy 55: **Rodger Shagam** (branders in Kaapstad), **Esa Alexander** (brande in informele woongebied), Bladsy 57: **ER Lombard** (winde in Kaapstad), Bladsy 59: **Nic Bothma** (oorstromings), Bladsy 67: **Papi Morake** (dr. Imtiaz Sooliman en sy span), **Mlungisi Louw** (Gift of the Givers wat kos voorsien), **Brenton Geach** (Gift of the Givers wat ramphulp gee), Bladsy 77: **Sosiale Media** (oorstromings deur sikloon Eloise), Bladsy 127: **Sowetan/Veli Nhlapo** (Paxton Fielies), Bladsy 129: **City Press/Leon Sadiki** (Amanda Black), Bladsy 131: **Oupa Bopape** (Thapelo Molomo); **Brooklyn Museum:** Bladsy 45 (tradisionele bierpotte); Bladsy 77: **United States of America National Archives Calalog: Department of Homeland Security. U.S. Coast Guard** (slagoffers van orkaan Katrina); **WikiCommons:** Bladsy 77: **Trocaire** (skade van tifoon Yolanda), Bladsy 91: **George McCaa, U.S Bureau of Mines** (myner), **4018mdk09** (kanarie), Bladsy 99: **Regina Hart** (kameelprd en renostervoël); Bladsy 77: **Katsushika Housai** (*The Great Wave of Kanagawa*); Bladsy 127: **Paul Gauguin** (*Tahitian Women on the Beach*).

'n Spesial dank aan die volgende: United Nations/United Nations Children's Emergency Fund, International Federation of Red Cross en Red Crescent, Médecins Sans Frontières en Gift of the Givers Foundation vir die gebruik van hul logo op bladsy 65; Anti-Persoonmijnen Ontmijnende Product Ontwikekkeling (APOPO) vir die gebruik van foto's van die HeroRATs op bladsy 93; Funda Nenja Township Dog Training Initiative vir die gebruik van hul logo en foto's op bladsy 101; Angel Paws Therapy Dogs vir die gebruik van hul logo en foto's op bladsy 103.

Alle ander foto's is verskaf met toestemming: **Freepik**, **Rawpixel** en **Pexels**.

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-998960-42-2

Version 1: 2023

**Enigiemand is vry om die materiaal te deel (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of aan te pas (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:**
***Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Onderwysersgids, Graad 3, Kwartaal 4, CC BY 4.0.***

**Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.**

**Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/**

# Inhoud


**Ikone en afkortings** ... **iv**
**Geïntegreerde Huistaal en Lewensvaardheidsprogram** ... **1**
Weeklikse rooster, Kwartaal 4 ... 1
Inhoud, Kwartaal 4 ... 2
Assesseringsplan, Kwartaal 4 ... 4
**Geïntegreerde leer – die Funda Wande-benadering** ... **5**
**Onderrig Huistaal** ... **6**
Luister en Praat ... 6
Klanke ... 7
Handskrif ... 8
Lees en Skryf Fokustyd ... 10
Leeslesse ... 10
Skryflesse ... 18
**Onderrig Lewensvaardigheid** ... **21**
Aanvangskennis ... 21
Skeppende Kunste ... 23
Liggaamsopvoeding ... 24
**Week 1** Produkte en prosesse ... 26
**Week 2** Produkte en prosesse ... 38
**Week 3** Rampe ... 50
**Week 4** Rampe ... 62
**Week 5** Rampe ... 74
**Week 6** Diere wat ons help ... 86
**Week 7** Diere wat ons help ... 98
**Week 8** Diere wat ons help ... 110
**Week 9** Ons klas het talent ... 122
**Week 10** Vaslegging en hersiening ... 136
**Assessering Kwartaal 4** ... **136**
Geletterdheid – Huistaal: Beplanning vir deurlopende en formele assessering, Kwartaal 4 ... 138
Luister en Praat Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ... 140
Klanke Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ... 141
Lees en Begrip Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ... 142
Handskrif Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ... 143
Skryf Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ... 144
Huistaal Kwartaal 4 Puntestaat ... 145
Lewensvaardigheid: Beplanning vir deurlopende en formele assessering, Kwartaal 4 ... 146
Aanvangskennis en PSW Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ... 148
Visuele Kunste Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ... 149
Uitvoerende Kunste Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ... 150
Liggaamsopvoeding Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ... 151
Lewensvaardigheid Kwartaal 4 Puntestaat ... 152

# Ikone en afkortings

| Huistaal | |
|---|---|
|  | Hardoplees of Mondeling |
|  | Lees |
|  | Klanke |
|  | Skryf |
|  | Groepbegeleide Lees |
|  | Onafhanklike Werk |

| Lewensvaardigheid | |
|---|---|
|  | Aanvangskennis en PSW en Welsyn |
|  | Skeppende Kunste |
|  | Liggaamsopvoeding |

| Ikone in die LAB | | |
|---|---|---|
|  Skryf |  Kleur in of teken |  Knip uit |

Onderwysersgids – OG
Leerderaktiwiteitsboek – LAB
Groepbegeleide Lees – GBL
Persoonlike en Sosiale Welsyn – PSW
Aanvangskennis – AK
Huistaal – HT
Lees in Pare – PL
Onafhanklike Werk – OW
Departement van Basiese Onderrig – DBO

**Geïntegreerde Huistaal en Lewensvaardheidsprogram**

| Tyd per dag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **10 min** | **Admin.-periode: Register/kalendar/verjaarsdae/aankondigings** | | | | |
| **1 uur 30 min** | **WISKUNDEBLOK** | | | | |
| | | | | | |
| **1h 35 min** | **GELETTERDHEIDSBLOK** | | | | |
| **15 min** | Mondeling: Nuus | Luister en Praat | Luister en Praat | Luister en Praat | Mondeling: Hersiening van week |
| **OORGANGSTYD: Skerpmaak van potlode, uitdeel van boeke, handoefeninge** | | | | | |
| **15 min** | Klanke | Klanke | Klanke | Klanke | Klanke |
| **10 min** | Handskrif | Handskrif | Handskrif | Handskrif | Handskrif |
| **OORGANGSTYD: Aksierympie/-liedjie** | | | | | |
| **15 min** | Lees: Hardoplees deur die onderwyser | Gedeelde lees: Begrip | Gedeelde Lees: Woordeskat | Gedeelde Lees: A. Taal B. Vlotheids-oefening | Lees: Hersiening van Onafhanklike Werk |
| **15 min** | E-klaskamer | Skryf: Begrip | Skrif: Woordeskat | Skryf: Taal | Onafhanklike Skryf |
| **OORGANGSTYD: Strek en skud. Groep beweeg na die mat vir GBL** | | | | | |
| **15 min** | GBL | GBL | GBL | GBL | GBL |
| **15 min** | GBL | GBL | GBL | GBL | GBL |
| **(30 min parallel met GBL)** | Onahanklike Werk | Onahanklike Werk | Onahanklike Werk | Onahanklike Werk | Onahanklike Werk |
| **45 min** | **EAT-BLOK** | | | | |
| | | | | | |
| **1 uur 25 min** | **LEWENSVAARDIGHEIDSBLOK** | | | | |
| **30 min** | Aanvangskennis en PSW | Aanvangskennis en PSW | Aanvangskennis en PSW | Aanvangskennis: Hersiening van konsep | DBO-werkboek Lewens-vaardigheids-bladsy Huistaal-bladsy |
| **OORGANGSTYD: Asemhalingsoefening, uitdeel van materiaal** | | | | | |
| **30 min** | Visuele Kunste: Visuele Geletterdheid/ Prakties | Visuele Kunste: Prakties | Uitvoerende Kunste | Uitvoerende Kunste | |
| **OORGANGSTYD: Verklee, beweeg na buite, voorsien apparaat** | | | | | |
| **25 min** | Opstel van Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies | Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies | Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies | Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies | Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies |

## Inhoud, Kwartaal 4

| Week | Tema | Hardoplees-storie | Gedeelde Lees-storie | Onafhanklike leeswerk | Klanke |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Produkte en prosesse | Prosesse en produkte | Towerklippe (legende en niefiksie) | Eenvoudige eksperimente | Verkleinwoorde met -ie |
| 2 | Produkte en prosesse | Grappies en raaisels | Towerklippe (legende en niefiksie) | Prosesse: items wat uit klei gemaak is | Verkleinwoorde met -jie |
| 3 | Rampe | Wat is rampe? | Wanneer berge ontplof (niefiksie) | Koerantberigte oor uiterste weers-omstandighede | Verkleinwoorde met -jie |
| 4 | Rampe | Organisasies wat help | Wanneer berge ontplof (niefiksie) | Hoofstuk storie: Die storm | Verkleinwoorde met -tjie |
| 5 | Rampe | Helpende hande (storie) | Wanneer berge ontplof (niefiksie) | Gedigte oor die weer | Hersien verkleinwoorde |
| 6 | Diere wat help | Die monster van Lusikisiki (deel van 'n storie en voorspelling) | Die monster van Lusikisiki (toneelstuk) | Diere wat ons help | Verkleinwoorde by woorde wat met "m" eindig, kry 'n "pie" |
| 7 | Diere wat help | Die kameelperd en die renostervoëls (volksverhaal) | Die monster van Lusikisiki (toneelstuk) | Gedigte oor diere | Verkleinwoorde by woorde wat met "ng" eindig, verloor die "g" en kry 'n "kie" |
| 8 | Diere wat help | Lena die donkie | Die monster van Lusikisiki (toneelstuk) | Instruksies vir maak van dieremasker | Verkleinwoorde met -etjie |
| 9 | Ons klas het talent | Suid-Afrikaanse Idols | Die konsert (storie) | Jaareind-aktiwiteite | Hersien verkleinwoorde |
| 10 | Vaslegging | | | | |

| Taal en Begrip | Skryf | Aanvangskennis en PSW | Skeppende Kunste: VK | Skeppende Kunste: UK | Liggaams-opvoeding |
|---|---|---|---|---|---|
| Direkte rede: lees vir betekenis, titel, woordeskat | Oorvertelling van 'n wetenskaplike eksperiment | KWL: Produkte en prosesse<br>Van die plaas tot op die tafel<br>Eksperimenteer om tee te maak | Kunsgalery: Mense in skilderye | Luister na Suid-Afrikaanse musiek | Onderwyser kies 4 aktiwiteite vir die week |
| Oefen begripstoets | Wetenskaplike eksperiment | Materiale uit die aarde<br>Van sand tot glas | Bakkies van papiermaché | Suid-Afrikaanse en Afrika-instrumente | |
| Twee begripstoetse, insluitend woordeskat en taal | Mening oor 'n koerantberig | KWL: Rampe: Natuur- en mensgemaakte rampe<br>Brand! | Kuns-waardering: Perspektief | Beweging-sinne op verskillende vlakke | |
| Twee begripstoetse, insluitend woordeskat en taal | Breinkaart van 'n nuusberig<br>Proses-skryf | Organisasies wat help<br>Gee aan mense in nood<br>Vind uit oor reddingswerk | Teken 'n prent met perspektief | Reageer op 'n prent | |
| Twee begripstoetse, insluitend woordeskat en taal | Genre: Koerantberig | Die weer is woes en wild!<br>Waar kry tropiese storms hul name?<br>Bly veilig! | Kunsgalery: Die Groot Brander | Liggaams-perkussie<br>Reageer op 'n storie | |
| Twee begripstoetse, insluitend woordeskat en taal | Opsomming van 'n storie (begin, middel, einde) | KWL: Diere wat ons help<br>Maniere waarop diere ons help<br>Tegnologiese navorsingsprojek oor diere | Illustreer 'n storie | Kreatiewe drama-speletjies | |
| Twee begripstoetse, insluitend woordeskat en taal | Beplan 'n dierestorie (begin, middel, einde)<br>Proses-skryf | Twee diere-organisasies – FundaNenja en Angel Paws-netwerk | Ruimte in kuns<br>Teken 'n landskap | Lesersteater | |
| Twee begripstoetse, insluitend woordeskat en taal | Skryf 'n dierestorie (begin, middel, einde)<br>Skryf 'n dagboek-inskrywing | Versorg diere<br>Diereregte<br>Maak 'n plakkaat | Teken 'n landskap (vervolg) | Spreekkoor | |
| Voltooi cloze-gapings – storiestruktuur | Genre: Dankie-sê-briefie | Feiteleêrs en bespreking oor Idols-wenners | Somer-vakansies – prent wat kunselemente insluit | Oefen toneelstuk | |

## Assesseringsplan, Kwartaal 4

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Week 5** | Vr. | Skryf 1: Koerantberig | PRAKTIES | OG bl. 84 |
| **Week 6** | Ma.–Vr. | Lees 1: Mondeling hardoplees (individuele hardoplees in GBL-tyd) | PRAKTIES | OG bl. 89, 91, 93, 95 en 97 |
| | Ma.–Di. | Visuele Kunste 1: Teken of skilder 'n prent | PRAKTIES | OG bl. 89 en 91 |
| | Wo. | Aanvangskennis 1: Vind uit oor 'n nuttige dier | LAB bl. 121 | OG bl. 93 |
| | Do. | Lees 2: Begrip (Die diere kom bymekaar (2)) | LAB bl. 102 en 103 | OG bl. 94 |
| | Vr. | Liggaamsopvoeding 1: Speel 'n speletjie | PRAKTIES | OG bl. 97 |
| **Week 7** | Ma. | Luister en Praat 1: Luisterbegrip (Die kameelperd en die renostervoëls) | LAB bl. 128 | OG bl. 100 |
| | Di. | Klanke 1: Klanke | LAB bl. 132 | OG bl. 102 |
| | Di.–Vr. | Liggaamsopvoeding 2: Beweging, balans, perseptueel-motories | PRAKTIES | OG bl. 103, 105, 107 en 109 |
| | Wo. | Aanvangskennis 2: Vergelyk diere-organisasies | LAB bl. 137 | OG bl. 105 |
| | Do.–Vr. | Uitvoerende Kunste 1: Lesersteater | PRAKTIES | OG bl. 105 en 107 |
| **Week 8** | Ma.–Vr. | Luister en praat – Mondelinge aanbieding (gedig) | MONDELING | OG bl.112, 114, 116, 118 en 120 |
| | Ma. | Handskrif: Lopende skrif | LAB bl. 142 | OG bl. 112 |
| | Do. | Klanke 2: Diktee | LAB bl. 152 | OG bl. 118 |
| | Vr. | Skryf 2: Dierestorie | OEFENBOEKE | OG bl. 120 |



# Geïntegreerde leer – die Funda Wande benadering

Die Funde Wande-program integreer Geletterdheid: Huistaal en Lewensvaardigheid. Dit word gedoen deur algemene temas en geïntegreerde lesplanne te gebruik en sleutelwoordeskat te herhaal.

## Hoekom?

- Verbeter en gee diepte aan albei vakke.
- Verseker dat alle taalvaardighede in die **betekenisvolle konteks** van 'n relevante onderwerp aangeleer word.
- **Inhoud- en konsepkennis** van die Lewensvaardigheid-onderwerp word verdiep.
- Verbreed, verdiep en herhaal **sleutelwoordeskat**.
- Dieper begrip van konsepte en hoe hulle met mekaar verband hou, verbeter **leesbegrip** en algehele akademiese bevoegdheid.
- Alle leer is dieper, meer betekenisvol en meer relevant.

## Hoe?

- Die onderwyser doen navorsing oor die onderwerpe wat in die kurrikulum uiteengesit word om te verseker dat nuwe leer nie oppervlakkig is nie.
- Sy verstaan die **sleutelkonsepte** en die uitkomste of **doel** van die onderwerp.
- Die onderwerp word in 'n Lewensvaardigheid-les bekendgestel, hetsy mondeling of deur 'n niefiksie-leesteks te gebruik.
- Hardoplees-, Gedeelde Lees- en Selfstandige lees-tekste word gekoppel aan die onderwerp, en word voorsien vir leesoefening.
- Lewensvaardigheid-lesse ontwikkel nuwe konsepte, nuwe woordeskat en vaardighede wat verband hou met die onderwerp verder.
- Geletterdheid-lesse ontwikkel mondelinge, lees-, skryf- en taalvaardighede in hierdie konteks verder.
- Lees- en skryfaktiwiteite in albeid vakke herhaal en versterk nuwe woordeskat.

## GEÏNTEGREERDE LEERSIKLUS

1. Onderwyser verdiep eie kennis van onderwerp deur navorsing te doen. →
2. Onderwyser volg die lesplanne wat rondom die onderwerp gebou is. →
3. In Lewensvaardigheid word nuwe konsepte, vaardighede en woordeskat aangeleer. →
4. In Geletterdheid lees kinders tekste wat verband hou met die onderwerp. Alle taalwerk is op hierdie tekste gebaseer. →
5. In albei vakke word belangrike konsepte en woordeskat herhaal en versterk. →
6. Vaardighede in albei vakke word verbeter.

# Onderrig Huistaal



## LUISTER EN PRAAT 15 min

### Hoekom?

- Om luistervaardighede te ontwikkel.
- Om praatvaardighede te ontwikkel.

### Hoe?

Naweeknuus (Maandag) →
Luister- en Praatvaardighede (Dinsdag) →
Luister- en Praatvaardighede (Woensdag) →
Luister- en Praatvaardighede (Donderdag) →
Hersiening van die week se werk (Vrydag)

### Dink-pare-deel metodiek

- Die leerders is op die mat (verkieslik).
- Die onderwyser stel die probleem of taak bekend.
- **Dink:** Dink *in stilte*. (1 min)
- **Pare:** Die leerders deel hul gedagtes met 'n maat. Hulle luister na 'n maat se gedagtes. (5 min)
- **Deel:** Kies 'n paar die leerders en laat hulle hul gedagtes met die klas deel. (5 min)
- **Reageer:** Die onderwyser demonstreer hoe om antwoorde te bevestig en hoe om hoflik te vra indien iets onduidelik is. Die leerders leer en oefen hierdie vaardighede.

### Inhoud

In Week 1–9, behalwe vir die vertelling van persoonlike nuus en beantwoording van hoër-orde-vrae/gee van menings oor tekste, sal leerders 'n proses beskryf, grappies en raaisels vertel, gesprekke oor die algemene nuus hê, en rolspel om iemand om hulp te vra. In Week 6–8 sal leerders 'n toneelstuk lees, en gedigte lees en voordra vir assessering.



## KLANKE 15 min

### Hoekom?

- Om kennis van letter-klank-verhoudings in die konteks van woorde te ontwikkel.
- Om hierdie kennis te gebruik om klanke te meng en klanke te segmenteer wanneer hulle lees en skryf.
- Om elke week te leer om 10 nuwe woorde te spel.
- Om op sig hoëfrekwensiewoorde/algemene woorddele te herken deur spoedlees van woorde.

### Klankekurrikulum Graad 3

Hersien die klanke wat reeds aangeleer is.

| | Week 1 | Week 2 | Week 3 | Week 4 | Week 5 | Week 6 | Week 7 | Week 8 | Week 9 | Week 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kw. 1 | Hersien: enkel-letters en -klanke | Hersien: aa, ee, oo, uu | Hersien: ie, oe, ui | Hersien: ou, eu, ei | Hersien: aai, eeu | Hersien: ooi, oei | Hersien: bl, br, dr, dw, fl, fr, gl, gr | Hersien: kr, kw, pl, pr, sk, sl, sm, sn, sp | Hersien: st, sw, tw, tr, vl, kl, vr | Hersien |
| Kw. 2 | Hersien woorde met twee mede-klinkers aan die einde van 'n woord | Woorde met twee mede-klinkers aan die begin en aan die einde van 'n woord | Woorde wat eindig op oop lettergrepe (a, e, i, o en u) | Woorde met drie mede-klinkers | Woorde wat eindig met 'n "d" wat soos 'n "t" klink | Woorde wat begin met be- ge-, ver- | Woorde wat eindig met -le, -se, -te, -we, -pe, -de | Woorde met -ng- en -nk- in die middel | Same-stellings | Hersien |
| Kw. 3 | Dubbel mede-klinker in middel, Mve.: oop lettergrepe | Mve.: woorde met "d" wat soos "t" klink | Mve. wat met "we" eindig Woorde wat eindig op "e", maar klink soos "i" | Dubbel mede-klinkers in middel | Woorde wat met "v" begin Woorde wat met "f" begin | Woorde wat eindig op "f" Woorde met "f" in die middel | Woorde wat eindig op: -ig, -ik, -ige, -ike | Woorde met 'n kappie Woorde met 'n deelteken Woorde met "ae" | Vk.we.: -tjie en -jie | Hersien |
| Kw. 4 | Vk.we.: met -ie | Vk.we.: met -jie | Vk.we.: met -jie | Vk.we.: met -tjie | Hersien vk.we. | Vk.we.: met -pie | Vk.we.: met -kie | Vk.we.: met -etjie | Hersien vk.we. | Hersien |

### Hoe?

**Vinnige klankherkenning (Alternatiewe dae – vir 2 minute)**

- Die doel is om automatiese en akkurate klankherkenning te ontwikkel.
- Wys teen 'n vinnige pas die flitskaarte of klanke wat alreeds aangeleer is (of wys na hulle op die muur of bord).
- Individuele die leerders, groepe of die klas sê die klanke.

**Hoëfrekwensiewoorde (tydens GBL)**

- 'n Alfabetiese lys van die mees algemene woorde in Afrikaans kan op die agterste bladsy van hierdie Onderwysersgids gevind word. Hierdie woorde is woorde wat die leerders teen die einde van die jaar behoort te kan lees.
- Skryf die **hoëfrekwensiewoorde** op die bord of flitskaarte.
- Onderrig die **hoëfrekwensiewoorde** as **volle woorde**.
- Lees gereeld, byvoorbeeld, op flitskaarte. Gaan elke keer 'n bietjie vinniger. Verander die volgorde.

**LAB-aktiwiteite (daagliks)**

- In die LAB is daar aktiwiteitsbladsye om klanke wat alreeds aangeleer is, te oefen.
- Loop deur die klas en ondersteun die leerders. Voorsien verdere instruksies gedurende GBL, indien nodig. Merk die leerders se sinne.
- Kontroleer antwoorde as 'n klas.

## Spoedlees woorde (elke tweede Vrydag)

- Vorm pare. Elke maat kry 'n beurt om die woorde vir 1 minuut te lees.
- Die onderwyser hou tyd en sê "begin"en "stop".
- Die leerders omkring die woord wat laaste gelees is.
- Die onderwyser lees ná die tyd al die woorde.
- Die leerders kontroleer en tel die woorde wat korrek gelees is. (Trek woorde wat verkeerd gelees is, af.)
- Daag die leerders uit om hul telling te verbeter.

## Diktee (elke tweede Vrydae)

- Diktee toets die leerders se vermoëns om klankwoorde korrek te spel en om sinne te skryf.
- Sê elke woord of sin duidelik en stadig. Herhaal slegs een keer.
- Gee die leerders tyd om elke woord in hul beste handskrif te skryf.
- Sien na en korrigeer: Skryf die woorde of sinne op die bord vir die leerders om te merk.
- Indien 'n woord verkeerd gespel is, skryf die leerders die korrekte woord met 'n potlood bokant die verkeerde woord.






## HANDSKRIF 15 min

### Hoekom?

- In Kwartaal 4 behoort die leerders te fokus om hul skryfspoed te verbeter maar steeds hul netheid en leesbaarheid te behou.
- Alle geskrewe werk behoort in lopende skrif gedoen te word.
- Leerders kan later in die kwartaal begin om te eksperimenteer om met penne te skryf.

### Hoe?

- Daar is weekliks een LAB-bladsy vir Handskrif, wat 'n les vir elke dag van die week insluit, aangedui deur verskillende kleure.
- Leerders trek elke dag die letter of patroon vir die dag in hul LAB na, en doen dan verdere oefeninge in hul oefenboeke.
- Hulle sal die sin **twee keer** in hul oefenboeke skryf.
- Een keer: Skryf vinnig sonder om leesbaarheid of netheid in te boet.
- Weer: Skryf met toenemende spoed.
- Moedig leerders **vanaf Week 6** aan om 'n pen te gebruik.
- **Vir Week 8 moet leerders egter tydens handskrifassessering 'n potlood gebruik.**

## Voorbereiding vir handskriflesse

- Trek stelle van vier lyne elk op 'n deel van die bord. Dit kan permanent (verf) of semi-permanent (bordkryt wat in suikerwater gedoop is) wees.
- Die leerders het hul LAB, handskrifoefenboek en 'n skerp potlood nodig. Geen uitveërs mag gebruik word nie!

## Die lesproses

***Demonstreer op die bord***

- Die leerders kyk na die bord tydens die demonstrasie.
- Die onderwyser skryf sinne op die lyne op die bord.
- Beskryf/artikuleer enige ingewikkelde dele, byvoorbeeld waar om te begin, posisionering op die lyn, 'n moeilike verbinding (bo of onder), ongewone hoofletter, ens. Wys die spasie tussen die woorde.
- Demonstreer ook die letterverbinding vir die dag.
- Demonstreer ook deur nie die kryt op te lig nie en om met 'n egalige vloei te skryf.

***Die leerders***

- Skryf **onafhanklik in hul LAB**, trek oor die woorde van die dag.
- Skryf **onafhanklik in hul handskrifoefenboeke**.
- Kopieer elke sin twee keer in hul handskrifoefenboeke en doen dit elke keer vinniger.

***Die onderwyser***

Loop deur die klas en gee terugvoering oor:

- potloodgreep en postuur: paddabeentjiesgreep; 'n ondersteunende hand op die papier; sit regop en nie met die kop vooroor gebuig nie; elmboog moet vrylik kan beweeg.
- handskrif: gepaste druk op papier; begin- en eindposisie; korrekte letterformasie; moenie potlood oplig nie; netjiese verbindings.

**Boeke moet gereeld ingeneem word vir terugvoering.**



**LEES EN SKRYF FOKUSTYD** **2 uur 15 min**



**LEESLESSE**

**Die onderwyser lees hardop** (Maandag) →
**Gedeelde Lees** + begrip, woordeskat, en taal (Dinsdag tot Donderdag) →
Hersien Onafhanklike lees (Vrydag)
**Elke dag:** Groepbegeleide Lees met 2 verskillende groepe; Onafhanklike Werk

## Die onderwyser lees hardop (Maandag)

Die onderwyser lees hardop stories wat literatuurgebaseerd is asook stories wat by Lewensvaardigheid aansluit.

- Die literatuurgebaseerde stories sluit aan by die Gedeelde Lees-teks of die tema.
- Die Lewensvaardigheid-stories stel ’n nuwe tema op ’n gepaste verhalende wyse bekend, deur óf bespreking óf ’n denkbeeldige storie.

### Hoekom?

- Om luister- en konsentrasievaardighede te ontwikkel.
- Om ryk taal bekend te stel en om die leerders se woordeskat uit te brei.
- Om verskillende genres van literatuur of ’n nuwe tema in Lewensvaardigheid bekend te stel.

### Hoe?

**Vóór lees**

- Vra 2–3 vrae om aan te sluit by die leerders se bestaande kennis/ondervinding.
- Gee ’n doel of rede om te luister.

**Lees die storie**

- Gebruik uitdrukking of dramatisering om die leerders se aandag te trek.
- Verduidelik kortliks enige onbekende woorde terwyl jy die storie lees sonder om die vloei van die storie te bederf.

**Ná lees**

- Laat 1–2 minute toe vir spontane reaksie of vra oop-einde-vrae.
- Kontroleer begrip en konsentrasie deur 2–3 vrae te vra.



## Gedeelde Lees (Dinsdag)

### Hoekom?

- Om lees- en taalvaardighede met die ondersteuning van die onderwyser binne ’n betekenisvolle konteks te ontwikkel.
- Hierdie vaardighede sluit in: begrip, woordeskatontwikkeling, sinskonstruksie en leesvlotheid.

### Hoe?

### Vóór lees

- Oriënteer die leerders tot die boek deur hul bestaande kennis te gebruik, die titel te lees, en na 1–2 illustrasies te kyk. **MOENIE MEER AS 2–3 MINUTE HIERAAN SPANDEER NIE.**

### Gedeelde Lees

- Lees die storie saam met die leerders. Die leerders volg, lees saam waar hulle kan en wys na die woorde in hul LAB terwyl jy lees.
- Lees vlot en met uitdrukking.
- Lees weer die storie. Sodra die leerders met meer selfvertroue begin lees, kan jy sagter begin lees. Verhef weer jou stem wanneer jy moeilike woorde of frases teëkom.
- Vra die leerders elke dag om ’n woord of sin buite konteks te lees om te kontroleer dat hulle die woorde wel lees en nie memoriseer nie.

### Ná lees

- **In Tema 1 en 4** sal die leerders die volgende leesvaardighede in aparte lesse oefen: Begrip/lees met betekenis, woordeskatuitbreiding, taalwerk, en vlotheid.
- **In Tema 2 en 3** sal hierdie vaardighede holisties in leesbegripstoetse aangespreek word.



### Taal

- **In Tema 1 en 4** word sleutelsinne in die Gedeelde Lees-teks geïdentifiseer soos voorheen.
- **In Tema 2 en 3** word Graad 3-taalwerk in die begripstoets hersien.

## Hoekom?

- Om taalvaardighede te ontwikkel sodat individuele woorde/woordgroepe/dele van woorde in ’n sin geïdentifiseer kan word.
- Verbind grammatikale kenmerke met spesifieke skryfgenres, bv. eksperimente, breinkaarte, koerantberigte.
- Om ’n begrip van korrekte sinstruktuur te ontwikkel.
- Om die leerders se skryfselfvertroue te ontwikkel.

## Hoe?

### Stel die sin bekend

- Skryf die sleutelsin op die bord. Lees dit saam met die leerders.
- Die leerders soek en vind die sin in die teks en onderstreep dit.



## Woordeskat

Woordeskat-/flitskaartwoorde word in elke Gedeelde Lees-teks geïdentifiseer. Die leerders sal die woorde hoor en sien, en leer om dit te lees en skryf. Die Engelse woorde op die agterkant help met EAT.

### Hoekom?

- Om leeswoordeskat te verbreed.

### Hoe?

#### Woordeskatflitskaarte

- Maak flitskaarte vir die vyf woordeskatwoorde van elke week of tema.
- Skryf die Engelse woorde op die agterkant van elke flitskaart.
- Plaas dit op die Woordmuur en lees dit daagliks.
- Werk met woorde: wys ’n aspek van die struktuur van die woord uit (bv. die aantal lettergrepe, beginklank, die eindklank, ens.)

#### Vind die woorde

- Lees weer die storie, of ’n gedeelte daarvan (wat om te lees word in die OG aangedui), as Gedeelde Lees saam met die leerders.
- Die leerders vind en onderstreep/omkring/verlig die woordeskatwoorde in die teks.
- Bespreek die betekenis van elke woord in die konteks van die storie.

#### Oefen lees en skryf woorde

- Die leerders kan die woorde as deel van die LAB-aktiwiteite skryf.
- Hulle kopieer die woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.
- Daarby kan hulle met die flitskaartwoorde werk soos beskryf.

#### EAT (Eerste Addisionele Taal)

- Die Engelse weergawe van die woordeskatwoorde word met die leerders bespreek.



## Leesvlotheid

### Hoekom?

- Om die vermoë te ontwikkel om vinnig, akkuraat en met uitdrukking te lees.
- Mondelinge leesvlotheid is 'n **oorbrugging na begrip**: Indien die leerders woorde vinnig en akkuraat kan lees, sal hulle in staat wees om op die betekenis van die teks te fokus.
- Herhaalde leesoefening ontwikkel vlotheid.
- Die assessering van die aantal woorde in 'n teks wat 'n leerder in een minuut kan lees, gee aan die onderwyser 'n goeie aanduiding van die leerder se leesvermoë.
- Om deur herhaalde lees van 'n teks of memorisering van hoëfrekwensiewoorde vlotheid te ontwikkel.

### DBO se riglyne vir vlotheid van hardoplees in Afrikaans

| | | |
|---|---|---|
| | **80** | **Einde van Graad 3**<br>Alle leerders behoort ten minste 80 **WOORDE** per minuut korrek te kan lees tydens die lees van 'n leesteks. |
| | **50** | **Einde van Graad 2**<br>Alle leerders behoort ten minste 50 **WOORDE** per minuut korrek te kan lees tydens die lees van 'n leesteks. |
| | **40** | **Einde van Graad 1**<br>Alle leerders behoort hul **LETTERSKLANKE** goed te ken, en ten minste 40 **LETTERS** per minuut korrek te kan se. |



## Onafhanklike Lees (Elke dag, parallel met GBL)

**Daaglikse onafhanklike lees is 'n belangrike kenmerk van die Funda Wande-program om lees vir begrip te ontwikkel.**

**Tekste wat daagliks op die regte graadvlak en vir algemene kennis gelees kan word, word vir hierdie doel voorsien. Die tekste word gedurende GBL-tyd gelees.**

### Hoekom?

- Om onafhanklikheid in lees te ontwikkel om die leerders voor te berei vir die hoër grade.
- Om daagliks oefening in dekodering en lees te kry.
- Om leesmotivering te ontwikkel deur interessante, outentieke tekste te lees.
- Om die leerder se agtergrondkennis te verskerp wat bydra tot beter begrip.

## Hoe?

### Onafhanklike lees-tekste

- Vyf kort tekste word vir elke week voorsien om aan die leerders oefening in dekodering en die lees van onbekende tekste te gee.
- Die eerste teks bestaan uit sinne wat op die week se spelwoorde of bekende klanke gebaseer is. Al die leerders, selfs die minder bevoegdes, moet die woorde kan klank en die teks kan lees.
- Die volgende vier tekste verskerp of verbreed die leerders se agtergrondkennis en voorsien leesoefening. Dit sluit verskillende genres soos niefiksietekste, hoofstukstories, koerantberigte en gedigte in. Dit handel oor interessante onderwerpe en is geïllustreer om die leerders se aandag te trek en hulle aan te moedig om te **wil** lees.
- Elke teks het 'n kort aktiwiteit/vrae om die leerders se begrip te toets en om hulle toe te laat om op die teks te reageer.












### Hersien wat om tydens onafhanklike lees te doen

- Hersien wat onafhanklike lees is. *Jy gaan 'n teks op jou eie lees, sonder om die woorde hardop te sê. Jy "waag 'n kans" met dekodering en begrip.*
- Hersien wat jy **nie doen** wanneer jy onafhanklik lees nie: *Praat, staan op, gee op.*
- Hersien wat om te doen wanneer jy by 'n woord kom wat jy nie verstaan nie: *Kyk na dele van die woord, klank die letters, vra 'n maat, raai wat dit beteken en lees verder.*
- Hersien wat om te doen wanneer die teks klaar gelees is. *Beantwoord die vrae.*

### Hersien elke Vrydag

- Op Vrydae lees die onderwyser die week se Onafhanklike Lees-tekste **vir** die leerders terwyl hulle in hul boeke volg.
- Bespreek die tekste, beantwoord vrae mondelings.

## Groepbegeleide Lees (Elke dag)

### Hoekom?

- Om gedifferensieërde onderrig aan kleiner groepe met dieselfde vermoëns en behoeftes te voorsien.
- Om geskikte gegradeerde tekste te gebruik sodat die leerders leessukses ervaar.
- Om ’n geleentheid te skep om vordering te kontroleer en nuwe leesvaardighede te onderrig.

### Hoe?

**Begeleide Lees-groepe**

- Verdeel die klas in vyf groepe volgens hul vermoëns.
- Roep elke groep om vir 15 minute saam met jou te werk, twee maal per week. (Indien die nie moontlik is nie, spandeer een keer per week 30 minute met elke groep.)
- Vir **nie-lesers** sal dit beteken om tyd te spandeer om **letterklanke** te onderrig en te hersien en hierdie klanke **saam te voeg** om eenvoudige woorde te maak. (Sonder hierdie kennis sal leerders nie werklik kan lees nie.)
- Vir **lesers wat nie die graadtoepaslike tekste kan hanteer nie**, vind of skryf maklike tekste of leen ’n stel graad 1- of 2-keurbundels/boeke vir die leerders om gedurende GBL te lees.
- Vir **lesers wat wel die graadtoepaslike tekste kan hanteer**, kies uit:
  - ’n keurbundel of enige boek op die leerders se vlak
  - hierdie week se Gedeelde Lees-teks
  - een van die Onafhanklike Lees-tekste.
- Dit is jou spesiale tyd met elke groep. Kontroleer die leerders se vordering. Gebruik onderriggeleenthede om hul leesvaardighede te ontwikkel. **Let wel:** Vir sommige leerders sal jy moet terugaan na die basiese beginsels en lees vanaf die grondvlak moet onderrig.
- Bepaal waar ekstra hulp nodig is en maak tyd daarvoor.
- **Vir aktiwiteite vir die Vroeë Lees-vlak, klik hier**
- **Vir aktiwiteite vir die Vroeë Vlotlees-vlak, klik hier**






# Klim die Leesleer

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroeë vlotleser | 5<br>**Leesster**<br> | **Ek kan langer tekste lees**<br>• Lees 4 of meer sinne<br>• Lees hardop of stil<br>• Herken hoë frekwensie-woorde<br>• Klank onbekende woorde<br>• Lees vlot, let op na leestekens<br>• Beantwoord hoër orde-vrae | **Ek benodig**<br>• Meer dinge om te lees.<br>• Oefen lees in GBL en op my eie. |
| | 4<br>**Leesvuurpyl**<br> | **Ek kan Verstaan wat ek lees**<br>• Voorspel betekenis vanuit die titel/illustrasies<br>• Let op na leestekens<br>• Lees met uitdrukking<br>• Beantwoord vreae | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Oefen lees in GBL en op my eie. |
| Vroeë Leser | 3<br>**Leesson**<br> | **Ek kan Hardop lees**<br>• Klank woorde<br>• Herken hoë frekwensie-woorde<br>• Lees 1–3 kort sinne hardop<br>• Lees hulle teen 'n goeie pas | **Ek benodig**<br>• Help my om dit te klank.<br>• Gee vir my HF-woorde om te leer.<br>• Oefen lees in GBL. |
| | 2<br>**Leesarend**<br> | **Ek kan Letters herken**<br>• Tel letters in 'n woord<br>• Sê watter letters is dieselfde<br>• Benoem klanke<br>• Vind hoofletters | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Kyk saam met my na die alfabet.<br>• Oefen lees in GBL. |
| Ontuikende Leser | 1<br>**Leesvoëltjie**<br> | **Ek kan Klanke in woorde hoor**<br>• Klap lettergrepe<br>• Tel lettergrepe<br>• Sê beginklanke<br>• Sê eindklanke<br>• Tel die klanke in 'n woord<br>• Herken die klank wat nie pas nie | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Gee vir my 'n paar voorbeelde.<br>• Oefen lees in GBL. |



## SKRYFLESSE

Week A: Onafhanklike skryf (Vrydag) →
Week B: Gedeelde skryf/skryfvoorbereiding (Donderdag) →
Onafhanklike skryf (Vrydag)

## Onafhanklike skryf

### Hoekom?

- Om die leerders te help om sinvolle tekste te skryf en hulself duidelik en met gemak uit te druk.

### Hoe?

- Kopieer die aktiwiteit op die bord soos in die dag-vir-dag notas aangedui.
- Leerders se skryfwerk word in hulle oefenboeke gedoen.



### Enkele skryflesse (Week A, Vrydag)

- In die kort vóór-skryf bespreking (2–3 minute), stel die taak bekend.
- Leerders skryf vryelik gebaseer op die taak. Hierdie is 'n stresvrye geleentheid vir leerders om hulle skryfselfvertroue te ontwikkel.
- Moedig en komplimenteer nuwe en interessante idees en woordeskat aan.
- Moedig leerders aan om "'n kans te waag" met speling.
- **Nasien:** Lewer eerder kommentaar as om 'n punt te gee. Hierdie aktiwiteite is eerder om hulle aan te moedig as om te toets. Reageer op die inhoud. Byvoorbeeld: *Jou oom klink na 'n interessante persoon.* of *Ek wens ék het Durban besoek.*

### Dubbellesse (Week B, Donderdag en Vrydag)

- Hierdie lesse is meer gestruktueerde skryf om leerders te leer om in 'n spesifieke genre korrek te skryf.
- In Kwartaal 4 is die genres: eksperimente, koerantberigte, stories en dankie-sê-briefies.
- Elke genre sluit aan by 'n leessteks as voorbeeld. Wys die volgende uit:
  - tekskenmerke soos paragrafering, opskrifte, onderhofies en uitleg.
- In die eerste van die twee skryflesse sal daar voorbereiding wees (gedeelde skryf of die maak van notas, skryf van 'n konsep).
- In die tweede les sal leerders hul finale **konsep skryf**.
- Probeer sover moontlik dat leerders hul skryfwerk vir 'n maat of groep lees sodat hulle kan kontroleer of dit sin maak, en dit self redigeer.

- Nasien: Merk hierdie meer gestruktueerde tekste.
  - **Ken 50% van die punte toe aan inhoud:** Let op na: logiese organisering van idees eerder as lukrake idees; oorspronklike idees; interessante woordkeuse (bywoorde, voornaamwoorde wat die skryf meer interessant maak), een onderwerp per paragraaf, verstaan van die genre.
  - **Ken 50% van die punte toe aan grammatika, spelling en korrekte tekskenmerke:** Let op na: sinne en nie frases nie, korrekte sinkonstruksie, toepaslike leestekens, korrekte spelling van hoë-frekwensie woorde; toepaslike tydsvorme vir die genre, konsekwente gebruik van tydsvorm, korrekte uitleg en organisering.



## Geskrewe begrip

In Kwartaal 4 word die leerders voorberei vir gestandaardiseerde, formele begripstoetse wat hulle in die hoër grade gaan teëkom. Hierdie begripstoetse vereis intensiewe lees van tekste wat uit een of twee bladsye bestaan en wat geïntegreerde woordeskat en taalitems, sowel as verskilende vraagtipes insluit.

### Hoekom?

- Om die leerders te onderrig om antwoorde in die teks te vind (deur nie die teks te memoriseer nie, maar dit van nader te bekyk of te analiseer).
- Om die leerders bekend te stel aan **verskillende tipes vrae** wat hulle in eksterne of gestandaardiseerde toetse mag teëkom, bv. tabelle, veelvuldige keuse, kontrolelyste, vul-die-gaping, volsinne, ens.
- Om die leerders bekend te stel aan verskillende **vlakke van vrae** sodat hulle die skakel tussen 'n vraag, die soort verwagte antwoord en waar die antwoord gevind mag word, kan sien. Leerders behoort in staat te wees om te identifiseer of die vraag 'n **soek-en-vind-** (feitelik), **lees-en-dink-** (afleibaar) of **op-my-eie-** (persoonlike mening) vraag is.



### Hoe?

### Lees die begripsvrae

- Verduidelik wat nodig is om die verskillende vraagtipes te beantwoord. **Verduidelik slegs die vraagtipes vir daardie week**, bv.:
  - **Voltooi 'n tabel:** Stel die inligting vanuit die teks in 'n tabel voor.
  - **Veelkeusige-vraag:** Lees al die moontlike antwoorde en merk *slegs* die korrekte een.
  - **Kontrolelys:** Lees al die moontlike antwoorde en merk *almal* wat korrek is.
  - **Vul-die-gaping:** Selekteer (kies) 'n paar woorde om die sin te voltooi.
  - **Volsinne:** Beantwoord die vraag in 'n volsin met korrekte leestekens.
  - **Volgorde van gebeure:** Nommer die gebeure in 'n storie.
- Herinner die leerders aan die verskillende tipes antwoorde wat vereis mag word:
  -  **Soek en vind –** letterlik: Die antwoord is in die teks.
  -  **Lees en dink –** afleibaar: Die antwoord is voorgestel in die teks, maar jy moet dink daaroor en dit in jou eie woorde omskryf.
  -  **Op my eie –** persoonlike mening: Die antwoord is nie in die teks nie, maar in jou eie denke.

### Skriftelike werk

- Die leerders voltooi die geskrewe begripsoefening in die LAB.
- Indien die tyd dit toelaat, merk die aktwiteit saam met die klas en verduidelik waarom sekere antwoorde korrek is, verduidelik waarom sekere antwoorde korrek of geskik is, selfs wanneer verskillende leerders verskillende antwoorde geskryf het.

# Onderrig Lewensvaardigheid

**Maandag en Dinsdag:**
Aanvangskennis/PSW; Visuele Kunste, LO
**Woensdag en Donderdag:**
Aanvangskennis/PSW; Uitvoerende Kunste, LO
**Vrydag:** Tema-oorsig, LO.



## AANVANGSKENNIS

### Lees om lesse te leer

#### Hoekom?

- Om lees-om-te-leer-vaardighede te ontwikkel vir toekomstige handboeke en om niefiksie-tekste te lees.
- Om kennis van die struktuur van niefiksie-tekste en organisatoriese toestelle soos tabelle te ontwikkel.
- Om vaardighede te ontwikkel om kennis oor te dra.

#### Hoe?

**Aanvangskennis**

- Gedeelde Lees: Lees die titel en oriënteer die leerders in die onderwerp.
- Vind uit wat hulle reeds oor die onderwerp weet (mondelings).

**Nuwe kennis**

- Wys die struktuur/formaat van die teks, bv. tabelle, Venn-diagram, eksperiment, diagram met byskrifte, vergelyking, paragrawe met sub-opskrifte, foto's met byskrifte, ens.
- Lees die teks vir die leerders en verduidelik enige nuwe woorde binne konteks.

**Skryf**

- Lees die aktiwiteit wat aan die teks gekoppel is.
- Die leerders voltooi die LAB-aktiwiteit.

### KWL-lesse

#### Hoekom?

- Om die leerders te help om kennis te bou deur nuwe inligting te integreer met dit wat hulle reeds weet.
- Om geleentheid te sket om hul eie vrae te formuleer en om antwoorde te soek.
- Om skryfoefening te bied.
- Om die leerders aan te moedig om te reflekteer op dit wat hulle geleer het.

## Hoe?

**Kopieer die KWL-kaart uit die LAB op die skryfbord (Week A Maandag)**




### Dink-pare-deel

- **Dink:** Op hul eie dink die leerders oor wat hulle reeds van die onderwerp weet.
- **Pare:** Die leerders bespreek saam wat hulle reeds weet.
- **Deel:** Party leerders vertel vir die klas (gee aan elkeen 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal). Die onderwyser teken **'n paar** idees in kolom 1 van die KWL-kaart op die bord aan.

### Skryf

- Vra die leerders wat hulle oor die onderwerp wil leer. Moedig al die leerders aan om vrae te formuleer. Skryf **'n paar** vrae in ry 2.
- Die leerders kies ten minste een idee uit elke ry om op hul KWL-kaart te kopieer, of skryf hul eie idees.

### Reflekteer oor wat geleer is (Week A en B Donderdag)

- Gaan terug na Maandag se KWL-kaart.
- Vra vrae:
  - Wat het ons hierdie week geleer?
  - Het ons uitgevind wat ons wou weet?
  - Wat wil julle volgende week uitvind? (slegs die eerste Donderdag)
- Help die leerders om hul antwoorde op die kaart te skryf.

### Aanvaar/verwerp (ook genoem Konsepkontroleringsvrae)

**Let wel:** In Kwartaal 4 word dit eers aan die einde van die tema gedoen.

## Hoekom?

- Om die leerders se kennis van sleutelkonsepte te verdiep.
- Om die leerders se begrip van sleutelkonsepte te assesseer.

### Aktiwiteit

- Kies drie sleutelkonsepte wat aan die onderwerp verwant is en skryf elkeen op 'n flitskaart neer.
- Hou 'n flitskaart op en vra die leerders om dit hardop te lees.




- Maak drie stellings wat verband hou met die konsep.
- Vra die leerders om hul duime op te wys, indien die stelling waar is, en hul duime af te wys, indien dit onwaar is.
- Herhaal vir die ander twee konsepte.

## EAT (Eerste Addisionele Taal)

### Hoekom?

- Om leerders se akademiese geletterdheid in Engels te ontwikkel.

### Aktiwiteit

- Hou al die flitskaarte wat in Aanvaar/verwerp gebruik word omhoog.
- Vra leerders of hulle die woorde in Engels ken. Draai die flitskaart om om die Engelse woord te wys.
- Help hulle om die woorde in sinne te gebruik.
- Sit die Engelse woorde op die EFAL-woordmuur.
- Leerders skryf die woorde in hul persoonlike woordeboeke/woordeskatboeke.

## Aktiwiteit/proseslesse

### Hoekom?

### Aanvangskennis

- Dit sluit aan by Lees-om-te-leer-teks.

### Nuwe kennis

- Ontwikkel prosesvaardighede wat aansluit by Aanvangskennis, bv. kategorisering, waarneming, eksperimentering, ens.
- Ontwikkel algemene kennis, ervaringskennis en spesifieke dieptekennis van sekere onderwerpe.
- Ontwikkel vaardighede om kennis oor te dra.



## SKEPPENDE KUNSTE

### Hoekom?

- Om verskillende maniere te onwikkel om na die wêreld te kyk.
- Om die geleentheid te skep om idees visueel en fisiek uit te druk en te verken.
- Om kreatiwiteit en verbeelding aan te moedig.

### Hoe?

- Daar is vir elke tweede week 'n bladsy in die LAB vir Visuele Kunste. Dit wissel tussen onderrig van Visuele Kunste-woordeskat en -konsepte, en kunswaardering (Kunsgalery).
- Praktiese Visuele Kunste-aktiwiteite word gewoonlik oor drie lesse aangebied. Die onderwyser voorsien die papier, kryte, verf, ens.
- Stal die voltooide werk in die klaskamer uit.
- Versamel herwinbare materiale om vir 3D-kuns te gebruik.
- Visuele Kunste-aktiwiteite ontwikkel vaardighede soos lyn, kleur, tekstuur, verf, teken, collage, ens.
- Vir Uitvoerende Kunste is dit 'n goeie idee om 'n versameling van rekwisiete soos serpe, hoede en 'n nagemaakte mikrofoon in die klaskamer te hê.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Maandag

#### Berei voor

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 24 vir die week.
- Berei die toerusting vir die aktiwiteite voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

#### Stel aktiwiteitstasies bekend

- Wys die toerusting en verduidelik die aktiwiteite vir die week.
- Die leerders rolspel die aktiwiteite.

#### Doen klasaktiwiteit

- Speel 'n speletjie soos vang-vang, Krappe-en-Kraaie of wegkruipertjie.



### Dinsdag–Vrydag

#### Warm op

- Hardloop op tone soos feetjies/stamp voete soos 'n reus/gly soos 'n swaan.
- Volg my instruksies: Loop sywaarts/draai links/draai regs/hurk/spring op.
- Ritmiese handeklap/klik/voetstampaktiwiteite gelei deur verskillende leerders.

### Aktiwiteitstasies

- Groepe roteer deur die aktiwiteitstasies en doen een aktiwiteit per dag op Dinsdag tot Vrydag te doen. Sien bladsy 24 vir aktiwiteitsidees.
- Die onderwyser beweeg van groep tot groep, neem waar en ondersteun.




### Koel af

- Oefen diep asemhaling
- Staande of sittende, strek verskillende liggaamsdele
- Trek spiere styf en ontspan, begin by die tone en beweeg totby die kop

## Aktiwiteite vir Liggaamsopvoedingsaktiwiteitstasies vir Kwartaal 4

Kies vier aktiwiteite vir die week wat op verskillende vaardighede fokus.
**Selfs al is daar nie 'n swembad beskikbaar is nie, moet die leerders swemvaardighede aanleer omdat waterveiligheid krities vir kinders is.**

**1 Beweging**
- Volg visuele instruksies (hand-/liggaamstekens, prente) om te loop, hardloop, spring, huppel, klim, ens.
- Leerders loop in 'n sirkel en hou hande. Die grootte en die aantal sirkels mag verskil, verander die rigting waain die sirkels beweeg, onderskeie sirkels beweeg deur en rondom mekaar.

**2 Perseptueel-motories**
- Skadunabootsing: een leerder is die skaduwee en 'n ander leerder boots die bewegings na.
- Tennis: voorhand-, rughand- en vlughoue.
- Krieket: kolf, boul, veldwerk en paaltjiewagterswerk.

**3 Ritme**
- Doen enige ritmiese reeks met of sonder apparaat.

**4 Koördinasie: Gimnastiek en swem**
- Gimnastiek: vorentoe- en agteroorrolle.
- Swem: gly, dryf, skop en roei, en armbewegings.

**5 Ruimtelike oriëntasie: Hindernisbaan en speletjies**
- Hindernisbaan.
- Swem: oefeninge om selfvertroue te bou en watervrees te oorkom, soos om die oë en ore binne-in die water te plaas, asemhalingsoefeninge.

**6 Balans: Beweging en gimnastiek**
- Balanseer op een en twee voete op voorwerpe, en balanseer 'n boontjiesakkie en ander voorwerpe op die kop of in die hande.
- Gimnastiek: kopstand, handstand, krapstand.

**7 Lateraliteit**
- Swem: skop met die linker-/regtervoet; armbewegings met linjker-/regterarm

**8 Sport en speletjies**
- Waterspeletjies: *ring-a-ring-a-rosie*; reusetreë; resies; ens.
- Driebeenspeletjies
- *Vang die draak se stert*
- Mini-tennis
- Mini-krieket



# Produkte en prosesse

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Oor wetenskaplike terme *produk en proses* leer en hoe dit in die daaglikse lewe toegepas kan word
- Die prosesse van die maak van mielieprodukte en die maak van glas beskryf
- 'n Eksperiment uitvoer en opteken
- Stappe in 'n eksperiment in volgorde verduidelik
- 'n Legende en nie-fiksieteks oor steenkool lees
- Onafhanklik lees oor eenvoudige eksperimente wat hulle by die huis kan doen
- Oor prente met veelvoudige figure leer
- Kenmerke van direkte en indirekte rede identifiseer
- 'n 3D-papiermaché-voorwerp skep.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte** (Engels aan die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | steenkool | klip | rook | myn | oppervlak |
| | *coal* | *rock* | *smoke* | *mine* | *surface* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | produk | proses | eksperiment |
| | *product* | *process* | *experiment* |

**Sinne**

*"Hoe gaan ons ons kos kook?" het Bitiwe gevra.*
*Salani het gesê: "Hierdie keer neem ons ons broers saam."*

## BENODIGDHEDE

- Oefenboek vir Skryf, Onafhanklike Lees-antwoorde en Handskrif
- Kunsvoorraad
- Vir eksperiment: 2 teesakkies, 2 glasbekers, ketel om water in te kook
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Onafhanklike Skryf; Woordeskat; Sinne; Handskrif (Vrydag); OW-antwoorde

**Informeel:** Diktee

# Prosesse en produkte

*Hierdie teks is die inleiding tot die Lewensvaardigheidtema oor produkte en prosesse. Die onderwyser lees dit op Maandag (sien OG, bl. 28).*

*Die leerders kyk na die prente op bl. 15 in die LAB terwyl hulle luister.*

Kom ons gesels oor twee belangrike woorde wat julle miskien al voorheen gehoor het: **produk** en **proses**.

'n **Produk** is iets wat ons kan gebruik. Dit is goed wat deur mense gemaak word, soos speelgoed, boeke, klere en kos.



'n **Proses** is die manier waarop iets gemaak of gedoen word. Dit is die stappe wat ons doen om 'n produk te maak. Om 'n koek te bak is 'n proses.

Vandag kyk ons na iets wat ons almal eet - mielies – en dink ons aan al die **mielieprodukte** en die **prosesse** om die produkte te maak.

Ons begin by die mielieplant.

Mielies word gewoonlik in die lente geplant. Gedurende die somer groei die mieliekoppe aan die mielieplant. Die mieliekoppe bestaan uit die sade of mieliepitte. In herfs, wanneer die mielies ryp is, word dit geoes.

Op groot plase word 'n **stroper** gebruik om die mieliestronke af te kap.

Die geoeste mielies word na 'n fabriek geneem. Eers word die mielies skoongemaak en gewas. Enige klein klippies en stukkies vullis word van die mieliepitte geskei.

Die mieliepitte word geprosesseer om verskillende produkte te maak.

**Stampmielies** word gemaak deur die mieliepitte tussen twee groot klippe te maal om dit in kleiner stukkies op te breek.

Om **mieliemeel** te maak word die mieliepitte in 'n groot meul geslaan wat die mieliepitte opbreek om 'n growwe poeier te maak.

**Mielieblom** word gemaak deur die growwe mieliepoeier te maal totdat dit baie fyn is, waarna dit met groot siwwe gesif word.

Om **springmielies** te maak word die mieliepitte skoongemaak en gedroog, en dan is dit gereed vir mense om dit in 'n pot met warm olie te kook, of om in die mikrogolfoond gaar te maak.

Om graanvlokkies te maak word die mieliepitte eers in water geweek totdat dit sag en papperig is. 'n Masjien vorm vlokkies van die pap. Die vlokkies word gekook en in 'n oond uitgedroog totdat dit lekker krakerig is, voordat dit in bokse verpak word om te verkoop.

Die meeste van ons kos wat ons in die winkels koop, is geprosesseer. Aan watter ander kos kan jy dink wat ook geprosesseer is?

## MAANDAG



### LUISTER EN PRAAT Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat het julle oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel vir jou maat van jou naweek en hoe jy gevoel het.
- **Deel:**
  - ’n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker alle leerders kry elke kwartaal ’n geleentheid.
  - Teken waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** *(wat om te bring, spesiale gebeure, ens.)*



### KLANKE Vind die verkleinwoorde

BL 8
15 min




Verkleinwoorde met **-ie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



### HANDSKRIF Sinne (lopende skrif)

BL 7
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.



### LEES Onderwyser lees hardop

OG
BL 27
15 min



**Vóór lees**
- Stel die onderwerp oor prosesse en produkte bekend: Was jy al op ’n plaas? Watter plante het jy gesien groei? Wat gebeur met die plante sodra hulle geoes word?
- Verskaf ’n doel om te luister: Luister om meer uit te vind oor die produkte wat ons van plante kry.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**
- Wat is ’n proses?
- Wat is ’n produk?
- Wat is voorbeelde van mielieprodukte?
- Wat is van die stappe in die proses van die plaas tot op die tafel?

### MONDELINGE BEGRIP

15 min



- Onderrig ’n les wat op klankleesboeke gebaseer is.



## ONAFHANKLIKE GROEPBEGELEIDE EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 9
30 min




- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe



- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne
- Leerders skryf hul antwoorde op die vrae in hul oefenboeke.



## AANVANGSKENNIS — Produkte en prosesse

BL 10
30 min




**Stel die konsep bekend**
- Het jy al ooit gewonder wat gebeur met jou kos voordat jy dit in die winkel koop?

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat weet julle van produkte en prosesse?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** met die klas.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart**
- Skryf die leerders se bydrae in ry 1 van jou KWL-kaart op die bord.
- Vra: Wat wil julle graag hierdie week oor produkte en prosesse leer? Skryf dit in ry 2.
- Leerders kies een item uit elke ry om op hulle KWL-kaarte te skryf.



## VISUELE KUNSTE — Mense in skilderye

BL 11
30 min




**Mense in skilderye**
- Die skildery op bl. 11 staan bekend as "Werkverskaffing aan Nigers in Landbou". Dit is in 1934 deur 'n swart Amerikaanse man met die naam Earle Wilton Richardson geskilder.
- In die skildery is daar vier swart Amerikaners besig om katoen in die VSA te pluk. Een van hulle is 'n kind. Die skilder het dit geverf om te wys dat baie swart Amerikaners baie onregverdig in die VSA behandel is. As katoenplukkers was hulle nie goed betaal nie en selfs kinders is geforseer om te werk.

**Leer oor mense in skilderye**
- Baie skilderye bevat mense. Soms is die figure langs mekaar, maar dikwels is party van hulle in die voorgrond terwyl ander verder weg is.
- Gewoonlik is die figure op verskillende vlakke, sommige sit terwyl ander staan.
- Ons noem dit die verhouding tussen die figure.

**Analiseer 'n skildery**
- Bestudeer 'n skildery van naby. Watter verhouding is daar tussen die figure?
- Beantwoord die vrae in die LAB.

**Klasbespreking**
- Dink julle die figure in die voorgrond van die prent moet groter of kleiner as die figure in die agtergrond wees? Hoekom?
- Waar sal julle die belangrikste figuur in die prent plaas?



## LIGGAAMSOPVOEDING — Inleiding

30 min



- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Beskryf prosesse

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Dink aan een voorwerp in die klaskamer. Waarvan is dit gemaak? Hoe was dit gemaak?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel:** Laat van die leerders terugvoering gee.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Skryf die woorde reg oor

BL 12
15 min




Verkleinwoorde met **-ie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 7
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES — Leesbegrip

BL 2–6
15 min




**Vóór lees**

- Lees en bespreek kortliks die titel.

**Gedeelde Lees**

- Lees die storie saam met die leerders.
- Lees die spraakborrels.
- Laat sluit storie by die illustrasies aan deur vrae en waarnemings.
- Stop om enige nuwe woorde of konsepte te verduidelik deur byvoorbeeld die prente of sinonieme te gebruik.
- Laat een leerder toe om die vraag aan die einde van elke bladsy te beantwoord.

**Ná lees**

- Bespreek die laaste vraag oor of steenkool goed of sleg vir mense of die aarde is.

## SKRYF — Leesbegrip

BL 13
15 min




**Vrae**

- Verduidelik enige vrae wat die leerders dalk nie mag verstaan nie.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Sien na en korrigeer.**

## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Wat los op?*

**BL 14**

**30 min**


DATUM

Wat los op?

**Inleiding**
Wanneer iets in water oplos, meng dit met die water sodat jy dit nie meer kan sien nie. Jy kan 'n eksperiment doen om te kyk wat in water oplos.

Eksperiment

**Benodigdhede**
1 teelepel suiker
1 teelepel sout
1 teelepel teeblare
3 koppies warm water

**Metode**
Gooi die suiker in die eerste koppie en roer.
Gooi die sout in die tweede koppie en roer.
Gooi die teeblare in die derde koppie en roer.

**Waarneming**
Die water in die eerste koppie is helder. Die suiker het opgelos.
Die water in die tweede koppie is helder. Die sout het opgelos.
Die teeblare is steeds in die derde koppie. Dit het nie opgelos nie.

**Gevolgtrekking**
Party goed kan in water oplos, maar ander nie.

Teken 'n prent om hierdie eksperiment te demonstreer.

14 • WEEK 1 • DINSDAG

## AANVANGSKENNIS

### Van die plaas tot op die tafel

**Lees en bespreek**

- Verduidelik die voorwerpe in die prente wat vir die produksie van mielies gebruik word.
- Herinner leerders aan die teks oor prosesse en produkte waarna hulle geluister het.
- Identifiseer die volgorde van die produksie van mielies:
  1. Die plant is volgroei
  2. Mielies word geoes.
  3. Die mielies word in die fabriek skoongemaak.
  4. Die mielies word gemaal.
  5. Die mielies word verpak en verkoop.
- Leerders identifiseer die mielieprodukte en waarvoor dit gebruik word.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**BL 15**

**30 min**


DATUM

Van die plaas tot op die tafel

Proses

Plaas die proses in die korrekte volgorde.
Vul die korrekte nommer in.

1

Produkte

Voeg byskrifte by die mielieprodukte. Gebruik hierdie woorde.

pap mielieblom springmielies graanflokkies

WEEK 1 • DINSDAG • 15

## VISUELE KUNSTE

### Skilder 'n prent met twee figure

**Inleiding**

- Herinner leerders aan die prente wat hulle van 'n oestyd gesien het (LAB bl. 12).
- Wys vir hulle addisionele prente van skilderye oor oestyd.
- Wys die verskillende vlakke en die verhoudings tussen die figure uit.

**Aktiwiteit (verf en papier)**

- Leerders trek 'n lyn 2/3 na die boonste deel van die papier.

Hulle verf die hemelruim aan die bokant van die lyn en verf 'n veld onder die lyn. In die voorgrond verf hulle twee of meer figure wat besig is om te oes. Hulle moet verhoudings tussen die figure uitwys: verskillende vlakke (*geboë, staande, ens.*), figure in die voorgrond is groter as dié in die agtergrond.

**Stal uit wanneer dit droog is**

**30 min**



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteite op bl. 24.

**25 min**



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Beskryf stappe van 'n proses

**15 min**



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wat het jy geleer oor hoe mielies geprosesseer word? Dink aan 'n mielieprodruk.
- **Pare:** Beskryf die proses van plant tot op die tafel. Maak beurte.
- **Deel met die klas**. Een van die pare doen vir die klas 'n aanbieding oor die proses.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Omkring die woorde

**BL 16**
**15 min**


DATUM

Omkring die woorde

Omkring die verkleinwoorde in die onderstaande sinne. Skryf die woorde langs die regte prente.

Ek pluk vir Mamma 'n rosie.

My knie het 'n rofie, want ek het geval.

Ek sien met my klein ogie 'n hasie agter die kas.

Ek hou daarvan om 'n kasie in my kosblik te kry.

Ons kook kos op 'n stofie.

16 • WEEK 1 • WOENSDAG

Verkleinwoorde met **-ie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

**BL 7**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.




## GEDEELDE LEES — Woordeskat

**BL 2–6**
**15 min**




**Lees**

- Wys en lees hierdie week se woordeskatwoord (op die bord of flitskaarte).

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| steenkool | klip | rook | myn | oppervlak |

- Lees weer die storie saam met die klas.

**Woordsoek**

- Terwyl jy lees, soek leerders woordeskatwoord in die LAB-teks. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord. Sommige woorde sal meer as een keer voorkom.

**Leerders sorteer die flitskaarte** in alfabetiese volgorde.

## SKRYF — Woordeskat

**BL 17**
**15 min**


DATUM

Woordeskat

steenkool, rook, klippe, myn, oppervlak

Voltooi die tabel.

| Woordeskatwoord | Betekenis |
|---|---|
| | 'n Natuurlike materiaal wat baie hard is. Dit bedek die oppervlak van die aarde. |
| | 'n Swart materiaal wat verbrand word om vuur te maak. |
| | Die swart, grys of wit gas wat agterbly wanneer iets brand. |
| | 'n Diep gat in die grond waar dinge soos steenkool uitgegrawe word. |
| | Die boonste laag van iets. |

Skryf die woordeskatwoorde in alfabetiese volgorde.

WEEK 1 • WOENSDAG • 17

**Mondeling**

- Verduidelik die aktiwiteit op bl. 17 in die LAB vir die klas.

**Skryf**

- Voltooi die skriftelike aktiwiteite in die LAB. Sien na en korrigeer.
- Leerders kopieer die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Sit die flitskaarte** op die Woordmuur.

## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe

- **Onafhanklike Werk:** *Wat dryf?*
- Leerders skryf antwoorde vir die vrae in hul oefenboeke.

**BL 18**
**30 min**


DATUM

Wat dryf?

**Inleiding**
Wanneer iets op water dryf, bly dit bo-op die water en sink nie dadelik na die bodem nie. Ons kan 'n eksperiment doen om te sien wat op water kan dryf.

Eksperiment

**Benodigdhede**
1 klip
1 blaar
1 plastieklepel
'n Bak met water

**Metode**
Sit die klip in die water.
Sit die blaar in die water.
Sit die plastieklepel in die water.

**Waarneming**
Die klip sink na die bodem.
Die blaar dryf op die water.
Die plastieklepel dryf op die water.

**Gevolgtrekking**
Party goed dryf en ander goed sink. Party goed dryf eers en sink dan. Dink aan watter soort goed kan dryf.

Teken 'n prent om hierdie eksperiment te demonstreer.

18 • WEEK 1 • WOENSDAG

---

## AANVANGSKENNIS

### Eksperimenteer om tee te maak

**Lees en bespreek**
- Lees die instruksies vir die eksperiment.
- Leerders maak 'n voorspelling of, in wetenskaplike taal, vorm 'n hipotese.

**Doen**
- Doen die eksperiment as 'n klas.
- Leerders observeer terwyl die onderwyser die kookwater in die koppie gooi.
- **LW: MOENIE die leerders naby die kookwater toelaat nie.**
- Hou tyd van die eksperiment en vra die leerders om te beskryf wat hulle waargeneem het.

**Skryf**
- Leerders vul hul waarnemings en gevolgtrekkings op bl. 20 in die LAB in.

**BL 19**
**30 min**


DATUM

Eksperimenteer om tee te maak

Om tee te maak is 'n **proses**. Teeblare word in water geweek sodat die geur van die tee uit die blare in die water gaan.

**Wat dink jy?**
Sal die tee sterker wees as jy dit met koue water of met kookwater maak? Skryf jou voorspelling hier.

**Benodigdhede**
- 2 teesakkies
- 100 ml koue water
- 'n Vel papier en 'n pen
- 2 glasbekers of koppies
- 100 ml kookwater
- 'n Tydhouer

**Metode**
1 Maak 2 kruise op die papier, omtrent 20 cm uit mekaar.
2 Plaas 'n beker op elke kruis en sit 'n teesakkie in elke beker. Merk een beker A en die ander een B.
3 Gooi 100 ml koue water in beker A en 100 ml kookwater in beker B.
4 Stel die tydhouer vir 5 minute.
5 Haal die teesakkies aan die einde van die vyf minute uit die bekers. Kyk in die bekers.

**Waarneming**
Kan jy die kruis in beker A sien?
Kan jy die kruis in beker B sien?

**Gevolgtrekking**
Die water om tee te maak moet
wees, want

WEEK 1 • WOENSDAG • 19

---

## UITVOERENDE KUNSTE

### Luister na Suid-Afrikaanse musiek

**Berei voor**
- Kies twee verskillende opnames van Suid-Afrikaanse liedjies. Hierdie liedjies kan enige genre en uit enige era wees.
- Maak seker dat die liedjies nie kru- of beledigende taal bevat nie.
- Indien moontlik, sluit musiek in wat tromme of ander Afrika-instrumente bevat.

**Klasbespreking**
- Warm op deur 'n bekende liedjie te sing.
- Speel die twee opnames vir die klas.
- Vra die leerders van watter liedjie hulle die meeste hou en hoekom. Stem.
- Speel die gunstelingliedjie weer.

**30 min**



---

## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

**25 min**



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT — Beskryf ’n eksperiment

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink aan die eksperiment met tee wat julle gister waargeneem het.
- **Pare:** Werk saam met jou maat en probeer stap-vir-stap onthou wat julle gesien het.
- **Deel:** Een paar doen hul aanbieding oor wat hulle van die eksperiment onthou het vir die klas. Die res van die klas voeg by.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.



## KLANKE — Voltooi die sinne

BL 20
15 min




Verkleinwoorde met **-ie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 7
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.






## GEDEELDE LEES — Taal

15 min




**Stel die sinne bekend**
- Lees die sinne op die bord.
- Leerders vind en onderstreep die sinne in die teks op bl. 2–7.

**Werk met sinne**
- Identifiseer en omkring al die selfstandige naamwoorde in die sinne. (kos, *Bitiwe*, *Salani*, *broers*)
- Noem al die leestekens. (*aanhalingstekens*, *hoofletters*, *komma*, *vraagteken*, *punt*)
- Hersien die doel van aanhalingstekens. (*om die direkte rede te wys*) Identifiseer die spreker.
- Watter sin van Bitiwe is ’n vraagsin? Hoe weet ons dit?
- In watter tydvorm is Salani se woorde? (*toekomende tyd*)

**Direkte rede**
- Demonstreer hoe om een van die spraakborrels in die direkte rede te skryf:
- “Kyk na hierdie klippe, Salani!” het Bitiwe gesê.



## SKRYF — Taal

BL 21
15 min




**Skryf**
- Voltooi die bladsy in die LAB.

## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 22

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe

- **Onafhanklike Werk:** *Wat smelt?*
- Leerders skryf hul antwoorde vir die vrae in hul oefenboeke.


DATUM

Wat smelt?

**Inleiding**
Wanneer iets in die son smelt, verander dit van 'n vastestof na 'n vloeistof. Ons kan 'n eksperiment doen om te kyk wat in die son smelt.

**Eksperiment**

**Benodigdhede**
1 blokkie ys
1 blokkie sjokolade
1 potlood

**Metode**
Sit die ys in die son.
Sit die sjokolade in die son.
Sit die potlood in die son.

**Waarneming**
Die ys smelt. Dit word water.
Die sjokolade smelt. Dit word sag.
Die potlood bly dieselfde.

**Gevolgtrekking**
Party goed smelt in die son. Party goed nie.

Teken 'n prent om die eksperiment te demonstreer.

22 • WEEK 1 • DONDERDAG

## AANVANGSKENNIS Natuurlike en geprosesseerde kos

30 min

**Stel bekend**
- Verduidelik dat kos wat geprosesseseer word, dikwels ekstra bestanddele soos sout, suiker of vet bevat om dit smaakliker te maak, chemikalieë wat dit perserveer sodat dit langer kan hou, kleursel om dit aantrekliker te maak, ens. Hierdie ekstra bestanddele is nie altyd goed vir ons nie.
- Wys prente of voorbeelde van mieliemeelpap en baie kleurvolle ontbytgrane.

**Bespreek**
- Stel vrae:
  1. Wat is die voordele van geprosesseerde kos?
  2. Watter soort kos is gesonder – natuurlike of geprosesseerde kos?

**Groepe**
- Leerders bespreek die vrae in hul groepe.

## UITVOERENDE KUNSTE Analiseer liedjies

30 min

**Stel bekend**
- Herinner leerders aan die liedjies waarna hulle op Woensdag geluister het.
- Speel weer die liedjies.

**Groepwerk**
- In hul groepe bespreek leerders:
  - die tempo (spoed) van elke liedjie
  - die dinamika (hard of sag) van elke liedjie
  - die toonkleur (kwaliteit van elke noot, bv. grof, soet, ens.) van elke liedjie

**Klasbespreking**
- Verduidelik dat baie Suid-Afrikaanse liedjies 'n soortgelyke tempo (spoed), dinamiek (hardheid of sagtheid) en toonkleur (kwaliteit van die toon) het, wat dit baie spesiaal maak.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wat het jy hierdie week uitgevind wat vir jou interessant was? Het jy enige vrae oor dit wat jy geleer het?
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel** met die klas.

## KLANKE — Diktee

BL 23
10 min




- Volg die riglyne vir diktee op bl. 8.

**Sinne:**
Sin 1: **Die hasie vlug vir die kat.**
Sin 2: **Daar bly 'n skapie op die plaas.**
Sin 3: **Ek pluk vir jou 'n rosie.**

## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 7
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.




## LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**

- Lees hierdie week se OW-tekste op bl. 27, 32, 36, 40 en 42 hardop **vir** die klas. Leerders volg in hul boeke.
- Elke teks beskryf 'n eenvoudige eksperiment. Watter eksperiment sal jy by die huis doen? Hoekom?

**Sien na**

- Parafeer slegs of lewer 'n algemene kommentaar op die leerders se antwoorde.

## ONAFHANKLIKE SKRYF — Oorvertelling van 'n eksperiment

15 min

- Skryf oor 'n eksperiment wat jy hierdie week gesien het (tee eksperiment).
- Verduidelik stap-vir-stap wat gebeur het.
- **Kyk vir:** Korrekte volgorde, alle stappe is genoem, verstaan die doel van die eksperiment.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe



- **Onafhanklike Werk**: *Wat rol?*
- Leerders skryf antwoorde vir die vrae in hul oefenboeke.

BL 24

30 min



DATUM

Wat rol?

**Inleiding**
Party goed kan maklik beweeg. Teen 'n skuinste sal party goed afrol. Ons kan 'n eksperiment doen om te kyk wat rol.

Eksperiment

**Benodigdhede**
1 bal
1 potlood
1 skerpmaker

**Metode**
Plaas die bal aan die bopunt van die skuinste.
Plaas die potlood aan die bopunt van die skuinste.
Plaas dit skerpmaker aan die bopunt van die skuinste.

**Waarneming**
Die bal rol af.
Die potlood rol af.
Die skerpmaker beweeg nie.

**Gevolgtrekking**
Party goed kan teen 'n skuinste afrol. Ander goed kan nie. Dink aan die vorms van hierdie voorwerpe.

Teken 'n prent om die eksperiment te demonstreer.

24 • WEEK 1 • VRYDAG



## AANVANGSKENNIS

### DBO-werkboektyd

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur die vorige week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 49, Plante – wat ons van dit kry, bl. 34 en 35.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2, bl. 75.






## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week, het ek:**

- **die LAB-boeke en oefenboeke ingeneem**
- **nagesien en gekorrigeer** en areas geïdentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning benodig.
- **terug verwys na die Weeklikse Oorsig**, en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele een-tot-een onderrigtyd of individuele leesoefening met my moet kry.

**Ek het 'n tyd in volgende week geskeduleer vir:**

- **enige klassikale opvangwerk** of algemene terugvoering soos benodig.
- **individuele**, een-tot-een onderrig byvoorbeeld wanneer die klas besig is, of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir die volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en dat ek alles het wat ek benodig om die week te begin.



# Produkte en prosesse

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Oefen om 'n begripstoets te skryf
- 'n Eksperiment oor hoe om nuwe kleure te maak verstaan
- Lees oor prosesse en produkte, wat klei insluit
- Prente oor materiale uit die aarde identifiseer en byskrifte byvoeg
- Die proses om glas te maak verstaan
- Luister na en reageer op grappies en raaisels
- Meer kenmerke van direkte en indirekte rede identifiseer
- 'n Kort prosedure, weergawe/eksperiment skryf
- Met papiermaché werk om 'n voorwerp te skep
- Verskillende Suid-Afrikaanse inheemse musiekinstrumente verken.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte** (Engels op die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | steenkool | klip | rook | myn | oppervlak |
| | *coal* | *rock* | *smoke* | *mine* | *surface* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | produk | proses | eksperiment |
| | *product* | *process* | *experiment* |

**Sinne**

*"Hoe gaan ons ons kos kook?" het Bitiwe gevra.*
*Salani het gesê: "Hierdie keer neem ons ons broers saam."*

## BENODIGDHEDE

- Leerders se oefenboeke
- Kunsvoorraad: koerantpapier, gom – óf verdunde houtgom óf pasta gemaak van meel en water, verf
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Handskrif

**Informeel:** Spoedlees van woorde, Skryf (eksperiment), Leesbegrip, Vlotheidleesoefeningtyd, AK-aktiwiteite

# Grappies en raaisels vir kinders

1. Raai-raai: Wat het die een boek vir die ander boek in die biblioteek gesê?
   *Sjuut, moenie hard lees nie!*

2. Die pastoor vra vir die kinders in die kerk: "Liewe kinders, waaroor moet ek vandag vir julle preek?"
   *Kevin steek sy hand op. "Pastoor, ek dink: sê 'Amen', dan kan ons huis toe gaan."*

3. Raai-raai: As jy my doodmaak, sal ek langer leef, maar as jy my laat lewe, gaan ek gou-gou dood. Wat is ek?
   *Kers*

4. Raai-raai: Oral waar ek gaan, gaan my huis ook saam.
   As jy aan my raak, bly ek in my huis, want ek is baie skaam.
   *Skilpad*

5. Juffrou vra: "Klas kan julle asseblief jul huiswerk uithaal sodat ons dit kan merk?"
   *Carol steek haar hand op. "Jammer, Juffrou, my mamma sukkel nog met die laaste som."*

6. Mamma vra haar seun na skool: "Sjoe, boeta, jy lyk baie moeg. Julle het seker vandag baie in die skool geleer."
   *"Nee," antwoord hy kwaad. "Ek moet dan môre teruggaan."*

7. Hoekom was die wiskundeboek so hartseer?
   *Want dit het baie probleme gehad.*

8. Raai-raai, wat is ek? As ek vir my kyk, kyk jy ook.
   As ek lag, lag jy ook.
   As ek my hare borsel, borsel jy ook.
   As ek my tong uitsteek, doen jy dit ook.
   Wat is ek?
   *Spieël*

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT — Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het julle enige spesiale nuus? Wat het julle oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel vir jou maat van jou nuus. Reageer gaaf teenoor mekaar.

- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker alle leerders kry elke kwartaal 'n geleentheid.
  - Teken waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*).



## KLANKE — Voltooi die blokkiesraaisel

BL 26
15 min




Verkleinwoorde met **-jie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 25
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.



## LEES — Onderwyser lees hardop

OG BL 39
15 min



**Vóór lees**
- Wat is 'n grap? (*'n kort storie wat jou laat lag*)
- Wat is 'n raaisel? (*'n oulike probleem wat jou laat dink; dit mag of hoef nie snaaks te wees nie*)
- Verskaf 'n doel om te luister: Luister na hierdie grappies en raaisels en dan gaan ons oor elkeen gesels.

**Lees elke grappie of raaisel vir die leerders**

**Ná lees**
- Vra: Watter grappie was die snaaksste? Hoekom?
- Watter raaisel was die interessantste? Hoekom?

## E-KLASKAMER

15 min



- Onderrig 'n les van die E-klaskamer.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe



- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne

BL 27
30 min






## AANVANGSKENNIS — Materiale uit die aarde

BL 28
30 min

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Dink aan goed wat uit die aarde kom, wat ons gebruik.
- **Pare:** Vertel vir jou maat jou idees, bv. klei, sand, klippe, goud, ensovoorts.
- **Deel** met die klas.

**Lees en bespreek**

- Vra: Wat gebruik ons elke dag wat uit die aarde kom?

**Doen**

- Kleur die prente in.






## VISUELE KUNSTE — Bakke van papiermaché

30 min

**Berei voor**

- Sê vir die leerders om 'n klein plastiekbakkie van die huis af saam te bring.
- Berei 'n bakkie gom vir elke groep voor – óf verdunde houtgom óf gom gemaak uit meel en water (*gelyke hoeveelhede van meel en water wat gemeng word totdat dit glad is*)
- Skeur die koerantpapier in stroke van 2 cm.
- Bedek die werksplekke met koerantpapier.

**Tydens die les**

- Wys vir die leerders bakkies en koppies wat van verskillende materiale gemaak is.
- Verduidelik dat om goed soos bakkies en koppies te maak, dit makliker is om 'n vorm te gebruik.
- Doop die stroke koerantpapier in die gom en plaas dit laag vir laag oor die klein bakkie.
- Omtrent 5 lae.

**Laat dit droog word**

- Die leerders gaan dit die volgende dag voltooi.





## LIGGAAMSOPVOEDING — Inleiding

30 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# DINSDAG



## LUISTER EN PRAAT — Bespreek die storie

**15 min**



**Deel-pare-deel**
- **Dink:** Dink aan al die grappies en raaisels wat jy die vorige dag gehoor het.
- **Pare:** Vertel vir jou maat van watter grappie of raaisel jy die meeste gehou het. Sê hoekom.
- **Deel:** Deel met die klas.

**Vanaand**
- Dink aan 'n grappie of raaisel om vir die klas te vertel.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.



## KLANKE — Vul die ontbrekende klanke in

**BL 29**
**15 min**




Verkleinwoorde met **-jie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

**BL 25**
**10 min**




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.



## GEDEELDE LEES — Leesbegrip

**BL 30**
**15 min**




**Gedeelde Lees**
- Lees die begripsteks in die LAB saam met die leerders.

**Vrae**
- Lees die begripsvrae op die teenoorstaande bladsy.
- Verduidelik enige vrae wat die leerders dalk nie verstaan nie.



## SKRYF — Leesbegrip

**BL 31**
**15 min**




**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Kontroleer en korrigeer.**
- Gaan saam deur die antwoorde. Leerders merk self.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 32
30 min




- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Van klei tot op die tafel*



## AANVANGSKENNIS

### Materiale uit die aarde

BL 33
30 min




**Lees en bespreek**

- Hersien wat die leerders oor materiale uit die aarde weet.
- Kyk na die toepaslike aktiwiteit en bespreek die verskillende materiale.

**Pas**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.



## VISUELE KUNSTE

### Bakke van papiermaché (vervolg)

30 min



**Aktiwiteit (versier)**

- Verwyder die droë bakkie van die vorm.
- Knip die rante gelyk met 'n skêr.
- Verf die binne- en buitekant met 'n basiskleur.
- Versier met verskillende ontwerpe in ander kleure.
- Vernis indien moontlik.

**Stal uit en bespreek**



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min



- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Vertel ’n grappie of raaisel

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink** aan ’n grappie of raaisel.
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel:** Wie wil graag met die klas deel? Ons sal môre na nóg luister.
- Teken jou waarneming in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Skryf sinne

BL 34
15 min




Verkleinwoorde met **-jie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 25
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.




## GEDEELDE LEES — Oorsig van woordeskat en taal

15 min




**Lees**

- Lees die flitskaarte van verlede week:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| steenkool | klip | rook | myn | oppervlak |

**Sien na**

- Leerders kontroleer verlede week se woordeskataktiwiteit in die LAB en korrigeer.
- Skryf die sinne met leestekens op die bord.
- Leerders kontroleer hul eie leestekens.

## SKRYF — EAT

BL 35
15 min




**Woordeskat**

- Praat oor hoe om die flitskaartwoorde in Engels te sê. Draai elke flitskaart om en sê die woord in:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| steenkool | klip | rook | myn | oppervlak |

**Sin**

- Bespreek hoe om die sleutelsin in Engels uit te druk.
- Let op na die direkte rede en aanhalingstekens in Engels.
  “Hoe gaan ons ons kos kook?” het Bitiwe gevra.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en korrigeer die antwoorde as ’n klas.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Van klei tot bierpot*

BL 36

30 min






## AANVANGSKENNIS

### Van sand tot glas

**Lees en bespreek**
- Lees die proses om glas te maak op bl. 37 in die LAB.
- Bespreek die verskillende metodes om glas te maak.
- Noem verskillende glasprodrukte.

**Skryf**
- Beantwoord die vrae op bl. 37 in die LAB.

BL 37

30 min






## UITVOERENDE KUNSTE

### Suid-Afrikaanse instrumente

**Berei voor**
- Voor die les: Versamel enige Afrika-musiekinstrumente wat jy kan kry OF kry prente en opnames van die instrumente. Byvoorbeeld: https://thumbs.dreamstime.com/z/african-traditional-musical-instruments-vector-contour-set-music-billboard-66278624.jpg

**Klasbespreking**
- Vra vir die leerders watter musiekinstrumente hulle kan opnoem.
- Wat word in Afrika-musiek gebruik? (bv. *perkussie: trom/djembe, skudders, ratels; melodieus: boogsnaar, vingerklavier (mbira), xilofoon/ marimba; windinstrumente: horings, rietfluite, ens.*)
- Leerders bespeel die instrumente of luister na opnames. Bespreek die verskillende klanke – hard, skerp, deurdringend, sag, melodieus, ens.

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

25 min



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT — Vertel 'n grappie of raaisel

15 min



**Pare-deel**

- Herhaal die vorige dag se aktiwiteit met meer leerders wat 'n grap vertel of raaisel vra.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.



## KLANKE — Voltooi die sinne

BL 38
15 min




Verkleinwoorde met **-jie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 25
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.






## LEES — Vlotheidsoefening

BL 39
15 min




**Lees in pare**

- Die maats lees die teks beurtelings.
- Hou tyd vir elke leesbeurt (1 min elk.) Skryf die aantal lyne gelees neer.
- Herhaal.

**Gee terugvoering**

- Lees die teks saam met die leerders.
- Leerders omkring enige woorde wat hulle verkeerd gelees het.
- Moedig hulle aan om die leesteks tuis te oefen.



## GEDEELDE SKRYF — Skryf resultate van 'n eksperiment neer

15 min




**Berei voor**

- Jy het 'n deursigtige beker nodig gevul met water, 'n teelepel en suiker.

**Bespreek**

- Watter eksperiment het julle hierdie kwartaal gedoen of oor gelees? (*Wat los op/dryf/ smelt/rol? Eksperimenteer met tee.*)

**Skryf resultate van eksperiment neer**

- Doen die eksperiment: Plaas 'n paar teelepels suiker in die water en roer. Maak seker die leerders kan almal sien.
- Maak saam met die leerders notas onder die korrekte opskrifte. Skryf 'n paar woorde of frases, nie sinne nie.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 40

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Van klei tot teëls*






## AANVANGSKENNIS

### Oorsig van konsep

30 min

**KWL-kaart**
- Help die leerders om die laaste twee rye te voltooi.

**Aanvaar/verwerp**
- Hou 'n tweetalige flitskaart vir elke woord op en vra die vrae.

| proses | produk | eksperiment |
|---|---|---|
| 1. Hoe iets gemaak word.<br>2. Iets wat jy kan koop.<br>3. Die oes van mielies of koring. | 1. Glas, mielies of potterbakkerskoppies.<br>2. Iets wat ons kan gebruik.<br>3. Die manier waarop iets gemaak word. | 1. Om tee te maak.<br>2. Baie bome saam maak 'n woud.<br>3. 'n Versigtig beplande toets om iets uit te vind. |

**EAT:** process, product, experiment



## UITVOERENDE KUNSTE

### Afrika-musiekinstrumente

30 min

**Warm op**
- Krul op en strek die ruggraat totdat jy ontspanne is.

**Groepwerk**
- Indien enige instrument beskikbaar is, laat die leerders beurtelings daarmee eksperimenteer.
- Indien daar geen instrumente is nie, speel Afrika-instrumentale musiek en leerders klap dan die ritme met hul hande of stokke.

**Sluit af**
- Leerders beweeg vryelik op die maat van Afrika-instrumentale musiek.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink na oor enigiets nuut wat julle hierdie week geleer het. Voel jy anders oor party materiale? Het jy dalk iets opgemerk waarna jy nie vantevore opgelet het nie?
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel** met die klas.

## KLANKE Spoedlees woorde

BL 41
10 min



DATUM

Spoedlees woorde

Lees vir een minuut.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| katjie | voël | muisie | prent | varkie |
| rowe | matjie | hartjie | heerlik | boekie |
| julle | vlerkie | potjie | bootjie | pragtig |
| duiwe | draf | flitsie | hutjie | ogie |
| hulle | vlooi | lyfie | tertjie | rustig |
| ketel | grof | flou | nodig | hael |
| huisie | vlieg | liefde | dae | lelik |
| voetjie | brief | stertjie | koekie | pootjie |
| gogga | broekie | loflied | vrae | stadig |
| besem | gleuf | foutjie | matjie | bogie |

Hoogste telling: ________ woorde

WEEK 2 • VRYDAG • 41

- Volg die riglyne vir spoedlees van woorde op bl. 8.

## HANDSKRIF Sinne (lopende skrif)

BL 25
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.




## LEES Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**
- Lees hierdie week se OW-tekste op bl. 27, 32, 36, 40 en 42 hardop vir die klas. Leerders volg in hul boeke.
- Ná elke teks, lees die vraag/vrae. Gee die antwoorde vir die tekste vir Maandag tot Donderdag. Leerders merk self.

**Bespreek die teks**
- Watter teks was vir jou die interessantste? Hoekom?
- Het jy enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**
- Parafeer slegs. Let op wie nie in staat is om te lees of vrae te beantwoord nie.

## SKRYF Skryf resultate van 'n eksperiment neer

15 min




- Kyk na een Onafhanklike Leesteks van Week 1.
- Hersien die uitleg en leestekens met die skryf van 'n eksperiment.
- Leerders gebruik die Gedeelde Lees-notas om 'n eksperiment in die korrekte formaat, en in sinne vir die laaste drie kategorieë, te skryf.

**Sien na**
- **Kyk vir:** korrekte uitleg, opskrif is onderstreep, korrekte leestekens, duidelike sinne met die laaste drie kategorieë, korrekte spelling van hoëfrekwensiewoorde.

## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 42
30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Van klei tot speelgoed*




## AANVANGSKENNIS DBO-werkboektyd

30 min

**Sien na en gee terugvoering**
- Gaan saam deur die vorige week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**
- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 52, Van klei tot baksteen, bl. 40–41.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2, bl. 84.




## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bladsy 24 en 25.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **die LAB'e en oefenboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**
- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Rampe

Hierdie tema strek oor **drie weke**. Dit het een Gedeelde Lees-teks vir al drie weke. Langs elke bladsy van die Gedeelde Lees-teks is 'n begripsoefening. Die ses begripsoefeninge sal oor die drie weke voltooi word, twee per week, soos in hierdie gids verduidelik word. Daar sal as gevolg hiervan geringe afwykings van die geletterdheidsrooster wees.

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Die verskil tussen natuur- en mensgemaakte rampe verstaan
- Meer leer oor rampe wat deur vure veroorsaak word
- 'n Teks oor 'n historiese vulkaan by Pompeii lees
- Koerantartikels oor ongewone weerstoestande onafhanklik lees
- Gesprekke oor die nuus in pare hê
- 'n Paragraaf skryf oor nuus wat hulle interesseer
- Twee begripstoetse wat woordeskat- en taalitems insluit, voltooi
- In Skeppende Kunste oor perspektief leer.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte** (Engels op die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | ontploffing | berg | lawa | as | enorm |
| | *explosion* | *mountain* | *lava* | *ash* | *enormous* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | ramp | natuurramp | mensgemaakte ramp |
| | *disaster* | *natural disaster* | *human disaster* |

## MATERIALE

- Oefenboek vir Skryf, Onafhanklike Lees-antwoorde en Handskrif
- Kunsvoorraad: verf, kryte, papier, liniaal en potlood
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Onafhanklike Skryf (interessante nuus), Leesbegrip, Handskrif, OW-antwoorde

# Wat is rampe?

*Die volgende storie is 'n inleiding tot Lewensvaardigheidtema oor rampe. Lees dit op Maandag vir die klas (sien OG bl. 52). Leerders kan na die prente op bl. 63 in die LAB kyk terwyl jy dit hardop lees.*

Rampe is goed wat skielik kan gebeur en baie skade kan versoorsaak, en mense, diere en die omgewing kan beseer.

Sommige rampe staan bekend as natuurrampe omdat dit deur natuurlike goed soos die weer of die beweging van die aarde se kors veroorsaak word.

Rampe wat deur die weer veroorsaak word, sluit oorstromings, droogtes en tropiese siklone in. Dit gaan gepaard met baie reën en wind wat baie skade kan aanrig. Veldbrande in woude word soms deur weerlig veroorsaak.

Voorbeelde van natuurrampe wat deur die beweging van die aarde se kors veroorsaak word, is aardbewings, tsunami's en vulkane. Wanneer 'n aardbewing plaasvind, beweeg die grond en veroorsaak skade aan geboue en die natuur. 'n Tsunami is 'n enorme groot brander wat ontstaan deur 'n ondersese aardbewing. Die water veroorsaak groot skade wanneer dit die land bereik. Jy gaan hierdie week meer oor vulkane leer.

Sommige rampe word deur mense veroorsaak. Baie brande word veroorsaak deur mense wat nalatig is met vuurhoutjies of kerse. Sommige natuurrampe word ook deur mense veroorsaak. Wetenskaplikes glo dat rampe, soos droogtes en oorstromings, die gevolg van klimaatsverandering is.









Rampe affekteer mense op verskillende maniere. Dit kan skade aan huise, geboue en paaie veroorsaak en dit moeilik maak vir mense om rond te beweeg of om 'n veilige plek te vind om te bly. Dit kan ook beserings of selfs die dood van mense en diere wat in die middel van so 'n ramp was, veroorsaak.

Rampe kan ook die omgewing affekteer deur skade aan plante en diere te veroorsaak. Oorstromings kan landerye, plante en diere wegspoel, terwyl brande die woude en die diere wat daar leef, vernietig.

Alhoewel natuurrampe skrikwekkend kan wees en baie skade veroorsaak, is dit belangrik om te onthou dat daar mense en organisasies is wat mense en diere help wat deur rampe getref is. Hierdie helpers staan bekend as "eerste reageerders" en sluit brandweerbeamptes, polisie, paramedici en hulporganisasies in. Hulle werk is om mense veilig te hou en hulle help om na 'n ramp te herstel.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT Nuus

15 min



**Verduidelik**
- Daar is familienuus, gemeenskapnuus, Suid-Afrikaanse nuus en wêreldnuus. Ons leer van die nuus deur koerante, TV, die Internet en ander mense.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink aan enige algemene nuus wat jy oor die naweek gehoor het.
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel:** 'n Paar leerders deel van hul nuus met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*)
- Hierdie week in Onafhanklike Lees gaan ons **koerantberigte** lees. Maar dit is nie die enigste bron van nuus nie. Probeer om na die nuus op TV of oor die radio te luister.



## KLANKE Vind die verkleinwoorde

BL 57
15 min




Verkleinwoorde met **-jie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF Sinne (lopende skrif)

BL 56
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.



## LEES Onderwyser lees hardop

OG
BL 51
15 min



**Voor lees**
- Stel die onderwerp van rampe bekend. Weet julle wat 'n ramp is? Het jy al van enige rampe gehoor?
- Verskaf 'n doel om te luister: Luister om uit te vind oor verskillende soorte rampe.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**
- Wanneer vind rampe plaas?
- Kan julle enige voorbeelde van natuurrampe noem?
- Kan julle enige voorbeelde van mensgemaakte rampe noem?
- Watter soort skade kan rampe veroorsaak?
- Is ons reg om bang te wees vir rampe?

## MONDELINGE BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op klankleesboeke gebaseer is.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne

**BL 58**
**30 min**






## AANVANGSKENNIS

## Natuurrampe

**Stel die konsep bekend**

- Was julle al ooit in 'n baie erge storm? Hoe het jy gevoel?

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wat weet julle van rampe?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** met die klas.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart (LAB bl. 59)**

- Skryf die leerders se bydrae in ry 1 van jou KWL-kaart op die bord.
- Vra: Wat wil julle graag hierdie week oor rampe leer? Skryf dit in ry 2.
- Leerders kies een item uit elke ry om op hulle KWL-kaarte te skryf.

**BL 59**
**30 min**






## VISUELE KUNSTE

## Perspektief

**Perspektief**

- Verduidelik dat, terwyl prente op 'n plat velle papier geteken word, werklike lewe nie 2D is nie, maar 3D.
- Skilders laat plat prente lyk asof dit realisties en 3D is deur goed soos perspektief te gebruik.

**Bekyk die prent van naby**

- Wat let jy omtrent die bome op?
- Wat let jy omtrent die geboue op?
- Wat let jy omtrent die pad op?

- Help die leerders besef dat die pad nouer raak soos dit na die horison gaan.
- Sê vir die leerders dat daar waar die pad die horison ontmoet, die verdwynpunt is.
- Skryf die woorde op die bord: horison verdwynpunt
- Vra die leerders om dit op die prent te wys.

**Klasbespreking**

- Dink julle goed naby die horison lyk verder weg?

**Voltooi die aktiwiteite in die LAB**

**BL 60**
**30 min**






## LIGGAAMSOPVOEDING

## Inleiding

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

**30 min**



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Gesprekke oor die nuus

15 min



**Verduidelik**

- Bespreek die idee van ’n **gesprek** om nuus te deel. In ’n gesprek maak mense beurte om te praat en om te luister na mekaar se nuus en idees.
- Vandag gaan ons fokus daarop om beurte te maak.

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Watter algemene nuus het julle gister gehoor?
- **Pare:** Gesels met jou maat oor die nuus wat jy gister gehoor het. Elkeen kry ’n beurt om te praat, maar ook om te luister. Luister baie mooi.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**By die huis**

- Kyk of vra oor vandag se nuus vir môre se les.

## KLANKE — Skryf die woorde reg oor

BL 61
15 min




Verkleinwoorde met **-jie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 56
10 min

- Skryf twee sinne in julle oefenboeke.




## GEDEELDE LEES — Woordeskat en begrip

BL 44–49
15 min




Lees eers die hele storie, en werk dan met individuele bladsye. Neem kennis dat die storie op elke tweede bladsy voortgesit word.

**Voor lees**

- Lees en bespreek die titel kortliks. Gesels oor **berge**. Verduidelik wat die woord “ontplof” beteken.

**Gedeelde Lees**

- Lees die hele teks saam met die leerders. Wys hoe dit by die foto’s aansluit.
- Stop om enige nuwe woorde of konsepte te verduidelik, bv. deur prente of ’n sinoniem te gebruik.

**Ná lees**

- Som die teks saam met die leerders op.

## SKRYF — Woordeskat

BL 44 en 46
15 min




**Stel die woordeskatwoorde bekend**

- Lees die flitskaartwoorde. Die woorde is almal op die eerste en tweede bladsy van die teks (bl. 44 en 46).

**Woordsoek**

- Lees weer die eerste twee bladsye van die teks saam met die klas. Lees dan die hele teks.
- Terwyl jy lees, soek leerders woordeskatwoord in die LAB-teks. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord. Sommige woorde sal meer as een keer voorkom.

**Skryf**

- Leerders kopieer die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Sit die flitskaarte** op die Woordmuur.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Groot branders tref Wes-Kaapse kuslyn*

BL 62
30 min



DATUM

Groot branders tref Wes-Kaapse kuslyn

Die Wes-Kaap het hierdie week ongewone groot branders in die see gehad. Branders was op party plekke tot sewe meter hoog. Daar is 'n waarskuwing uitgereik dat niemand naby die branders moes gaan nie omdat jy meegesleur kon word.

Die Kalkbaaise visserman, Jon Samuels, het gesê: "Ek was gister besig om saam met my kleinseun, Trevor, by die hawemuur vis te vang. Ek kon sien dat die water rof was. Die branders het al hoe groter geword. Ek het een baie hoë brander gesien. Dit was so hoog soos 'n dubbelverdiepinggebou."

Trevor Samuels (8 jaar oud) het gesê: "My oupa het gesê dat ek agtertoe moet hardloop en daar moet bly. Ek was baie bang."

Die Suid-Afrikaanse Weerdiens het gesê dat die branders deur die sterk winde veroorsaak is.

Watter mense sal hierdie artikel wil lees? Sê hoekom.

62 • WEEK 3 • DINSDAG



## AANVANGSKENNIS

### Natuur- en mensgemaakte rampe

**Bespreek**
- Wat is rampe?
- Wat of wie veroorsaak rampe?
- Lys enige rampe wat die leerders ken.
- Leerders moet in staat wees om te kan onderskei tussen rampe wat as gevolg van nalatigheid of kwaadwilligheid is, en rampe wat deur die natuur veroorsaak word of waarvoor niemand verantwoordelik is nie.

**Lees en doen**
- Lees die bladsy saam met die leerders. Bespreek die woorde natuur- en mensgemaakte rampe.
- Leerders kyk noukeurig na die illustrasies en voltooi die aktiwiteit in die LAB.

BL 63
30 min






## VISUELE KUNSTE

### Perspektief

30 min

**Bespreek**
- Leerders bespreek die prent waarna hulle die vorige dag gekyk het.
- Hersien die woordeskatwoorde wat hulle geleer het – horison, verdwynpunt, perspektief.

**Aktiwiteit**
- Gee vir elke leerder 'n vel A3-papier, 'n liniaal en 'n potlood.
- Draai die bladsy horisontaal/landskap – sodat die langer kant van links na regs wys.
- Laat hulle 'n horisontale lyn regoor die bladsy omtrent 2/3 van die boonste deel van die bladsy af, trek – dit sal die horison wees.
- Maak 'n merk met 'n potlood op hierdie lyn waar hulle hul verdwynpunt wil hê.
- Merk twee punte op die onderste deel van die bladsy omtrent ¼ van die hoek af.
- Gebruik die liniaal om hierdie punte met die verdwynpunt op die horison te verbind om 'n pad te maak.
- Teken die buitelyne van bome of geboue langs hierdie pad. Begin met die kleinste geboue/bome naby die horison en eindig met die grotes naby die onderpunt van die bladsy. Die geboue kan mekaar oorvleuel.
- Gebruik nou 'n liniaal om 'n vertikale lyn vanaf die verdwynpunt na die onderste deel van die bladsy te maak. Hierdie kan later padmerke/tekens word.





**Bêre die tekening tot volgende week** wanneer dit voltooi sal word.



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

25 min



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT — Gesprekke oor nuus (vervolg)

15 min



**Verduidelik**
- Gaan voort met die idee van 'n gesprek. Gesels oor om te reageer op 'n spreker. Dit kan beteken om kommentaar te lewer op dit wat gesê is, of om te vra vir duidelikheid oor wat gesê is, byvoorbeeld: So, bedoel jy dat ...?

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Watter nuus het jy gister gehoor of gelees?
- **Pare:** Hou 'n gesprek met jou maat oor die nuus wat jy die vorige dag gehoor het. Wanneer dit jou beurt is om te luister, vra 'n vraag om duidelikheid te kry.
- **Deel** met die klas.

**By die huis**
- Kyk of vra oor die dag se nuus vir die volgende dag se les.
- Teken jou waarneming in jou aantekeningboek aan.



## KLANKE — Omkring die woorde

BL 64
15 min




Verkleinwoorde met **-jie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 56
10 min

- Skryf twee sinne in jul oefenboeke.






## LEES — Leesbegrip: Die antieke stad van Pompeii

BL 44–45
15 min




**Lees**
- Hersien hierdie week se woordeskatwoorde deur die flitskaarte op te hou.
- Lees weer bl. 44 (eerste bladsy van die teks) saam met die leerders.

**Vrae**
- Kyk na die ooreenstemmende begripstaak op bl. 45.
- Verduidelik: Julle hoef net na een bladsy te kyk om die vrae te beantwoord.
- Lees en verduidelik enige vrae wat jy dink die leerders moeilik mag vind.



## SKRYF — Leesbegrip: Die antieke stad van Pompeii

BL 45
15 min




**Skryf**
- Voltooi die skryfaktiwiteit op bl. 45 in die LAB.

**Kontroleer en korrigeer**
- Gaan deur die antwoorde.
- Leerders merk self of ruil boeke om.
- Hersien die doel van voegwoorde en waar dit gebruik word.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 65
30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Sterk winde tref Kaapstad*



DATUM

Sterk winde tref Kaapstad

2 Oktober 2022
Nuusverslag

Sterk winde het Kaapstad die afgelope paar dae getref. Dit het baie skade veroorsaak.

Baie bome is deur die sterk winde omgewaai. Party bome het op huise geval en dakke beskadig. Ander bome het strate geblokkeer. Die wind was só sterk dat dit selfs 'n groot trok op die hoofweg omgewaai het. Gelukkig is die bestuurder nie beseer nie.

Mev. E. Xaba, wat in 'n informele nedersetting naby Kaapstad woon, het gesê: "Die wind was so sterk dat dit my huis se dak afgewaai het. Dit het ook my hoenders tot in die bure se agterplaas gewaai."

Volgens die Suid-Afrikaanse Weerdiens is dit te wagte dat sterk winde hierdie tyd van die jaar voorkom.

Teken 'n prent om te wys wat met mev. Xaba se huis en hoenders gebeur het.

WEEK 3 • WOENSDAG • 65



## AANVANGSKENNIS Brand!

BL 66
30 min

**Bespreek**

- Lees die teks oor brande vir en saam met die leerders.
- Bespreek die prente en die idees oor die twee verskillende tipes brande.

**Beantwoord die vrae**

- Leerders voltooi die aktiwiteit op bl. 66 in die LAB.



DATUM

Brand!

Lees die onderskrifte en beantwoord die vrae.

**Huisbrande** ontstaan meestal wanneer 'n brandende kers omval en iets in die huis aan die brand steek. In informele nedersettings word baie huise van materiale soos karton en plastiek gebou. Dit kan maklik brand, en die vuur kan baie vinnig versprei. Brandbestryders help om mense na veiligheid te neem en vure te blus.

**Veldbrande of bosbrande** word soms deur weerlig veroorsaak, maar dikwels deur mense wat hul vuurhoutjies of brandende sigaretstompies neergooi. Brandbestryders slaan die vure met groot rubbervelle dood en spuit water op die vuur vanuit hul brandweerwaens. Dit neem gewoonlik baie dae om 'n veldbrand te blus.

1 Watter soort brande word deur die natuur veroorsaak?

2 Watter soort brande word deur mense veroorsaak?

3 Watter tipe persoon moet jy wees om 'n brandbestryders te wees?

66 • WEEK 3 • WOENSDAG



## UITVOERENDE KUNSTE Weer-liedjies

30 min

**Warm op**

- Warm hul stemme op deur verskillende tegnieke te gebruik – neurie, blaas lippe saam, sing een noot met oop lippe, ens.

**Berei voor**

- Bespreek liedjies oor die weer – óf inheemse liedjies óf ander liedjies wat hulle geleer het.
- Kies een liedjie en sing dit as 'n klas. Fokus op dinamika – hard/sag om by die woorde te pas.

**Groepe**

- Leerders werk in groepe van 6.
- Dinkskrum: Hoe kan ons ons stemme gebruik om verskillende weerelemente soos reën, wind, donderweer ens. uit te beeld.
- Groepe kies een weer-liedjie en berei dit voor en oefen dit om dit die volgende dag op te voer.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT — Gesprekke oor nuus (vervolg)

15 min

**Verduidelik**

- Gaan voort met die idee van 'n gesprek. Gesels oor hoe om die spreker te wees. Verduidelik dat jy 'n nuusstorie moet opsom om vir iemand anders te vertel. Jy hoef nie ál die besonderhede te gee nie.

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Watter nuus het jy gister gehoor of gelees?
- **Pare:** Gesels met jou maat oor watter nuus jy gister gehoor het. Probeer om jou nuus op 'n kort en interessante wyse aan te bied.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.





## KLANKE — Voltooi die sinne

BL 67
15 min

Verkleinwoorde met **-jie**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.






## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 56
10 min

- Skryf twee sinne in jul oefenboeke






## LEES — Leesbegrip: Die ramp

BL 46 en 47
10 min

**EAT**

- Hersien die week se woordeskatwoorde.
- Draai die flitskaarte om en stel die Engelse woorde bekend.

**Lees**

- Lees weer bl. 46 (tweede bladsy van die teks) saam met die leerders.

**Vrae**

- Kyk na die ooreenstemmende begripstaak op bl. 47.
- Verduidelik enige vrae wat jy dink die leerders dalk moeilik sal vind.






## SKRYF — Leesbegrip: Die ramp

BL 47
15 min

**Skryf**

- Beantwoord die vrae op bl. 47 in die LAB.

**Kontroleer en korrigeer**

- Gaan deur die antwoorde.
- Leerders merk self of ruil boeke om.






## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 68

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Swaar reëns in Mpumalanga en Gauteng*



DATUM

# Swaar reëns in Mpumalanga en Gauteng

15 Februarie 2023
Nuusverslag

Swaar reën het in twee provinsies van Suid-Afrika geval. In party areas het die reën oorstromings veroorsaak.

Hierdie week het dit vir drie dae aaneen in Mpumalanga en Gauteng gereën. Dit het oorstromings veroorsaak. Party skole, huise en hospitale is oorstroom. Op sommige plekke was die water heuphoogte.

Getty Simoloone (10) het gesê dat sy vir drie dae nie skool toe was nie. "Ons klaskamers is onder water," het sy gesê. "Ek dink dit het ons banke en boeke beskadig."

'n Ander leerder, Pheta Bhengu (11), het gesê: "Ons agterplaas is soos 'n swembad. Ek hoop die vuil water kom nie tot in ons huis nie."

Die polisie help die mense wie se huise oorstroom het. Kerke bied ook slaapplek vir die mense aan.

Verduidelik die skade wat 'n vloed kan veroorsaak.

68 • WEEK 3 • DONDERDAG



## AANVANGSKENNIS

**Oorsig van konsep**

30 min

**KWL-kaart (LAB bl. 59)**
- Help leerders om die laaste ry vir Week 3 te voltooi.

**Bespreek**
- Bespreek as 'n klas hoe mense wat hul huise/besittings in 'n natuurramp verloor het, mag voel.
- Maak 'n lys van die woorde wat hul gevoelens beskryf.



## UITVOERENDE KUNSTE

**Weer-liedjies (vervolg)**

30 min

**Voer op**
- Leerders voer in groepe hul weer-liedjie met verskillende dinamika (hard/sag, vinnig/stadig) op.

**Evalueer**
- Lewer kommentaar op elke groep se opvoering.





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Verduidelik**
- Nuus kan goed of sleg wees, maar dit is goed om te weet wat in die wêreld aangaan. Dit is veral lekker om na goeie nuus te luister en dit dan oor te vertel.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Hoe het die nuus wat jy hierdie week gehoor het, jou laat voel?
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel** met die klas.

## KLANKE — Diktee

BL 69
10 min




- Volg die riglyne vir diktee op bladsy 8
- Leerders voltooi die aktiwiteit in hulle oefenboeke.

**Sinne:**
Sin 1: **Ek plant ’n saadjie in die tuin.**
Sin 2: **Die kindjie dra ’n hoendjie.**
Sin 3: **Die perdjie en die hondjie speel.**

## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 56
10 min




- Skryf twee sinne in jul oefenboeke.

## LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**
- Lees hierdie week se OW-tekste op bl. 58, 62, 65, 68 en 70 hardop vir die klas. Leerders volg in hul boeke.
- Wat het jy agtergekom oor al die tekste? (*koerantberigte*)
- Lyk dit anders as ander tekste? Beskryf? (*groot opskrifte, inligting is in kolomme, ens.*)

**Sien na**
- Parafeer slegs, of maak ’n algemene kommentaar op die leerders se antwoorde.

## ONAFHANKLIKE SKRYF — Skryf oor die nuus

15 min




**Taak**
- Skryf oor die interessantste algemene nuus wat jy hierdie week gehoor het. Dit kan iets wees wat jou maat jou vertel het, nuus wat jy op TV gehoor het of iets wat in die gemeenskap gebeur het.
- Gebruik die sinsbeginners op die bord.
- Skryf ten minste een paragraaf.
- **Kyk vir** logiese goedgestruktureerde sinne en ’n regverdigde mening.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Paaie gesluit wwns sneeu in Oos-Kaap*

BL 70

30 min






## AANVANGSKENNIS

DBO-werkboektyd

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur die vorige week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 53, Ramp: Oorstromings en wat ons moet doen, bl. 42 en 43.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2, bl. 96.

30 min






## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

25 min



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e en oefenboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Rampe

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Oor internasionale verligtingsorganisasies leer
- Bewus word van watter hulp mense ná ’n ramp nodig het
- Oor reddingswerk tydens noodgevalle uitvind
- ’n Hoofstukstorie oor ’n storm lees
- ’n Breinkaart met die uitleg van algemene nuus maak
- Praat oor koerantberigte en hoe om ander mense te help
- Twee begripstoetse voltooi wat woordeskat en taal insluit.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte** (Engels op die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | kern | kors | magma | oppervlak | lae |
| | *core* | *crust* | *magma* | *surface* | *layers* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | ramp | natuurramp | mensgemaakte ramp |
| | *disaster* | *natural disaster* | *human disaster* |

## MATERIALE

- Leerders se oefenboeke
- Kunsmateriaal: verf, pastelle of viltpenne
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingaktiwiteite

## ASSESSERING

**Neem** in en merk: Handskrif

**Informeel:** Leesbegrip, AK-aktiwiteite

# Organisasies wat help

*Leerders kan na die logo's op bl. 74 in die LAB kyk terwyl jy lees.*

Wanneer rampe plaasvind, is daar baie mense wat die mense wat hul huise of besittings verloor het, of beseer is, kan help. Polisie, nooddienste en godsdienstige organisasies is dikwels die eerste wat op die toneel verskyn. Hierdie mense word eerste reageerders genoem. Ná hulle volg die organisasies wat spesifiek met rampverligting help.

Luister noukeurig na hierdie inligting oor vier verskillende hulporganisasies.

Die **Rooikruis** en **Red Crescent** is groepe wat mense tydens oorloë en natuurrampe help. Hulle is nie 'n godsdienstige groepe nie. Die Rooikruis is die naam wat hoofsaaklik in Christelike lande gebruik word. In Moslem-lande word na die organisasie verwys as die Red Crescent.

Hulle voorsien mediese hulp, kos en water, asook huisvesting aan slagoffers. Hulle help ook mense gedurende oorloë. Wanneer daar vrede is, leer hulle die mense hoe om noodhulp toe te pas.

Die Suid-Afrikaanse Rooikruisvereniging (South African Red Cross Society) is in 1921 begin.

Die **Verenigde Nasies se Kinderfonds (UNICEF**) help en ondersteun kinders en hul families wat deur rampe geaffekteer word in Suid-Afrika en die res van die wêreld.

Hulle voorsien noodvoorraad soos skoon water, kos, huisvesting en higiëne-pakkies aan gesinne wat deur rampe geaffekteer is. Gedurende oorstromings voorsien UNICEF watersuiweringstablette, waterhouers en waterbehandelingsbenodigdhede om die verspreiding van kieme wat moontlik in die water is, te verhoed. Hulle hoofdoel is om kinders se regte te beskerm en toe te sien dat hulle ondersteun word.

**Gift of the Givers** is 'n Suid-Afrikaanse verligtingsorganisasie wat mense in nood regoor die wêreld help. Dit is in 1992 deur dr. Imtiaz Sooliman, 'n mediese dokter, gestig.

Gift of the Givers gaan werk waar daar ook al nood mag wees. Vrywilligers word na verskillende plekke, waar rampe van watter aard ook al is, gestuur. Ván die vrywilligers help met reddingswerk, terwyl ander kos voorsien en nóg ander werk om areas wat beskadig is, te herbou.

Gift of the Givers
FOUNDATION

**Dokters sonder Grense (Doctors without Borders**) ook bekend as (*Médecins Sans Frontières*) stuur dokters, verpleegsters, en ander mediese personeel na rampgebiede oral oor die wêreld om beseerde mense te behandel. Die mediese personeel is almal vrywilligers en word nie vir hul dienste betaal nie. Hulle rig gewoonlik mobiele klinieke op om die mense wat nie by 'n hospitaal kan kom nie, te help. Hulle voer ook operasies in die klinieke uit sodat mense onmiddellik die nodige mediese sorg kan kry.

Hulle werk saam met die plaaslike nooddienste om nood mediese hulp te bied.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT
### Koerantberigte

15 min



**Bring 'n koerant klas toe**
- Wys vir die leerders die verskillende stories en prente.
- Kies 'n interessante, toepaslike artikel. Knip dit uit.
- Lees dit hardop. Indien dit in Engels is, probeer om dit te vertaal.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het jy oor die naweek enige algemene nuus gehoor?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir jou maat.
- **Deel:** 'n Paar leerders deel van hul nuus met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*) Probeer om môre 'n koerantberig (uitknipsel) skool toe te bring. Indien dit in Engels is, vra 'n volwassene om dit te vertaal.



## KLANKE
### Voltooi die blokkiesraaisel

BL 72
15 min




Verkleinwoorde met **-tjie**

- Doen vinnige klankherkennig van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Sien na/ merk saam.



## HANDSKRIF
### Sinne (lopende skrif)

BL 71
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.



## LEES
### Onderwyser lees hardop

OG
BL 63
15 min



**Vóór lees**
- Wanneer daar 'n ramp is, het mense hulp nodig. Wie dink julle sal help? Dit kan ons familie, bure, kerk, polisie of weermag wees, of soms organisasies met helpers.
- Vandag gaan ons hoor van verskillende organisasies wat regoor die wêreld hulp aan mense in nood bied.
- Verskaf 'n doel om te luister: Kom ons luister en leer oor hoe verskillende organisasies kan help.

**Lees die teks vir die leerders.**

**Ná lees**
- Hoekom het ons organisasies nodig om mense te help wanneer daar 'n ramp is?

## E-KLASKAMER

15 min



- Onderrig 'n les van die E-klaskamer.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 73

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne


DATUM

Lees die sinne

Die blaartjie val uit die boom.

Ouma brei 'n truitjie.

Die seuntjie skop die bal.

Hy ry met 'n rooi motortjie.

Ek hou die miertjie dop.

Wat het uit die boom geval?

WEEK 4 • MAANDAG • 73



## AANVANGSKENNIS Organisasies wat help

BL 74

30 min

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink aan die hulporganisasies waarvan jy gehoor het.
- **Pare:** Vertel vir jou maat wat jy van elkeen kan onthou.
- **Deel** met die klas.

**Voltooi die aktiwiteit**
- Skryf drie feite oor elke hulporganisasie.


DATUM

Organisasies wat help

Wanneer natuur- en mensgemaakte rampe gebeur, het mense hulp nodig. Gemeenskappe, kerke en moskees help gewoonlik dadelik. Die volgende vlak van hulp kom dikwels van internasionale organisasies. Mense reis van regoor die wêreld om mense te help wat hul huise verloor of as gevolg van rampe beseer is.

Skryf 3 feite oor elkeen van hierdie steunorganisasies.

Rooikruis en Red Crescent

UNICEF

Gift of the Givers

Dokters sonder Grense (Médecins Sans Frontières MSF)

74 • WEEK 4 • DINSDAG



## VISUELE KUNSTE Perspektief (vervolg)

30 min

**Berei voor**
- Gesels oor die skets wat jy verlede week gemaak het.
- Hersien hierdie woorde: horison, verdwynpunt, oorvleueling, groottes.

**Aktiwiteit**
- Begin om jou prent met verf in te kleur.
- Verf die lug bo die horison. Dit maak nie saak as jy oor die potloodlyne verf nie.
- Verf die geboue of bome langs die pad. Begin met dié wat die naaste aan die horison is. Dié wat aan die onderkant van die bladsy is, kan dié wat jy alreeds geverf het, oorvleuel.
- Verf die lyne en die pad.

**Bêre dit veilig om môre te voltooi.**





## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

30 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT Koerantartikels

15 min



Vind uit wie almal 'n koerantberig gebring het. Afhangende van die terugvoering, maak hierdie 'n klas- of pare-aktiwiteit.

- **In pare:** Vertel vir jou maat oor die berig wat jy gebring het.

  **of**
- **Klasaktiwiteit:** Wie wil graag vir die klas van hul berig vertel?
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE Vul die ontbrekende klanke in

BL 75

15 min




Verkleinwoorde met **-tjie**

- Doen vinnige klankherkennig van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Sien na/ merk saam.

## HANDSKRIF Sinne (lopende skrif)

BL 71

10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.

## GEDEELDE LEES Woordeskat en vlotheid

BL 48 en 50

15 min




**Woordeskat**

- Hersien kortliks die vorige week se woordeskat.
- Gebruik die flitskaarte om die nuwe woordeskatwoorde op bl. 48 en 49 van die teks bekend te stel.

**Vlotheid**

- Leerders lees bl. 48 en 50 hardop in pare.

## SKRYF Woordeskat

BL 48 en 50

15 min




**Woordsoek**

- Lees weer bl. 48 en 50 van die storie vir die klas.
- Terwyl jy lees, soek leerders woordeskatwoord in die LAB-teks. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord. Sommige woorde sal meer as een keer voorkom.

**Skryf**

- Leerders kopieer die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Die storm: Hoofstuk 1*

**BL 76**
**30 min**



DATUM

Die storm: Hoofstuk 1

In Kwelostraat het drie vriende naby mekaar gebly. Hulle name was Gugu, Maria en Pitso. Hulle was ook in dieselfde klas by die skool.

Hulle het gereeld in Gugu-hulle se agterplaas gespeel. Gugu se mamma het tuis op haar rekenaar gewerk. Sy het daarvan gehou dat die kinders in die middae daar speel, en die ander mammas het geweet dat hulle veilig is.

Eendag het sy nuwe rekenaartoerusting gekry. Sy het die leë bokse in die agterplaas gesit.

"Kom ons maak 'n speelhuis van die bokse," het Gugu gesê. Die kinders het maskeerband gebruik om die bokse aanmekaar te plak. Pitso het die dak en kante met stukke hout verstewig. Maria het 'n ou mat en bakstene gevind.

Binne-in die huis het die drie vriende 'n partytjie gehou. Gugu se mamma het vir hulle springmielies, skyfies en sap gegee.

Kyk na die titel van die storie. Wat, dink jy, gaan volgende gebeur?

76 • WEEK 4 • DINSDAG



## AANVANGSKENNIS

**Gee aan mense in nood**

**Lees en bespreek**

- Hersien wat die leerders oor hulporganisasies weet.
- Lees die inligting oor Gift of the Givers vir en saam met die klas. Gee spesiale aandag aan die foto's.

**Teken**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB – skryf 'n kort paragraaf in jou eie woorde.

**BL 77**
**30 min**



DATUM

Gee aan mense in nood

Die Gift of the Givers is 'n Suid-Afrikaanse hulporganisasie wat werk om mense in nood regoor die wêreld te help.

Die organisasie is in 1992 deur dr. Imtiaz Sooliman begin. Hy is 'n mediese dokter, maar het hierdie organisasie begin nadat hy raad van sy geestelike raadgewer gekry het. Die organisasie samel geld in en kry vrywilligers om mense in nood te help.

Een van die dinge wat hulle doen, is om op rampe, enige plek in die wêreld, te reageer. Sodra hulle van 'n ramp hoor, is hulle gereed om tydelike skuiling soos tente, beddegoed, basiese voedsel, medisyne, ambulanse en kragopwekkers vir krag, te verskaf.

Hulle vra ook vrywilligers, dokters en verpleegsters, en soek- en reddingspanne om te help. Hulle betaal alle uitgawes om die helpers na die plekke te neem waar hulp benodig word. Hulle het al mense in meer as 45 lande gehelp.

Skryf 'n kort paragraaf in jou eie woorde oor die werk wat die Gift of the Givers doen.

WEEK 4 • DINSDAG • 77



## VISUELE KUNSTE

**Perspektief (vervolg)**

**Aktiwiteit (verf)**

- Vul die ander besonderhede in – wolke, voëls, vliegtuie, ens. in die lug.
- Motors, mense, ens. op die pad.
- Gras, bome, veld, indien daar enige plek aan die kant van die geboue/bome is.

**Stal uit en bespreek**

**30 min**





## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

**25 min**



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT — Help mekaar

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Oor hoe leerders tydens 'n ramp kan help.
- **Pare:** Vertel jou idees vir jou maat.
- **Deel:** Idees met die klas. (bv. Leerders kan na die kleiner kinders omsien, na nuttige materiale soek, gaan hulp soek, help om skoon te maak, 'n beter huisvesting bou, ens.



## KLANKE — Skryf jou eie sinne

BL 78
15 min




Verkleinwoorde met **-tjie**

- Doen vinnige klankherkennig van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Sien na/ merk saam.



## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 71
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.






## LEES — Leesbegrip: Wat het met Pompeii gebeur?

BL 48 en 49
15 min




**Lees**

- Hersien hierdie week se woordeskatwoorde deur die flitskaarte op te hou.
- Lees weer bl. 48 (derde bladsy van die teks) saam met die leerders.

**Vrae**

- Kyk na die ooreenstemmende begripstaak op bl. 49.
- Lees en verduidelik enige vrae wat jy dink die leerders dalk moeilik mag vind.



## SKRYF — Leesbegrip: Wat het met Pompeii gebeur?

BL 49
15 min




**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit op bl. 49 in die LAB.

**Kontroleer en korrigeer**

- Gaan deur die antwoorde.
- Leerders merk self of ruil boeke om.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Die storm: Hoofstuk 2*

BL 79
30 min



DATUM

Die storm: Hoofstuk 2

Daardie aand het Gugu by die venster die donkerte ingekyk. Daar was 'n groot storm buite.

Die volgende oggend het dit steeds gereën. Die drie vriende het hul reënjassies aangetrek op pad skool toe. "Wees versigtig in die reën!" het Gugu se mamma gesê.

Toe hulle by die skool kom, het die juffrou gesê: "Wat 'n verskriklike storm wat ons het." Die wind het gewaai en die reën het geval terwyl hulle die hele oggend in die klas gesit en werk het. Hulle kon nie tydens pouse buite gaan speel nie.

Toe dit tyd was om huis toe te gaan, het dit opgehou reën, maar die wind het steeds sterk gewaai. "Sjoe, die wind waai sterk!" het Pitso gesê.

Toe hulle by Gugu se huis kom, het hulle in die agterplaas gaan kyk.

"Ag nee!" het Maria gesê. "Wat 'n gemors!"

Al wat van hul speelhuisie oorgebly het, was 'n hoop nat karton en hout. Die agterplaas was vol poeletjies water en vullis.

"Ek dink nie ons het meer 'n speelhuisie om in te speel nie," het Gugu gesê.

Teken hoe jy dink die speelhuisie en agterplaas gelyk het.

WEEK 4 • WOENSDAG • 79



## AANVANGSKENNIS

### Vind uit oor reddingswerk

**Lees en bespreek**
- Lees die nuusflits vir en saam met die leerders.
- Verduidelik dat leerders navorsing gaan doen oor 'n persoon wat uit 'n ramp gered is.
- Verduidelik die prosedure om navorsing te doen.

**Groepwerk**
- Leerders doen navorsing in hul groepe.
- Hierdie mag dalk vir tuiswerk gedoen word.

BL 80
30 min



DATUM

Vind uit oor reddingswerk

Lees die nuusflits.

80-jarige ná 8 dae gered

Hatay, Turkye
12 Februarie 2023
Nuusverslag

'n Soek- en reddingspan van Gift of the Givers het 'n 80-jarige dame uit die puin van haar huis gered. Dit het inmekaargestort nadat 'n aardbewing haar dorp getref het.

Hulle moes vir twee ure grawe en boor om haar uit te kry. 'n Reddingshond het uitgesnuffel waar sy vasgevang was.

"Dit is 'n wonderwerk!" het een van die reddingswerkers gesê. "Sy is baie koud en dors, maar wakker."

Die vrou is na die hospitaal geneem.

Werk in 'n groep om meer oor 'n reddingspoging uit te vind.
- Watter soort ramp was dit?
- Waar het dit gebeur?
- Wanneer het dit gebeur?
- Wie was die reddingswerker(s)?
- Hoe het hulle die persoon gered?

80 • WEEK 4 • WOENSDAG



## UITVOERENDE KUNSTE

**Berei voor**
- Wys aan die leerders 'n prent van die slagoffers of oorlewendes van 'n natuurramp. Daar is baie voorbeelde in die LAB of jy kan vir hulle 'n ander foto wys. Byvoorbeeld: https://koreajoongangdaily.joins.com/2023/02/09/national/diplomacy/Korea-Turkey-Korea-Disaster-Relief-Team/20230209143926688.html
- Vra of hulle kan dink hoe die mense in die prent voel.

### Reageer op 'n stimulus

**Doen**
- Noem verskillende omstandighede: bv. grawe in die rommel/puin om te soek vir oorlewendes, probeer om in die vloedwater te dryf, loop teen 'n sterk wind, hardloop weg van vuur, ens.
- Leerders gebruik mimiek om die aksies te doen soos jy dit noem.

**Groepe**
- In groepe van twee of drie, laat leerders aan 'n kort situasie dink wat hulle deur mimiek kan uitbeeld.
- Hulle oefen hul mimiek.

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

25 min



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT — Help mekaar

15 min



**Bespreek**

- Bespreek om mekaar te help: Jy hoef nie net mense te help gedurende 'n ramp nie. Miskien help ván julle jul ouers (huistakies), grootouers (opdragte uitvoer, iets optel), 'n skoolmaat (deel my toebroodjie, leen my skryfbehoeftes), susters en broers (tuiswerk, omgee vir hulle).
- **Dink** aan 'n tyd toe jy iemand gehelp het. Hoe het dit gevoel?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** ervaringe met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.



## KLANKE — Voltooi die sinne

BL 81
15 min

Verkleinwoorde met **-tjie**

- Doen vinnige klankherkennig van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Sien na/ merk saam.






## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 71
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.






## LEES — Leesbegrip: Binne-in die aarde

BL 51
15 min

**EAT**

- Gebruik die flitskaarte om die woordeskatwoorde wat tot dusver in hierdie tema aangeleer is, te hersien.
- Draai die flitskaarte om om die Engelse woorde bekend te stel.

**Lees**

- Lees weer bl. 50 in die LAB (vierde bladsy van die teks).

**Vrae**

- Kyk na die ooreenstemmende begripstaak op bl. 51 in die LAB.
- Lees en verduidelik enige vrae wat jy dink die leerders moeilik mag vind.






## GEDEELDE SKRYF — Breinkaart

15 min

**Verduidelik**

- Die leerders gaan hierdie week voorberei om volgende week hul eie nuusberig te skryf. Môre gaan hulle op 'n onderwerp besluit en 'n breinkaart neerskryf. Herinner hul daaraan dat 'n breinkaart 'n opsomming van die hooffeite is en dus 'n skryfraam kan vorm.

**Gedeelde Skryf**

- Leerders gee voorstelle en idees vir 'n nuusberig, bv. 'n gebeurtenis by die skool of in die gemeenskap (*'n nuwe onderwyser by die skool, 'n ongeluk, 'n sportbyeenkoms, 'n brand, ens.*).
- Skryf die idees op die bord. Stem op 'n onderwerp.
- Vul die inligting op die raam in met die leerders se voorstelle: Wat? Wanneer? Waar?
- Dinkskrum 'n toepaslike opskrif. Stem vir die beste een en skryf dit neer.
- Vra die leerders watter ander interessante besonderhede jy kan byvoeg. Kies 'n goeie bydrae om neer te skryf.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 82

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Die storm: Hoofstuk 3*



DATUM

Die storm: Hoofstuk 3

"Luister," het Maria gesê. "Wat is daardie geluid? Dit kom van onder die karton." Die wind het gaan lê en dit was stil. Hulle het weer geluister en 'n sagte miaougeluid gehoor.

Pitso het deur die poeletjies geloop en die kartonstukke een vir een opgelig. Op die grond het hy 'n piepklein, papnat katjie gesien bewe. Hy het haar versigtig opgetel. "Sy moes seker tydens die storm in die speelhuis gaan skuiling soek het, en toe val dit op haar," het Pitso gesê.

Gugu het dadelik 'n ou handdoek gaan haal. Sy en Maria het die katjie binnetoe geneem.

Gugu se mamma het vir hulle 'n skoenboks gegee en Gugu en Maria het die katjie gemaklik gemaak. Hulle het vir haar water in 'n ou piering gegee. Die katjie het die water opgelek en toe gaan slaap.

Die kinders het voor die verwarmer gesit terwyl Pitso sy skoene drooggemaak het. Gugu se mamma het hulle laat TV kyk.

Beskryf 'n storm wat jy al gesien het.

82 • WEEK 4 • DONDERDAG

## AANVANGSKENNIS

**Oorsig van konsep**

30 min

**KWL-kaart (LAB bl. 59)**

- Help die leerders om die onderwerp neer te skryf.

**Bespreek**

- Bespreek die bevoegdheid wat nodig is om saam met 'n reddingsorganisasie te werk. (*deernis, moed, bereid wees om in ongerief te werk, fisiese krag, ens.*)

**Pare**

- Leerders vertel vir 'n maat of hulle daarvan sal hou om vir 'n reddingsorganisasie te werk, en hoekom/hoekom nie.

## UITVOERENDE KUNSTE

**Reageer op 'n stimulus (vervolg)**

30 min



**Warm op**

- Fokus op verlenging en krul van die rugstring.

**Voer op**

- Groepe maak beurte om hul mimiekreeks op te voer.

**Evalueer**

- Moedig positiewe kommentaar na elke opvoering aan.
- Lewer kommentaar op gesigsuitdrukking, houding en beweging.

## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

25 min



- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasie op bl. 24 en 25.

# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink oor hoe jy volgende week iemand kan help.
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel** idees met die klas.

## KLANKE — Woordsortering

10 min

- Kies enige twee klanke om te hersien.
- Skryf 10 – 20 woorde wat die een of die ander klank bevat.
- Onderstreep die klanke saam met die leerders.
- Trek twee kolomme op die bord. Herskryf twee of drie van die woorde in die korrekte kolom.
- Leerders trek twee kolomme in hul boeke en doen woordsortering.

## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.

BL 71

10 min




## LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**
- Lees hierdie week se OW-tekste op bl. 73, 76, 79, 82 en 83 hardop vir die klas. Leerders volg in hul boeke.

**Bespreek die teks**
- Hierdie is een storie met vier hoofstukke.
- Wie is jou gunstelingkarakter?

**Sien na**
- Parafeer slegs. Let op wie nie in staat is om te lees en vrae te beantwoord nie.

## ONAFHANKLIKE SKRYF

15 min

### Breinkaart

- **Verduidelik:** Dink aan 'n onderwerp waaroor jy 'n koerantberig wil skryf.
- **Voltooi 'n breinkaart** vir jou berig deur die formaat op die skryfbord te gebruik. (Leerders gaan hierdie breinkaart volgende week en Vrydag in die Onafhanklike Skryf-aktiwiteit gebruik.)
- **Kyk vir:** interessante, kort hoofopskrif, invul van feite, interessante besonderhede.







## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Die storm: Hoofstuk 4*

BL 83

30 min






## AANVANGSKENNIS DBO-werkboektyd

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur die vorige week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 54, Vuur! bl. 44–45.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2, bl. 98.






## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e en oefenboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## WEEK 5 OORSIG



# Rampe

### UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Oor uiterste weersomstandighede en natuurrampe leer
- Meer oor tropiese storms en hoe hul hul name kry, uitvind
- Gedigte oor die weer lees
- Na 'n storie luister oor hoe om hulp te vra
- Rolspel hoe om hulp te vra
- 'n Koerantberig skryf
- Twee begripstoetse voltooi
- Na 'n houtblokafdruk kyk waarop 'n groot brander is.

### VOORBEREIDING

**Flitskaarde** (Engels op die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | lugpyp | vlamme | vuurwerke | tonnel | giet |
| | *vent* | *flames* | *fireworks* | *tunnel* | *casts* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | ramp | natuurramp | mensgemaakte ramp |
| | *disaster* | *natural disaster* | *man made disaster* |

### MATERIALE

- Leerders se oefenboeke
- Kunsmateriale: verf of viltpenne/pastelle/kryte
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

### ASSESSERING

**Neem in en merk:** Handskrif

**Informeel:** Diktee, Begripstoetse, AK-aktiwiteite

**Formeel:** Skryf van koerantberig (Vrydag)



# Helpende hande

Gugu, Maria en Pitso was maats en het in Kwelaweg gewoon. Daar was ’n groot storm en hul speelhuis is vernietig. Hulle het ’n klein, nat katjie onder die karton gekry. Hulle het die katjie gered en haar in die huis ingeneem. Later het hulle op TV prente gesien van mense se skuilings en huise wat vernietig was.

“Foei tog, arme kinders, ” het Maria gesê. “Hulle het seker al hul klere en besittings in die storm verloor.”

Die volgende dag by die skool het die onderwyser met die leerders gepraat. “In die verskriklike storm wat ons hierdie week gehad het, het baie leerders ál hul besittings verloor. Hulle kry koud en is honger. Indien julle enigiets ekstra by die huis het, kan julle dit bring sodat ek dit Vrydag na die kerk kan neem. Hulle samel donasies in. Ek het ’n ou kombers wat ek gaan skenk, maar enigiets is welkom. Dit maak nie saak hoe klein dit is nie – onthou, hierdie kinders het álles in die storm verloor.”

Gugu het by die huis met haar mamma gepraat. Hulle het gedink oor wat hulle kan skenk. “Ek dink die kinders sal honger wees,” het Gugu gesê. Haar mamma het vir haar ’n blikkie bone en ’n pakkie Marie-koekies gegee om die Vrydag skool toe te neem.

Pitso het hard gedink oor wat hy kon skenk. Toe onthou hy dat hy ’n paar ou skoolkortbroekies het wat te klein vir hom is. Hy het vir sy mamma gevra of hy dit skool toe kan neem om te skenk, en sy het ingestem.

Maria het vir haar verjaarsdag ’n nuwe skooltas gekry. “Hoekom kyk jy nie waar jou ou skooltas is nie?” het haar pappa voorgestel. Maria het dit in ’n kas gekry. Sy het een van haar beste potlode in die sak gesit en dit die volgende dag skool toe geneem.

Die leerders het hul donasies vir die juffrou gegee. Sy was baie bly. “Baie dankie vir al jul donasies. Julle is baie gaaf om aan ander te dink,” het sy gesê. Sy het alles in ’n groot kartonboks gesit. Toe het sy daarop geskryf: “*Hierdie boks met donasies kom met baie liefde van al die graad 3-leerders by Laerskool Progressie*.”

Ná skool het die leerders die juffrou gehelp om die boks in haar motor te laai. Hulle het almal baie trots gevoel dat hulle ook ander kinders in nood kon help



# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT — Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het julle enige familie- of algemene nuus?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir jou maat. Vra vrae vir duidelikheid indien nodig.
- **Deel:** 'n Paar leerders deel van hul nuus met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*)



## KLANKE — Hersiening: Vind die verkleinwoorde

BL 85
15 min




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 84
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.



## LEES — Onderwyser lees hardop

OG
BL 75
15 min



**Vóór lees**
- Ons het verlede week oor verligtingsorganisasies geleer. Maar onthou egter dat almal in 'n noodgeval kan help.

**Verskaf 'n doel om te luister**
- Kom ons luister en sien hoe drie maats in ons hoofstukstorie ná die hewige storm gehelp het.

- Lees die teks vir die leerders.

**Ná lees**
- Wat sou jy vir 'n kind wat in 'n ramp was, gee? Hoekom sou jy dít kies?

## E-KLASKAMER

15 min



- Onderrig 'n les van die E-klaskamer.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne

**BL 86**
**30 min**






## AANVANGSKENNIS — Die weer is woes en wild!

**Lees en bespreek**
- Lees die teks oor tropiese siklone vir en saam met die leerders.
- Bespreek wat hulle in die prente sien.

**Doen**
- Leerders vul die kaart op bl. 87 in die LAB in.

**BL 87**
**30 min**






## VISUELE KUNS — Die Groot Brander

**Oor die skildery**
- Bespreek wat die leerders in die skildery sien.
- Sê vir die klas dat dit 'n houtblokdruk uit Japan is. Drie kunstenaars was betrokke in die skepping daarvan – 'n skilder wat die oorspronklike skildery gemaak het, 'n houtbloksnyer wat dit op 'n stuk hout gekopieer het en 'n inkleurder wat die houtblok geverf het en afdrukke daarvan gemaak het.
- Die prent of skildery is een van 'n reeks skilderye wat Berg Fuji in die agtergrond insluit. In hierdie skildery word die vulkaan deur 'n tsunami-brander geraam.

**Aktiwiteit**
- Leerders beantwoord die vrae op bl. 88 in die LAB.

**BL 88**
**30 min**






## LIGGAAMSOPVOEDING — Inleiding

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

**30 min**



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Vra vir hulp

15 min



**Verduidelik**
- Maak asof jy 'n beroep op die kinders doen om donasies te bring vir kinders wat in nood verkeer.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat sal jy by saalbyeenkoms sê?
- **Pare:** Sê vir jou maat wat jy sou kon sê.
- **Deel:** Kies 'n paar leerders om dit wat hulle skenk met die klas te deel.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Hersiening: Skryf die woorde reg oor

BL 89
15 min

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.




## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 84
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.




## GEDEELDE LEES — Woordeskat en vlotheid

BL
52 en 54
15 min

**Woordeskat**
- Hersien kortliks die vorige week se woordeskatwoorde.
- Gebruik die flitskaarte om die nuwe woordeskatwoorde op bl. 52 en 54 van die teks bekend te stel.

**Vlotheid**
- Leerders lees bl. 52 en 54 vir hul maats.




## SKRYF — Woordeskat

BL
52 en 54
15 min

**Stel die woordeskatwoorde bekend**
- Lees die flitskaarte. Die woorde is almal op die vyfde of sesde bladsy van die teks. (LAB bl. 52 en 54).

**Woordsoek**
- Lees bl. 52 en 54 weer vir die klas.
- Terwyl jy lees, soek leerders die woordeskatwoorde in die LAB-teks. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord. Sommige woorde sal meer as een keer voorkom.

**Skryf**
- Leerders kopieer die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.







## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Gedig 1: Die weer*

BL 90
30 min


DATUM

Gedig I

**Die weer**

Is dit sonnig, of gaan dit reën?
Is dit bewolk, of gaan die donderweer dreun?
Elke dag dieselfde vraag: Hoe lyk die weer vandag?
Kry ons dalk warm of is dit koud in die nag?
Ek raak soms so deurmekaar!
Die weer verander gedurig, dis nou maar waar.
Gaan ek sonder trui en neem ek my hoed?
Trek ek my stewels en reënjas aan, dan lyk ek goed.
My ouma sê wanneer die hadidas roep,
gaan dit reën en sy waarsku
haar WhatsApp-groep.
Dankie tog vir die weerdiens se raad.
Hulle maak ons lewens makliker, inderdaad.

**Wat trek jy aan as die son skyn?**

90 • WEEK 5 • DINSDAG



## AANVANGSKENNIS

### Waar kry tropiese storms hul name?

**Lees en bespreek**

- Hersien die leerders se kennis oor tropiese storms. Herinner hulle waar 'n storm begin – orkane begin in die Atlantiese Oseaan, siklone begin in die Indiese of Suid-Stille Oseaan en die tifone begin in die Noord-Stille Oseaan.
- Lees en bespreek die tabel op bl. 91 in die LAB.

**Voltooi die aktiwiteit op bl. 91 in die LAB**

- Voltooi die tabel.
- Skryf 'n paragraaf.

BL 91
30 min


DATUM

Waar kry tropiese storms hul name?

Tropiese storms is só groot dat elke storm sy eie naam kry.

- Lande stem saam oor 'n lys van name vir elke jaar.
- Dit is meisie- en seunsname.
- Die lys is alfabeties. Die eerste storm van die seisoen begin met A, die tweede met B, ens.
- Die seisoen begin in Junie in die Noordelike Halfrond en in November in die Suidelike Halfrond.

**Voltooi die tabel.**

| Naam van die storm | Watter letter vir die seisoen? |
| --- | --- |
| **Orkaan Katrina** Augustus 2005 | |
| **Sikloon Eloise** Januarie 2021 | |
| **Tifoon Roke** September 2022 | |
| **Sikloon Deliwe** Januarie 2014 | |
| **Typhoon Chanhom** Oktober 2020 | |
| **Orkaan Andrew** Augustus 1992 | |
| **Sikloon Batsirai** Januarie 2022 | |
| **Sikloon Freddy** Februarie 2023 | |

**Vind uit oor enige tropiese sikloon wat jy interessant vind.**

WEEK 5 • DINSDAG • 91



## VISUELE KUNS

### Skilder 'n ramp

**Berei voor**

- Wys vir die leerders prente van 'n verskeidenheid natuurrampe. Gebruik die prente in die LAB of enige ander prente.

**Aktiwiteit**

- Leerders kies 'n medium van hul keuse (verf, viltpenne, pastelle of kryte) en skep 'n prent wat 'n natuurramp voorstel.
- Herinner hulle aan wat hulle geleer het omtrent die plasing van figure in 'n prent, oor die horison en perspektief en oor die gebruik van kleur om 'n fokuspunt te skep.

**Stal uit en bespreek**

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

25 min



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Rolspel: Vra vir hulp

15 min



**Bespreek hoe om om hulp te vra**

- Soms het jy hulp van 'n volwassene nodig. Wanneer mag jy vir hulp vra? (*wanneer jy honger is, as jy beseer is, as jy geboelie word, as jy koud kry, ens.*)
- Vir wie kan jy vra? (*ouers, familielid, maat, bure, onderwyser, predikant, ens.*)

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Oor watter hulp jy nodig het.
- **Pare**: Rolspel om om hulp te vra: een maat is die volwassene en die ander een die kind. Ruil die volgende dag rolle om.
- **Deel:** Laat 'n paar pare hul rolspel vir die klas opvoer.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Hersiening: Skryf sinne

BL 92

15 min




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 84

10 min

- Skryf enige twee sinne in jou oefenboek.




## GEDEELDE LEES — Leesbegrip: Hoe 'n vulkaan ontstaan

BL 52 en 53

15 min




**Lees**

- Hersien hierdie week se woordeskatwoorde deur die flitskaarte op te hou.

**Vrae**

- Kyk na die ooreenstemmende begripstaak op bl. 53.
- Lees en verduidelik enige vrae wat jy dink die leerders dalk moeilik mag vind.

## SKRYF — Leesbegrip: Hoe 'n vulkaan ontstaan

BL 53

15 min




**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit op bl. 53 in die LAB.

**Kontroleer en korrigeer**

- Gaan deur die antwoorde.
- Leerders merk self of ruil boeke om.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Gedig 2: Water*

**BL 93**
**30 min**


DATUM

Gedig 2

**Water**

Kaploks, kaploks, kaploks!
Water is lewe, maar kan jou ook laat bewe.
Water is kosbaar, dit hou ons gesond.
Drink jou agt glase, gee ook vir jou hond.
Dis dan so lekker om in die water te speel.
Veral in die somer, dit kan my nooit verveel.
Ek het nooit die krag van water besef
totdat die branders my omslaan en dit my tref.
Pasop vir water, dit raak ook kwaad.
Oorstroom dan rivierwalle tot in ons straat.
Ek het nou besef, die winter se water,
kan groot skade bring en baie trane later.
Oorstromings maak ons baie bang.
Hierdie sterk waters kan jou skielik vang.
Luister dus na die weerberig en wees gereed.
Maak soos hulle sê, en niks loop verkeerd.
Kaploks, kaploks, kaploks!
Water is lewe, maar kan jou ook laat bewe.

Hoe kan water jou laat bewe?

WEEK 5 • WOENSDAG • 93



## AANVANGSKENNIS

### Bly veilig!

**Lees en bespreek**

- Lees die teks en kyk na die prente op bl. 94 in die LAB.
- Bespreek watter goed in 'n noodgeval nuttig sal wees.

**Skryf**

- In pare maak leerders 'n lys van goed wat hulle gedurende 'n storm sal nodig kry.
- Deel lyste met ander pare.

**BL 94**
**30 min**


DATUM

Bly veilig!

Werk saam met 'n maat. Maak 'n lys in jou oefenboek oor hoe om in 'n storm veilig te bly.

Dink oor hierdie dinge:

- Waar behoort jy gedurende 'n storm te bly?
- Wat moet jy tydens 'n storm doen?
- Wat het jy nodig indien die krag afgaan?
- Wat het jy nodig indien die watertoevoer onderbreek word?
- Wat sal jy doen as jy seerkry?
- Wat sal jy doen om te keer dat water jul huis beskadig?

94 • WEEK 5 • WOENSDAG



## UITVOERENDE KUNSTE

### Liggaamsperkussie

**30 min**

**Berei voor**

- Verduidelik dat ons ons liggame kan gebruik om klanke te maak – klap vingers, klap hande, stamp, streel, ens.

**Doen**

- Demonstreer 'n eenvoudige reeks liggaamsperkussie vir die leerders om te herhaal – klap hande saam, tik op knieë, klap vingers, klop tone op die vloer.
- Demonstreer 'n meer komplekse reeks vir leerders om te herhaal – klop vingernaels op die bank, klop handpalm met een vinger, tik op een knie met een hand.
- Maak saam met die klas ook ander reekse op.

**Groepe**

- Leerders werk in groepe en eksperimenteer met liggaamsperskussieklanke om die weer na te boots, bv. wind, donderweer, reën, stof of misreën, ens.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT

### Rolspel: Vra vir hulp (vervolg)

**15 min**

- Gaan voort met die rolspelaktiwiteit van Woensdag (sien bl. 80).



## KLANKE

### Hersiening: Voltooi die sinne

**BL 95**
**15 min**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.


DATUM

Voltooi die sinne

Gebruik die verkleiningsvorme van dié woorde om die sinne te voltooi.

kat, krans, stomp, fiets, serp, slurp

1. Die katjie drink graag water.
2. Ek gooi nog 'n ______ op die vuur.
3. Ek ry vinnig met my ______.
4. My ______ hou my warm.
5. Die bruid dra 'n blomme ______ op haar kop.
6. Die baba-olifant pluk gras met sy ______.

WEEK 5 • DONDERDAG • 95

## HANDSKRIF

### Sinne (lopende skrif)

**BL 84**
**10 min**

- Skryf enige twee sinne in jul oefenboeke.




## LEES

### Leesbegrip: Aktiewe, dormante en uitgedoofde vulkane

**BL 54 en 55**
**15 min**

**EAT**
- Gebruik die flitskaarte om die week se woordeskat te hersien.
- Draai die flitskaarte om en lees die Engelse woord.

**Lees**
- Lees weer bl. 54.

**Vrae**
- Kyk na die ooreenstemmende begripstaak op bl. 55.
- Lees en verduidelik enige vrae wat jy dink die leerders moeilik mag vind.


**Aktiewe, dormante en uitgedoofde vulkane**

Wetenskaplikes kan aandui of 'n vulkaan lank gelede uitgebars het. Jy kan sien waar die bopunt van die berg weggeblaas is. Dit laat 'n hol bak wat 'n krater genoem word. Die krater is soms met water gevul om 'n meer te vorm. Indien die berg steeds warm is, is die water in die meer warm en kom daar stoom uit.

Uitgedoofde vulkaan

Aktiewe vulkaan

Wanneer 'n vulkaan vir duisende jare nie uitgebars het nie, en daar geen magma binne-in die berg oor is nie, sê wetenskaplikes dit is 'n **uitgedoofde** vulkaan.

Wanneer 'n vulkaan vir 'n lang tyd nie **uitgebars** het nie, maar daar steeds warm magma binne-in is, sê die wetenskaplikes dit is **dormant**. Dit kan weer eendag **aktief** word.

Wanneer 'n vulkaan aktief is, kan dit uitbars of tekens toon dat dit binnekort gaan uitbars. Wetenskaplikes kyk na tekens soos as en rook wat uit die boonste deel van berg kom, en of die berg warmer raak.

Gelukkig het Suid-Afrika geen aktiewe of dormante vulkane nie. Al ons vulkane is uitgedoof.

54 • WEEK 3

## SKRYF

### Leesbegrip: Aktiewe, dormante en uitgedoofde vulkane

**BL 55**
**15 min**

**Skryf**
- Voltooi die LAB-aktiwiteit.

**Kontroleer en korrigeer**
- Gaan deur die antwoorde.
- Leerders merk self of ruil boeke om.


Leesbegrip

Lees **Aktiewe, dormante en uitgedoofde vulkane** (bladsy 54).

1. Vergelyk **aktiewe** en **uitgedoofde** vulkane. Hoe verskil hulle?

| Aktiewe vulkane | Uitgedoofde vulkane |
| --- | --- |
| | |
| | |

2. Hoe waarskynlik is dit dat Suid-Afrika 'n vulkaan sal hê?
3. Omkring die beste definisie vir 'n krater.
   - 'n Gat in die vorm van 'n bak
   - 'n Groot gat
   - Iets aan die bokant van elke berg
   - 'n Vlak gat
4. Lees die volgende sin.

**Die krater bo-op die berg word soms met water gevul om 'n meer te vorm.**

Onderstreep die selfstandige naamwoorde in die sin.

WEEK 3 • 55

## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

**BL 96**

**30 min**

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Gedig 3: Ons skool onder water!*




## AANVANGSKENNIS

### Oorsig van konsep

**30 min**

**KWL-kaart (LAB bl. 59)**

Help leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar/verwerp**

- Hou 'n tweetalige flitskaart vir elke woord op en vra hierdie vrae.

**ramp**
1. iets waarna mense uitsien.
2. 'n skielike en ongelukkige gebeurtenis.
3. iets wonderliks.

**natuurramp**
1. word deur natuurlike goed veroorsaak soos die wind of vuur.
2. word deur mense veroorsaak.
3. word deur masjiene veroorsaak.

**mensgemaakte ramp**
1. word deur die natuur veroorsaak.
2. word deur masjiene veroorsaak.
3. word deur mense veroorsaak.

**EAT:** disaster, natural disaster, man made disaster

## UITVOERENDE KUNSTE

### Liggaamsperkussie (vervolg)

**30 min**

**Warm op**
- Skud hande en voete, wikkel vingers en tone.
- Strek jou gesigspiere – sê die o-klank, glimlag en sê die e-klank.

**Gebruik klank om 'n storie te vertel**
- In groepe, maak 'n storie oor 'n reënstorm op, wat julle met jul liggaamsperkussie kan vertel – sien voorbeeld: https://www.youtube.com/watch?v=BRPIfNz-TiE
  – Die wind begin te waai – blaas hard
  – Reëndruppels begin te val – klap twee vingers van elke hand saam
  – Die wind waai sterker – maak wooo-klank terwyl jy aanhou klap
  – Die reën val harder – klap hande vinniger en harder
  – Donderweer slaan – spring of stamp en klap hande
  – Dit reën liggies – klik vingers en kloek met die mond
  – Die wind raak rustiger – blaas sagter
- Voer jul storie vir die klas op.



**Koel af**
- Lê en verbeel julle dat julle na die wolke kyk wat oor die lug gly.
- Haal stadig en diep asem.

## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Dink wat jy volgende week sal doen indien iemand jou om hulp vra. Dink ook aan enigiets waarmee jy dalk 'n volwassene sal vra om jou te help.
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel** met die klas.



## KLANKE — Diktee

10 min

- Volg die riglyne vir diktee op bladsy 8.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in hulle oefenboeke.

**Sinne:**
Sin 1: **Ek plant 'n saadjie in die tuin.**
Sin 2: **Die kindjie dra 'n hoedjie.**
Sin 3: **Die perdjie en die hondjie speel.**



## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 84
10 min

- Skryf enige twee sinne in jou oefenboek.






## LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**

- Lees hierdie week se OW-gedigte op bl. 86, 90, 93, 96 en 98 hardop vir die klas.
- Leerders volg in hul boeke.

**Bespreek die teks**

- Van watter gedig het jy die meeste gehou? Hoekom?

**Sien na**

- Parafeer slegs. Let op wie nie in staat is om te lees of vrae te beantwoord nie.

## SKRYF ASSESSERING 1 — Koerantberig

15 min



**Taak**

- Gebruik die skryfraam as 'n gids, en skryf 'n nuusberig wat op jou breinkaart gebaseer is.
- Teken 'n prent om jou berig te illusteer.

**Sien na:** Sien bl. 144
**Punte:** 10



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 98

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Gedig 4: VRYDAG!!!*



DATUM

Gedig 4

VRYDAG!!!

Is dit regtig vandag Vrydag?
Jippie! Dis hoekom ek so lekker lag.
Die skool sluit mos vroeg, my maat!
En ná tweede pouse mag ons maar praat.
Juffrou laat ons boekies lees.
En almal is net in 'n goeie gees.
Ek sien uit na die twee dae van rus,
van laat slaap en speel na hartelus.
Vrydag is die beste dag, sê ek vir jou!
Juffrou laat ons ná pouse ook lego's bou.
Dongelong, diengeling, daar lui die klok.
Glimlaggies orals, ons is nie meer gehok.
Gillend hardloop almal na die hek.
Nie so haastig, hoor ons die harde stem trek.
Sal alle Graad 3's net agterbly!
Kom nou, kinders, die bus gaan nie ry.
Ag nee! Ag nee! Wat gaan nou gebeur?
My naweek weg, hoekom
my nou kom keer?
Julle moet asseblief die
speelterrein skoonmaak.
Het julle vergeet? Vandag
begin jul naweektaak!

Wat is die Graad 3's se naweektaak?

98 • WEEK 5 • VRYDAG

## AANVANGSKENNIS

**DBO-werkboektyd**

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur die vorige week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 57, Aardbewings, bl. 50 en 51.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2, bl. 112.




## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e en oefenboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## WEEK 6 OORSIG



# Diere wat help

Hierdie tema strek oor **drie weke**. Dit het een Gedeelde Lees-teks vir al drie weke. Langs elke bladsy van die Gedeelde Lees-teks is 'n begripsoefening. Die ses begripsoefeninge sal oor die drie weke voltooi word, twee per week, soos in hierdie gids verduidelik word. Daar sal as gevolg hiervan geringe afwykings van die geletterdheidsrooster wees.

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- 'n Toneelstuk lees en verstaan
- Verstaan dat diere en mense mekaar help
- Navorsing oor 'n nuttige dier doen
- Onafhanklik lees oor diere wat mense op ongewone maniere help
- 'n Toneelstuk in kleiner groepe lees
- 'n Opsomming van die toneelstuk skryf
- Twee begripstoetse voltooi wat woordeskat- en taalitems insluit.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte** (Engels op die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | skraal | vriendelik | strand | lê (lê op die strand) | plaashuis |
| | *bony (thin)* | *friendly* | *beach* | *lying (as in lying down)* | *farm house* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | kos | klere | vervoer |
| | *food* | *clothing* | *transport* |

## MATERIALE

- Leerder se oefenboek vir Skryf, Onafhanklike Lees-antwoorde en Handskrif
- Penne vir Handskrif (van hierdie week af, behalwe vir assessering)
- Kunsmateriale: verf, kryte, papier
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

## ASSESSERING

**Informele assessering:** Onafhanklike Skryf (opsomming van 'n toneelspel); Begripstaak, Handskrif, OW-antwoorde

**Formele Assesseringsaktiwiteite**
**Nota:** Formele assessering is versprei tussen Week 6 tot 8 (sien bl. 4). Meer aktiwiteite begin in Week 6 omdat dit deel van die laaste kwartaal is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ma.–Vr. | Lees 1: Individuele lees (mondeling)* | MONDELING | OG bl. 89, 91, 93, 95 en 97 |
| Ma.–Di. | Visuele Kunste: Teken of verf 'n prent | PRAKTIES | OG bl. 89 en 91 |
| Wo. | Aanvangskennis 1: Vind uit oor 'n nuttige dier | LAB bl. 121 | OG bl. 93 |
| Do. | Lees 2: Leesbegrip | LAB bl. 102 en 103 | OG bl. 94 |
| Vr. | Liggaamsopvoeding: Speel 'n speletjie | PRAKTIES | OG bl. 97 |

* Een groep per dag waar mondelinge hardoplees individueel geassesseer word.

# Die monster van Lusikisiki

*Hierdie storie is 'n inleiding tot die Gedeelde Lees-teks in die LAB, bl. 100.*

Eendag lank gelede was daar 'n baie gemene boer en sy selfs meer gemene vrou wat op 'n klein plasie in die Oos-Kaap gewoon het. Ek is jammer om te sê, maar hulle het nie regtig hul plaasdiere versorg nie. Hulle het die meeste van hul tyd spandeer om te sit en bier drink.

Hulle het 'n vriendelike hond, 'n koei, 'n bok en 'n paar henne gehad. Maar die boer en sy vrou was moeg om die diere te versorg. Die boer het vir sy vrou gesê: "Ons moet van hierdie ou, nuttelose diere ontslae raak. Ons kan hulle opeet of ons kan hulle môre mark toe neem en verkoop, dan het ons geld."

Hond en Koei kon goed hoor en het alles gehoor wat die gemene boer gesê het. Hulle was baie hartseer. Hulle het die ander diere bymekaargeroep en hulle vertel wat die boer se planne was. Koei het gesê: "Ek dink ons moet weghardloop en 'n nuwe lewe ver weg van hierdie aaklige plaas begin." Die ander het almal saamgestem.



Hulle het gewag totdat dit donker was en toe stilletjies die plaas verlaat. Hond het die pad aangedui. Die diere wou see toe loop sodat hulle op die strand kon gaan woon. Hulle het dwarsdeur die nag geloop totdat hulle 'n nou paadjie wat na die see lei, ontdek het. Teen hierdie tyd was hulle al baie moeg.

Toe skielik, in die pikdonker, het hulle 'n meisie hoor huil. Hen het op Koei se horings gespring om te kyk wat aangaan. Wat Hen gesien het, was verskriklik. "Daar is 'n ou man besig om 'n jong meisie in die pad af te sleep. Sy huil en sê: 'Laat my gaan. Ek wil nie jou vrou wees nie.' Maar hy sê net vir haar om stil te bly en sleep haar verder."

Die diere was baie ontsteld. "Ons moet haar help," het Hond gesê. Die ander het ingestem.



Die henne het gesê: "Kom ons maak 'n geraas en pik hom met ons skerp snawels."

"En ek sal hom met my groot horings steek," het Koei gesê.

"En ek sal hom met my kop stamp," het Bok gesê.

"En ek sal hom met my skerp tande byt," het Hond gesê.

Die man kon niks sien nie, want dit was pikdonker. Maar skielik het hy 'n harde gestamp van voete en 'n warboel van vreemde geluide gehoor. Toe het hy skerp horings in sy sy voel steek, iets sy been gevoel gebyt, iets wat sy kop pik en iets wat besig was om hom om te stoot. Hy was vreesbevange. Hy het die meisie gelos en om hulp geroep: "Hawu! Hawu! Wat gaan aan? 'n Mal, wilde monster is besig om my aan te val!"

En toe het hy so vinnig as wat hy kon, weggehardloop.

*Wat dink julle het volgende gebeur?*

*Julle sal die res van die storie môre in jul LAB'e lees.*

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT — Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Dink aan enige nuus wat jy gehoor het of 'n TV-program wat jy oor diere gesien het.
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel:** 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.



## KLANKE — Hersiening: Voltooi die blokkiesraaisel

BL 113
15 min




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 112
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.
- Leerders mag vanaf hierdie week met die gebruik van penne in plaas van potlode eksperimenteer.



## LEES — Onderwyser lees hardop

OG
BL 87
15 min



**Vóór lees**

- Stel die storie bekend: Ons gaan na 'n storie oor 'n paar gawe diere luister.
- Verskaf 'n doel om te luister: Luister om uit te vind hoe die diere 'n jong meisie gehelp het.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**

- Sien jy daarna uit om te hoor wat volgende gaan gebeur?
- Hoe dink jy eindig die storie? (Laat slegs 2–3 leerders antwoord.)

## MONDELINGE BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op klankleesboeke gebaseer is.

## LEES ASSESSERING 1 EN ONAFHANKLIKE WERK

**Sien na:** Sien bl. 142
**Punte:** 10

### Individuele lees (Groep 1)

- Hierdie week in GBL-tyd gaan jy individuele hardoplees assesseer.
- Roep die leerders een-een na jou tafel om vir jou te lees.
- Gebruik 'n Gedeelde Lees-teks of enige ander bekende teks.
- Luister na elke leerder wat vir omtrent 1 minuut hardop uit die teks lees.

**Let wel:** Moenie die leerders verneder indien hulle sukkel om op hierdie graadvlak te lees nie. Stop hulle en gee aan hulle 'n makliker teks (OW-sinne). Help hulle met moeilike woorde indien nodig. Dit sal nie toegekende punte affekteer nie.

- **Onafhanklike Werk**: Lees die sinne

**BL 114**
**30 min**




## AANVANGSKENNIS

### Diere wat ons help

**BL 115**
**30 min**

**Stel die konsep bekend**

- Is daar enige diere waar julle woon – in of naby jul huis?
- Watter soort diere is dit?

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wat weet julle van nuttige diere/diere wat ons help?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** met die klas

**KWL-kaart (LAB bl. 115)**

- Skryf die leerders se bydrae in ry 1 van jou KWL-kaart op die bord.
- Vra: Waaroor wil julle graag hierdie week leer? Skryf dit in ry 2.
- Leerders kies een item uit elke ry om op hulle KWL-kaarte te kopieer.




## VISUELE KUNSTE ASSESSERING

### Illustreer 'n storie

**30 min**

**Klasbespreking**

- Verduidelik dat 'n illustrasie 'n prent is wat 'n deel van 'n storie wys.
- Vra: Kan julle enige illustrasies in jul LAB'e vind? Help die illustrasie julle om die storie beter te verstaan?
- Hersien die hardopleesstorie *Die monster van Lusikisiki*. Bespreek waar dit plaasvind, wie of wat die karakters is, en wat gebeur.

**Beplan**

- Sê vir die klas dat hulle 'n toneel uit die storie gaan illustreer.
- Hulle prente moet ten minste twee mense of diere insluit.
- Hulle moet die prente beplan sodat die goed in die voorgrond groter as die goed in die agtergrond is.
- Herinner hulle aan die horison, die verdwynpunt, perspektief en die verhouding tussen figure teenoor mekaar.

**Teken**

- Leerders begin om hul prente te teken of te verf.
- Hou die prente veilig om die volgende dag te voltooi.

**Sien na:** Sien bl. 149
**Punte:** 5

## LIGGAAMSOPVOEDING

### Inleiding

**30 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



## DINSDAG

### LUISTER EN PRAAT — Wat is 'n toneelstuk?

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Verlede kwartaal het ons 'n toneelstuk gelees. Dit was oor twee oumas. Hoe is toneelstukke verskillend en dieselfde as 'n storie?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel:** Deel van die verskille/ooreenkomste (bv. beide het karakters, 'n toneelspel het woorde wat deur die karakters gepraat en vertolk word, 'n storie is verdeel in hoofstukke, terwyl 'n toneelstuk in tonele verdeel is, ens.).
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

### KLANKE — Hersiening: Vul die ontbrekende klanke in

BL 116
15 min




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

### HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 112
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.

### GEDEELDE LEES — Woordeskat en begrip

BL 100–110
15 min




Julle gaan eers die hele storie lees, voordat julle met individuele bladsye gaan werk. Neem kennis dat die storie op elke tweede bladsy voortgaan.

**Voor lees**

- Lees en bespreek kortlik die titel en vorm van die teks ('n toneelstuk). Let op hoe dit aansluit by die hardopleesstorie op elke tweede bladsy.

**Gedeelde Lees**

- Lees die hele teks vir die leerders.
- Lees die eerste keer al die dele self.
- Stop om enige nuwe woorde of konsepte te verduidelik.

**Ná lees**

- Was dit 'n gelukkige einde? Verduidelik.
- Was dit dieselfde as wat jy voorspel het?

### SKRYF — Woordeskat

15 min




**Stel die woordeskatwoorde bekend**

- Lees die flitskaarte. Die woorde is almal uit Toneel 1 van die toneelstuk (bl. 100 en 102).

**Woordsoek**

- Lees die eerste twee bladsye van die toneelstuk weer vir die klas. Lees al die rolle.
- Terwyl jy lees, soek leerders woordeskatwoord in die LAB-teks. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord. Sommige woorde sal meer as een keer voorkom.

**Skryf**

- Leerders kopieer die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Sit die flitskaarte** op die Woordmuur.



## LEES ASSESSERING 1 EN ONAFHANKLIKE WERK

**Sien na:**
Sien bl. 142
**Punte:** 10

### Individuele Lees (Groep 2)

- Gaan voort met assessering van individuele leerders.



- **Onafhanklike Werk:** *Oupa Jan is lief vir voëls*

**BL 117**
**30 min**






## AANVANGSKENNIS

### Diere wat ons help

**BL 118**
**30 min**

**Bespreek**

- Dinkskrum name van diere wat vir ons van nut is. Skryf hul name op die bord.
- Kategoriseer dit in die verskillende maniere waarop diere vir ons van nut is, bv. gee vir ons kos, gee vir ons klere, lewer vir ons dienste, ens.

**Lees en doen**

- Lees bl. 118 in die LAB vir en saam met die klas.
- Leerders voltooi die aktiwiteit op hul eie deur hul eie lys te maak.






## VISUELE KUNSTE ASSESSERING

**30 min**

### Illustrasie van ’n storie (vervolg)

**Aktiwiteit**

- Leerders voltooi hul prente deur óf verf óf ander toepaslike medium te gebruik.

**Stal uit**

- Stal die kunswerke uit.

**Sien na:**
Sien bl. 149
**Punte:** 5





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT — Lees toneelstuk, Toneel 1

BL 100
15 min

**Berei voor**
- Lees die toneelstuk in groepe.
- Vorm groepe van 10–11 leerders of kleiner groepe waar leerders meer as een rol lees.
- Die groepleier sê wie watter rol moet lees.

**Lees**
- Lees Toneel 1 in die LAB op bl. 100 in dele/rolle. Sommige leerders sal slegs in Toneel 2 en 3 lees.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**KARAKTERS**
Boer, boer se vrou, hond, koei, bok, henne (1–3), meisie, man, kinders (2)



## KLANKE — Hersiening: Skryf jou eie sinne

BL 119
15 min

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.






## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 112
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.






## LEES — Leesbegrip: Die diere kom bymekaar (1)

BL 100
15 min

**Lees**
- Hersien hierdie week se woordeskatwoorde deur die flitskaarte op te hou.
- Lees weer bl. 100 in die LAB saam met die leerders.

**Vrae**
- Kyk na die ooreenstemmende begripstaak op bl. 101.
- Lees en verduidelik enige vrae wat jy dink die leerders moeilik mag vind.






## SKRYF — Leesbegrip: Die diere kom bymekaar (1)

BL 101
15 min

**Skryf**
- Voltooi die skriftelike aktiwiteit op bl. 101 in die LAB.

**Sien na en korrigeer**
- Gaan met die klas deur die antwoorde.
- Leerders merk self of ruil boeke om.





## LEES ASSESSERING 1 EN ONAFHANKLIKE WERK

### Individuele Lees (Groep 3)

- Gaan voort met assessering van individuele leerders.

**Sien na:** Sien bl. 142
**Punte:** 10



- **Onafhanklike Werk:** *Rotte*!

**BL 120**
**30 min**


DATUM

Rotte!

Dink aan rotte. Skryf twee woorde neer wat by jou opkom.

Het jy "slim" neergeskryf? Indien wel, is jy heeltemal reg. Rotte kan baie goed ruik. Hulle kan dinge vind deur dit te ruik. Rotte kan geleer word om dinge te doen om mense te help.

Hulle kan geleer word om bomme op te spoor. Dit kan mense se lewens red.

Hulle kan geleer word om sekere siektes aan mense se liggame te ruik. Dit kan die dokters help om vir die mense die regte medisyne te gee.

Hulle kan geleer word om dwelms wat mense in hul bagasie wegsteek, op vliegtuie op te spoor. Die rotte hardloop oor die sakke en ruik die dwelms uit.

Skryf 'n paragraaf oor hoe rotte mense help.

120 · WEEK 6 · WOENSDAG



## AANVANGSKENNIS ASSESSERING 1

### Vind uit oor 'n nuttige dier

**Opdrag**

- Herinner leerders aan dit wat hulle alreeds van nuttige diere weet.
- Verduidelik dat hulle 'n kort navorsingsprojek gaan doen. Herinner hulle aan waar hulle inligting kan kry (*in hul LAB'e, in biblioteekboeke, deur mense te vra, op die Internet, selfoon of rekenaar*)
- Lees die opskrifte in die blokke op bl. 121 in die LAB vir en saam met die leerders.

**Skryf**

- Leerders doen hul navorsing en skryf hul bevindings in die blokke.

**Sien na:** Sien bl. 148
**Punte:** 15

**BL 121**
**30 min**


DATUM

Vind uit oor 'n nuttige dier

Kies 'n dier om meer oor uit te vind. Voltooi die blokke.

'n Nuttige dier

Naam van die dier:

Waar jy dit gevind het:

Hoe dit help (✔)
Kos
Klere
Werk

Wat dit doen:

Ander interessante feite:

Vertel vir die klas van die nuttige dier.

WEEK 6 · WOENSDAG · 121



## UITVOERENDE KUNSTE

### Kreatiewe dramaspeletjies

**30 min**

**Warm op**

- Leerders loop op 'n maatslag in die klas rond.
- Hulle loop op verskillende maniere, bv. marsjeer soos 'n soldaat, loop met stywe arms en bene, loop sywaarts soos 'n krap.
- Hulle stop wanneer die maatslag stop.

**Speel die speletjie**

- Sê vir die leerders om 'n bal te visualiseer – hulle moet 'n prentjie sien van watter vorm dit is, hoe swaar dit is, ens.
- Vra: Hoe sou jy die bal met jou hande wys?
- Leerders maak beurte om die denkbeeldige bal na mekaar te gooi, wat weer voorgee dat hulle dit vang.
- Gaan voort totdat almal 'n beurt gekry het.

**Koel af**

- Leerders lê op hulle rûe, maak al hul spiere styf/trek dit saam, van hul gesigte tot by hul tone.
- Dan verslap hulle al hul spiere, maak hul liggame swaar op die vloer, ens.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT

### Lees 'n toneelstuk, Toneel 2

**BL 104 en 106**
**15 min**



**Verduidelik**

- Leerders gaan voort om die toneelstuk in dieselfde groepe as die vorige dag te lees.

**Lees**

- Groepe lees Toneel 2 van die toneelstuk op bl. 104 en 106 in die LAB saam met die leerders wat die rolle die vorige dag gelees het.



## KLANKE

### Hersiening: Voltooi die sinne

**BL 122**
**15 min**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



DATUM

Voltooi die sinne

Skryf die verkleiningsvorm van die onderstreepte woorde.

1 My mooiste prent kom in 'n raam.
My mooiste prent kom in 'n ______.

2 Dis heerlik koel onder die boom.
Dis heerlik koel onder die ______.

3 Die stroom vloei rustig.
Die ______ vloei rustig.

4 Ek dra 'n kostuum vir die konsert.
Ek dra 'n ______ vir die konsert.

5 Mamma sit vir my broek 'n soom in.
Mamma sit vir my broek 'n ______ in.

6 Die oom stap met sy hond.
Die ______ stap met sy hond.

7 Ek het 'n mooi droom gehad.
Ek het 'n mooi ______ gehad.

8 Sy hou haar arm vas.
Sy hou haar ______ vas.

122 • WEEK 6 • DONDERDAG



## HANDSKRIF

### Sinne (lopende skrif)

**BL 112**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.






## LEES ASSESSERING 2

### Leesbegrip: Die diere kom bymekaar (2)

**BL 102 en 103**
**15 min**

**Berei voor**

- Verduidelik dat dit 'n begripstoets is wat geassesseer gaan word om uit te vind hoe goed leerders verstaan wat hulle lees.
- Leerders lees een bladsy in stilte en beantwoord die vrae.

**Skryf**

- Beantwoord die vrae oor die teks op bl. 103 in die LAB.

**Sien na:**
Sien bl. 142
**Punte:** 10






Leesbegrip

Lees Die diere kom bymekaar (2) (bladsy 102).

1 Skryf die geluide wat die diere maak neer.

| | |
|---|---|
| hond | |
| koei | |
| henne | |
| bok | |

2 Wie se mening word gegee?

3 Hoe voel die diere? Hoekom?



## LEES ASSESSERING 1 EN ONAFHANKLIKE WERK

**Sien na:**
Sien bl. 142
**Punte:** 10

### Individuele Lees (Groep 4)

- Gaan voort met die assessering van individuele leerders.



- **Onafhanklike Werk:** *Honde wat mense red*

**BL 123**
**30 min**


DATUM

Honde wat mense red

Tydens 'n aardbewing skud die aarde omdat die klippe diep onder die grond beweeg.
Die land, Turkye, het 'n slegte aardbewing ondervind. Geboue het inmekaargestort. Mense was vasgevang in die bouvallige geboue, maar niemand kon hulle sien nie.

Watter diere, dink jy, het gehelp om hierdie mense te vind. Skryf jou antwoord hier.

Die antwoord is **honde**. Honde kan rats oor bouvallige geboue klim. Hulle kan hoor wanneer iemand om hulp roep. Hulle kan ook ruik waar mense in die bouvallige huise is.
Suid-Afrika het opgeleide honde na Turkye gestuur om ná die aardbewing te gaan help. Meer as 8 000 mense is uit die bouvallige geboue gered. Honde het baie mense gevind. Hulle het oor die bouvallige geboue gehardloop en geblaf wanneer hulle iemand gevind het. Dan het die ander werkers met masjiene gekom om die mense te red. Hierdie slim honde het baie mense se lewens gered.

Teken 'n prent waar 'n reddingshond op puinhoop staan en blaf.

WEEK 6 • DONDERDAG • 123



## AANVANGSKENNIS

**Oorsig van konsep**

**30 min**

**KWL-kaart (LAB bl. 115)**

- Help leerders om die laaste ry te voltooi.

**Groepwerk**

- In kleiner groepe rapporteer leerders terug oor die navorsing wat hulle oor 'n nuttige dier gedoen het.



## UITVOERENDE KUNSTE

**Visualisering**

**30 min**




**Warm op**

- Leerders loop op 'n maatslag in die klas rond.
- Hulle wys verskillende style, bv. weweeg liggies, swaai die arms en draai die liggaam. Stop wanneer die maatslag stop.

**Speel die speletjie**

- Vertel weer die storie van *Die monster van Lusikisiki*.
- Noem 'n karakter en vra die leerders om hul oë te sluit en te visualiseer hoe hulle dink die karakter sou beweeg.
- Herhaal die aktiwiteit vir al die karakters.

**Koel af**

- Leerders lê op hul rûe, ontspan alle spiere, maak slap hande en voete, waggelende kop, los maagspiere, ens.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**25 min**



- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Lees 'n toneelstuk, Toneel 3

BL 108
10 min

**Verduidelik:** Ons gaan vandag Toneel 3 lees.

**Groepe:** Vorm dieselfde groepe.

**Lees:** Groepe lees Toneel 3 van die toneelstuk op bl. 108 in die LAB saam met die leerders wat die vorige dag die rolle gelees het.

Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.



## KLANKE — Spoedlees woorde

BL 124
10 min

- Volg die riglyne vir spoedlees van woorde op bl. 8.



DATUM

Spoedlees woorde

Lees vir een minuut.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| katjie | voël | muisie | broekie | boompie |
| rowe | matjie | hartjie | boetie | soompie |
| julle | vlerkie | potjie | briefie | oompie |
| duiwe | draf | flitsie | liefie | stroompie |
| hulle | vlooi | lyfie | duifie | stompie |
| ketel | grof | flou | lyfie | serpie |
| huisie | vlieg | liefde | fietsie | skulpie |
| voetjie | brief | stertjie | naampie | gansie |
| gogga | broekie | loflied | vroe | kransie |
| besem | gleuf | foutjie | motjie | neusie |

Hoogste telling: ________ woorde

124 • WEEK 6 • VRYDAG

## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 112
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.




## LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min

**Lees en beantwoord vrae**

- Lees hierdie week se OW-tekste hardop vir die klas. Leerders volg in hul boeke.
- Wat het julle omtrent die tekste opgelet? (*dit gaan almal oor nuttige diere*)
- Het julle enige verrassings gekry? (*rotte wat help; duiwe wat briewe aflewer*)

**Sien na**

- Parafeer slegs of lewer 'n algemene kommentaar op die leerders se antwoorde.



## ONAFHANKLIKE SKRYF — Som die toneelstuk op

15 min

**Verduidelik**

- Wanneer jy 'n opsomming skryf, hoef jy nie al die besonderhede te onthou nie. 'n Opsomming is kort en sluit net die hoofgedagtes in. Dit is die uitleg van die storie. Gaan kortliks deur die skryfraam op die bord en kry mondelinge sinne van die leerders.

**Taak 1**

- Gebruik die skryfraam op die bord om die hoofgedagtes van die storie oor te vertel.
- **Kyk na:** Begrip van die storie in die toneelstuk, begrip van wat 'n opsomming is, grammatikaal korrekte sinne in die korrekte volgorde.



## LEES ASSESSERING 1 EN ONAFHANKLIKE WERK

**Individuele Lees (Groep 5)**

- Gaan voort met die assessering van individuele leerders.

**Sien na:**
Sien bl. 142
**Punte:** 10

- **Onafhanklike Werk:** *Duiwepos*

**BL 125**
**30 min**




## AANVANGSKENNIS

**DBO-werkboektyd**

**30 min**

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur die vorige week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 58, Nuttige diere, op bl. 52 en 53.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2, bl. 118–119.




## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

**Speletjie**

**25 min**

- Stel 'n spanspeletjie op met 'n duidelike stel reëls, bv. mini-krieket, mini-sokker of ruiterbal – afhangende van die beskikbaarheid van die apparaat.
- Verduidelik die reëls van die speletjie.
- Verdeel die klas in twee spanne.
- Speel die speletjie. Neem waar en maak aantekeninge.

**Sien na:**
Sien bl. 151
**Punte:** 5



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e en oefenboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Diere wat help

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Leer oor organisasies wat beide kinders en honde help
- Die werk van die twee organisasies wat beskryf is, vergelyk
- Die konsep van Ruimte in kuns verstaan
- Gedigte oor verskillende diere lees
- Die uitleg van 'n oorspronklike dierestorie skryf
- Twee begripstake voltooi wat taal en woordeskat insluit

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte** (Engels op die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | gesleep | seergemaak | gestamp | gestoot | stekery |
| | *pulling* | *hurting* | *poking* | *pushing* | *stabbing* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | kos | klere | vervoer |
| | *food* | *clothing* | *transport* |

## MATERIALE

- Leerders se oefenboeke
- Penne vir handskrif
- Kunsmateriale: papier, viltpenne of kryte
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Handskrif

**Informeel:** Diktee, Begripstake, AK-aktiwiteite

| **Formele Assesseringsaktiwiteite** | | | |
|---|---|---|---|
| Ma. | Luister en Praat 1: Luisterbegrip | LAB bl. 128 | OG bl. 100 |
| Di. | Klanke 1: Klanke | LAB bl. 132 | OG bl. 102 |
| Di.–Vr. | LO: Groepaktiwiteite: Beweging, balans, perseptueel-motories | PRAKTIES | OG bl. 103, 105, 107 en 109 |
| Wo. | Aanvangskennis 2: Vergelyk organsasies | LAB bl. 137 | OG bl. 105 |
| Do.–Vr. | Uitvoerende kunste: Lesersteater | PRAKTIES | OG bl. 105 en 107 |

# Kameelperd en die renostervoëls

**LET WEL:** Hierdie hardopleesstorie word gebruik vir Luister en Praat Assessering.

*Ons het geleer oor hoe diere mense help. Maar diere doen ook goed vir mekaar. Hier is 'n storie oor twee diere wat mekaar gehelp het.*

Lank gelede in Afrika, was daar 'n groot brand. Die vuur het so vinnig versprei en was so verskriklik warm dat al die diere so vinnig soos hulle kon, moes weghardloop. Almal behalwe 'n paar klein voëltjies, genaamd renostervoëls. Hulle kon nie hul neste verlaat nie, want daar was kuikens in wat nog te jonk was om te vlieg.



Die ouers het bekommerd gesien hoe die vlamme nader en nader aan hulle gekom het, en het gesien hoe die ander diere na veiligheid hardloop. Hulle het na hulle geroep en gesê: "Asseblief, help ons, red ons kuikens."

Maar die diere was te haastig om te antwoord. Hulle was te bang om te stop. Hulle was bang dat hulle sou verbrand.

"Wat gaan ons doen?" het die renostervoëls gevra. "Die vuur kom al nader."

Net toe kom Kameelperd verbygehardloop. Sy het die noodkreet gehoor en het nie soos die ander diere weggehardloop nie, maar gestop.

"Hoekom vlieg julle nie weg van die vuur af nie?" het Kameelperd geskree.

"Ons kan nie ons kuikens agterlaat nie," het die renostervoëls geantwoord.

Gawe Kameelperd het haar lang nek tot by die nes gerek. Sy het die kuikens een vir een met haar bek uit die nes gelig en versigtig op haar rug gesit.

"Hou styf vas," het sy gesê en so vinnig soos sy kon rivier toe gehardloop. Die renostervoëlouers het langs Kameelperd gevlieg om seker te maak die kuikens val nie af nie.

"Baie, baie dankie dat jy ons kuikens gered het, Kameelperd," het die renostervoëls gesê toe hulle by die rivier gekom het. "Hoe kan ons jou ooit bedank? Wat kan ons vir jou doen?"

"Wel, daar ís iets wat julle kan doen. Ek kry verskriklik baie bosluise op my rug. Hulle byt my en maak my seer. Kan julle dit dalk met jul skerp snawels van my rug afpik?"

"Ons doen dit graag," het die voëls gesê. "Ons belowe ook plegtig om dit vir ewig en altyd te doen."

Sedert daardie dag het die renostervoëls al die bosluise van die kameelperde se rûe afgepik. Jy sal vandag nog sien dat hulle dit doen as jy 'n wildreservaat besoek.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

**BL 128**
**30 min**




**LET WEL:** Hierdie assesseringsaktiwiteit gaan **30 min**. duur. Dieselfde storie word vir Luister en Praat en Hardoplees gebruik. Ander geletterdheidslesse sal 5 min. ná die normale tyd begin.

**Voor lees**

- Sê vir die leerders dat hierdie 'n Luisterbegrip-assesseringsaktiwiteit is.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**

- Verwys leerders na bl. 128 in die LAB.
- Verduidelik hoe om waar-/onwaar-vrae te beantwoord. Indien die stelling korrek is, is dit waar. Indien die stelling verkeerd is, is dit onwaar.
- Afhangend van die leerders se vaardigheidsvlak kan jy dalk:
  – Deur al die vrae lees voordat hulle die korrekte woorde omkring
  – Die vrae een vir een lees sodat die leerders die antwoorde kan omkring terwyl jy lees.

**Sien na:** Sien bl. 140
**Punte:** 5



## KLANKE

### Hersiening: Vind die verkleinwoorde

**BL 127**
**15 min**




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF

### Sinne (lopende skrif)

**BL 126**
**10 min**




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.

## E-KLASKAMER

**15 min**



- Onderrig 'n les van die E-klaskamer.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne

**BL 129**
**30 min**


DATUM

Lees die sinne

Die koninkie dra 'n kroon.

Daar is 'n dorinkie in my voet.

Daar groei 'n varinkie in ons tuin.

Ek slaap op 'n sagte kussinkie.

Ek kyk op na die kerk se torinkie.

Wat is in my voet?

WEEK 7 · MAANDAG · 129



## AANVANGSKENNIS — Opleiding van honde

**Lees**
- Lees saam met 'n maat bl. 130 in die LAB.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink aan dit wat jy vir 'n hond kan leer om te doen, bv. toertjies, kom wanneer geroep word, om jou huis op te pas, ens.
- **Pare:** Sê vir jou maat wat jy dink wat honde geleer kan word.
- **Deel** met die klas.

**Lees en bespreek**
- Vra: Wat leer Funda Nenja vir die honde?

**BL 130**
**30 min**


DATUM

Opleiding van honde

Honde word dikwels gebruik om mense te help. Honde word gebruik as waghonde en veewagters, om blindes te help om veilig te kan beweeg, om dwelms en plofstof uit te snuffel, om mense te vind wat verlore geraak het en as terapiehonde.

Maar weet ons hoe om honde te help? As ons wil hê dat honde ons moet help, moet ons hulle goed behandel.

In Mpophomeni in Kwazulu-Natal is daar 'n organisasie Funda Nenja, wat "leer saam met 'n hond" beteken.

Elke Vrydag bring die kinders van die gemeenskap hul honde na een van die plaaslike skole om die Funda Nenja-span te ontmoet. Hulle leer hoe om hul honde op te lei om gehoorsaam te wees en hoe om hulle tuis te versorg. Aan die einde van elke sessie kry die honde en die kinders 'n lekkerny.

Die Funda Nenja-span verkoop ook hondekos, hondehokke, halsbande en leibande teen billike pryse. Een keer per maand besoek 'n span veeartse die gemeenskap om siek diere te behandel en om honde te kastreer sodat hulle nie klein hondjies kan kry nie.

Met Kersfees kry elke hond en kind wat deel van die program is, 'n geskenk! Almal geniet die voordele – honde en mense!

Skryf 'n sin oor hoe ons honde goed kan behandel.

130 · WEEK 7 · MAANDAG



## VISUELE KUNS — Ruimte in kuns

**Ruimte in kuns**
- Gesels oor die konsep van ruimte in 'n skildery.
- Ruimte is die area rondom of tussen voorwerpe in 'n prent. Ruimte sluit die agtergrond, voorgrond en die tussengrond van 'n prent in.
- Dui aan dat, indien jy jou bladsy in derdes indeel, die onderste derde die voorgrond sal wees die middelste derde die tussengrond sal wees en die boonste derde die agtergrond sal wees.
- Deur hierdie areas of vlakke van 'n skildery te beheer, kan 'n kunstenaar 'n prent in 3D skilder.

**Kyk vir voorbeelde**
- Kyk na die grootte en besonderhede in die voorgrond, tussengrond en agtergrond van die voorbeeldskildery.
- Lees die teks in die LAB.

**Klasbespreking**
- Vra: Dink julle die prent lyk realisties/werklik of nie?

**BL 131**
**30 min**






## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2 — Inleiding

**Sien na:** Sien bl. 151
**Punte:** 5

**30 min**

**Berei voor**
- Kies vier verskillende aktiwiteite op bl. 25 vir die week.
- Aktiwiteit 1 gaan geassesseer word. Die onderwyser gaan elke dag 1/4 van die leerders waarneem.

**Aktiwiteit 1:**
- **Warm op: Beweeg**
  - Loop in 'n sirkel, hou hande. Op bevel, verander van rigting.
  - Verdeel groep in twee kringe; een groep aan die binnekant van die ander groep. Die buitenste kring loop kloksgewys en die binneste kring loop anti-kloksgewys. Verander die rigting op bevel.
- **Aktiwiteit: Balans**
  - Staan op een voet vir 20 tellings. Herhaal met die ander voet.
  - Balanseer 'n boontjiesakkie op die kop en hop op die plek.
  - Gimnastiek-aksies: handstand, kopstand of krapstand met die ondersteuning van 'n maat.
- **Koel af: Perseptueel-motories**
  - In pare, doen leerders skaduwee-aksies deur na mekaar te kyk.
  - Berei die apparaat voor.
  - Verdeel die klas in vier groepe vir die week.
  - Stel die aktiwiteitstasies bekend.
  - Wys die apparaat en verduidelik die vier aktiwiteite vir die week.
  - Leerders rolspel die aktiwiteite.

# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT Hoe om 'n gedig voor te dra

**15 min**



Die leerders gaan volgende week hul **assessering** vir Praat doen. Hulle gaan elkeen 'n gedig kies om vir die klas te lees en voor te dra.

**Demonstreer**

- Wys vir die klas hoe om 'n gedig voor te dra.
  - Die titel van my gedig is *Die wind*.
  - Ek het dit gekies, want ek hou van winderige dae.
  - Ek gaan dit nou vir julle lees.
- Lees die gedig met uitdrukking.

**Lees voorbeelde van gedigte**

- Herinner die leerders aan die gedigte wat hulle die afgelope jaar gehoor het.
- Lees 'n paar van die gedigte in Week 5 en 7 saam met die leerders.

**Huiswerk**

- Kies 'n gedig om voor te dra.
- Dink waarom jy daarvan hou.

## KLANKE ASSESSERING 1 Skryf die klanke

**BL 132**
**15 min**

**Skryf die klanke**

- Sê vyf klanke hardop:
  **1)** -ie; **2)** -jie; **3)** -tjie; **4)** -pie; **5)** -kie
- Leerders skryf die klanke in die ooreenstemmende spasies in die LAB.

**Vul die klanke in**

- Leerders voltooi die verkleinwoorde met die korrekte verkleiningsklanke.

**Sien na:**
Sien bl. 141
**Punte:** 10




## HANDSKRIF Sinne (lopende skrif)

**BL 126**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.




## GEDEELDE LEES Woordeskat en vlotheid

**BL 104 en 106**
**15 min**

**Woordeskat**

- Hersien kortliks die vorige week se woordeskat.
- Gebruik die flitskaarte om die nuwe woordeskatwoorde op bl. 104 en 106 van die toneelstuk bekend te stel (Toneel 2).
- Watter woordsoorte is dit? (*aksiewoorde*)
- Vertolk een woord en ons sal raai wat dit is.

**Vlotheid**

- Leerders lees bl. 100, 102, 104 en 106 in pare.




## SKRYF Woordeskat

**BL 104 en 106**
**15 min**

**Woordsoek**

- Lees weer bl. 104 en 106 van die toneelstuk vir die klas.
- Terwyl jy lees, soek leerders woordeskatwoord in die LAB-teks. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord. Sommige woorde sal meer as een keer voorkom.

**Skryf**

- Leerders kopieer vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Sit die flitskaarte** op die Woordmuur.







## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 133

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Gedig: My hond*


DATUM

Gedig

**My hond**

'n Hond, sê Ma, kan ek nie kry,
want wat as hy met ons kat baklei?
Ek het beloof ek sal hom leer
om met die kat te speel en homself te beheer.
Op my verjaarsdag het Ma my verras
met die pragtigste hond, geklee in 'n jas!
My eie, mooi klein brakkie!
Ek noem hom sommer liefste Happie!
Happie moet jy goed versorg en na kyk.
Woef! Woef! antwoord Happie asof hy begryp.
Elke dag moet ek skoon water en kos gee,
en sy hokkie mooi skoon uitvee.
Ek en Happie gaan so lekker speel,
en sommer alles met mekaar deel.
Happie is die beste maat waarvoor
ek ooit kon wens.
Hy blaf so lekker, asof hy lag, as ek
hom kielie op sy pens.

WEEK 7 · DINSDAG · 133



## AANVANGSKENNIS

### Lees vir honde

BL 134

30 min

**Lees en bespreek**

- Hersien dit wat die leerders reeds weet oor hoe honde mense kan help.
- Lees die teks vir en saam met die leerders.

**Skryf 'n sin**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.


DATUM

Lees vir honde

Het julle geweet dat party honde kan help deur te sit en "luister" na kinders wat lees?

"Lees vir honde" het in 1990 in die VSA begin. Opgeleide honde en hul hanteerders het na skole gegaan. Kinders wat gesukkel het om te lees, het langs 'n hond gaan sit en vir die hond gelees. Hulle het beter lesers geword omdat honde nie kwaad of ongeduldig raak nie, en so het die kinders meer selfvertroue opgebou.

Die program word nou regoor die wêreld gebruik. In Suid-Afrika het die Angel Paws Netwerk 'n "Paws to Read"-program in party skole.

Angel Paws

Die honde en hul hanteerders besoek die skole een keer per maand. Die hond is aan 'n leiband en sit op 'n mat. Leerders sit op die mat langs die hond en lees hardop. Die hanteerder bly stil en die leerders streel die hond terwyl hulle lees.

Aan die begin was die leerders bang, maar toe hulle sien dat die hond stil langs hulle sit en sy stert swaai, het hulle veiliger gevoel.

Nou lees die leerders elke keer vir dieselfde hond wanneer hulle die skool besoek.

**Sou jy daarvan hou om vir 'n hond te lees? Skryf 'n sin om jou rede te gee.**

134 · WEEK 7 · DINSDAG



## VISUELE KUNS

### Teken 'n landskap

30 min

**Aktiwiteit**

- Leerders oefen om 'n lyn te trek om die voorgrond, tussengrond en die agtergrond te wys.
  - Trek 3drie geboë lyne regoor die bladsy (sien diagram).
  - Teken 'n voorwerp of dier in die voorgrond – dit moet die ruimte vul.
  - Teken 'n voorwerp of dier in die tussengrond – mediumgrootte.
  - Teken 'n voorwerp of dier in die agtergrond – klein.
- Die tekeninge moet in swart en wit wees – potlood of viltpen.
- **Let wel:** Jy kan hier meer besonderhede kry: https://www.youtube.com/watch?v=q75cDS-ZnbQ

**Bêre dit tot volgende week om te voltooi.**






## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

25 min

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.
- Neem Aktiwiteit 1 waar.

**Sien na:**
Sien bl. 151
**Punte:** 5



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Hoe om 'n gedig voor te dra

15 min



**Verduidelik en demonstreer**

- Verduidelik aan die leerders hoe om 'n gedig voor te dra: praat duidelik, gebruik jou stem (harder, sagter, stadiger of vinniger), gebruik jou liggaam deur gereeld op te kyk, staan regop, ens.

**Dink-pare-deel**

- **Dink** oor hoe jy die gedig gaan bekend stel (die titel, die onderwerp, hoekom jy daarvan hou).
- **Deel** jou inleiding met jou maat. Maak beurte.
- Lees jou gekose gedig vir jou maat. Maak beurte.

**Huiswerk**

- Oefen hoe om jou gedig bekend te stel en te lees.

## KLANKE — Hersiening: Skryf die regte woord

BL 135
15 min




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 126
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.




## LEES — Leesbegrip: Op pad see toe (1)

BL 104 en 105
15 min




**Lees**

- Hersien die week se woordeskatwoorde deur die flitskaarte op te hou.
- Lees weer bl. 104 (derde bladsy van die toneelstuk) saam met die leerders.

**Vrae**

- Kyk na die ooreenstemmende begripstaak op bl. 105.
- Lees en verduidelik enige vrae wat jy dink die leerders dalk moeilik mag vind.

## SKRYF — Leesbegrip: Op pad see toe (1)

BL 105
15 min




**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit op bl. 105 in die LAB.

**Sien na en korrigeer**

- Gaan deur die antwoorde.
- Leerders merk self of ruil boeke om.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 136
30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Gedig: Perd*



DATUM

Gedig

**Perd**

Kyk hoe mooi kan ek galop
met my koppie mooi regop.
Heuwels op en heuwels af.
Ons klomp perde kan baie goed draf.
Ek kan jou vinnig van my rug afgooi
wanneer ek voel jy gaan my te veel looi.
Onthou, ek kan ook seerkry soos jy,
so pas my op, dan kan jy lekker ry.
Ek help graag mense om dinge te vervoer -
van sport tot resies en selfs die liewe boer.
Ons vra nie baie, net vars, sappige hooi,
'n warm stal en liefde. Is dit nie mooi?
Ons galop met grasie en kan ook buig
en hou daarvan as die mense ons toejuig.
Wanneer ons voorberei vir 'n skou
runnik ek hardop as my baas
die medalje ophou!

136 • WEEK 7 • WOENSDAG



## AANVANGSKENNIS ASSESSERING 2

**Vergelyk**

BL 137
30 min

**Lees en bespreek**

- Hersien die teks oor honde van Maandag en Dinsdag.
- Lees die tabel saam met die klas.

**Skryf**

- Leerders voltooi die tabel met die vergelyking van die twee organisasies.

**Sien na:**
Sien bl. 148
**Punte:** 15



DATUM

Vergelyk

**Lees die artikels op bladsye 130 en 134. Voltooi die tabel.**

| | Funda Nenjo | Angel Paws |
|---|---|---|
| Wat doen die organisasie? | | |
| Waar werk hulle? | | |
| Wat, dink jy, is die interessantste van hul werk? | | |
| **Vergelyk die twee organisasies:** | | |
| Wat is dieselfde? | | |
| Wat is verskillend? | | |

Indien jy kon kies, watter organisasie sou jy kies? Hoekom?

WEEK 7 • WOENSDAG • 137



## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

**Lesersteater**

30 min

**Berei voor**

- Verduidelik dat lesersteater 'n kombinasie van lees en rolspel is.
- Die akteurs kan hul woorde lees; hulle hoef dit nie uit hul koppe te ken nie.
- Akteurs se aksies, houdings en uitdrukkings maak die rolspel interessant.
- Sommige akteurs gebruik rekwisiete soos hoede, stokke, ens.
- Onthou, verhooginstruksies is in skuingedrukte skrif geskryf, so dit moet gedramatiseer word en nie gelees word nie.
- Demonstreer hoe om een of twee lyne van die toneelstuk te lees deur uitdrukkings en verskillende stemme te gebruik.

**Groepe**

- Leerders werk in klein groepe.
- Elke groep berei een toneel van *Die monster van Lusikisiki*.
- Hulle bespreek aksies, houdings en rekwisiete.
- Leerders doen voorbereidings en oefen hul toneel om dit die volgende dag op te voer.



**Sien na:** Sien bl. 150
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

25 min

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25
- Neem Aktiwiteit 1 waar.

**Sien na:**
Sien bl. 151
**Punte:** 5



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT — Hoe om 'n gedig voor te dra

15 min



**Pare**
- Vind 'n plek vir die pare om hul gedigte vir mekaar op te voer. Hulle moet dit dalk buite doen.
- Dra jou gedig vir jou maat voor.

**Huiswerk**
- Gaan voort om te oefen vir volgende week se assessering.



## KLANKE — Hersiening: Voltooi die sinne

BL 138
15 min


DATUM
Voltooi die sinne
Skryf die verkleiningsvorm van die woorde tussen hakies om die sinne te voltooi.
1 Ek kweek 'n (voring) in my tuin.
2 Die (koning) bly in die kasteel met die hoë (toring).
3 Ek gril vir die (paling) in die rivier.
4 Ek het in 'n (doring) getrap.
5 Ek sit die teekoppie op die (piering).
6 Ons hou 'n (vertoning) by die skool.
7 Hul (woning) is 'n netjiese huis.
138 • WEEK 7 • DONDERDAG

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 134
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.






## LEES — Leesbegrip: Op pad see toe (2)

BL 106 en 107
10 min


Toneel 2 (vervolg)
Op pad see toe (2)
106 • WEEK 6

**EAT**
- Gebruik die flitskaarte om die week se woordeskatwoorde te hersien.
- Draai die flitskaarte om en stel die Engelse woorde bekend.

**Lees**
- Lees weer bl. 106 in die LAB (vierde bladsy van die toneelstuk).

**Vrae**
- Kyk na die ooreenstemmende begripstaak in die LAB op bl. 107.
- Lees en verduidelik enige vrae wat jy dink die leerders dalk moeilik mag vind.



## SKRYF — Leesbegrip: Op pad see toe (2)

BL 107
15 min


Leesbegrip
Lees Op pad see toe (2) (bladsy 106).
WEEK 6 • 107

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Kontroleer en korrigeer**
- Gaan deur die antwoorde.
- Leerders merk self.



## GEDEELDE SKRYF — Beplan 'n storie

15 min

**Verduidelik**
- Leerders doen hierdie week hul voorbereiding om volgende week hul eie oorspronklike dierestorie te skryf.

**Pare**
- Gesels oor 'n dierestorie waarvan jy dalk mag hou om te skryf (3 min.).

**Gedeelde Skryf**
- Skep 'n voorbeeld van 'n storie saam met die klas. Hou die oorspronklike idee gereed, byvoorbeeld: Ek wil 'n storie skryf oor 'n hond wat 'n kind help.
  – My karakters is 'n kind en 'n hond. Watter name sal ek vir hulle gee?
  – Waar sal my storie plaasvind? (*in die stad, op 'n plaas, by die see*)
  – Wat sal eerste gebeur? (*seuntjie wat met sy hond gaan stap*)
  – Wat gebeur daarna? (*raak weg, huil*)
  – Hoe eindig die storie? (*hond wat hom huis toe lei*)

| Storiebeplanning | |
|---|---|
| Karakters | |
| Agtergrond/ omgewing | |
| Intrige | |
| Begin | |
| Middel | |
| Einde | |




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 139
30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Gedig: Skapie*


DATUM
Gedig
Skapie
Aan my lyf is 'n lekker woljas
vir die winter is dit regtig gepas.
En voor dit dalk te warm voel,
skeer boer dit af; dan is dit koel.
Ons wol word dan gewas en gekleur
vir 'n trui vir sus en vir bobobeer.
Ons blêr en mê vir boer se hond,
want hy jaag ons onnodig rond.
Soms moet ons op 'n trokkie klim
en dis nie altyd baie slim.
Dis slagpale toe, dit weet ons nou
sodat die mense 'n tjoppie kan kou.
WEEK 7 • DONDERDAG • 139



## AANVANGSKENNIS

### Oorsig van konsep

30 min

**KWL-kaart (LAB bl. 115)**
- Help die leerders om by die tweede ry te voeg.

**Bespreek**
- Leerders gesels in pare oor hoe hulle oor honde voel. Gebruik hierdie vrae:
- Is hulle bang vir honde of hou hulle van honde?
- Dink hulle honde is intelligent? Hoekom/Hoekom nie?
- Wat sal hulle graag vir hul honde wil leer om te doen?



## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

30 min

### Lesersteater (vervolg)

**Voer op**
- Elke groep voer hul lesersteater vir die klas op.

**Evalueer**
- Moedig leerders aan om positiewe kommentaar ná elke opvoering te gee.
- Lewer kommentaar op gesigsuitdrukkings, houding en beweging.

**Sien na:**
Sien bl. 150
**Punte:** 5





## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

25 min

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-Aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.
- Neem Aktiwiteit 1 waar.

**Sien na:**
Sien bl. 151
**Punte:** 5



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Is julle gereed vir jou mondelinge aanbieding volgende week? Wat was die moeilikste deel van jou voorbereiding? Wat het jy omtrent jouself geleer?
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel** met die klas.

## KLANKE — Diktee

BL 140
15 min




- Volg die riglyne vir diktee op bl. 8.

**Sinne:**
Sin 1: **Ek pluk 'n blommetjie in die veld.**
Sin 2: **Jana blaas die vlammetjie dood.**
Sin 3: **Ans dra 'n brilletjie as sy lees.**

## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 126
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.

## LEES — Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**
- Lees hierdie week se OW-tekste op bl. 133, 136, 139 en 141 hardop **vir** die klas. Leerders volg in hul boeke.

**Bespreek die teks**
- Van watter dieregedig het jy die meeste gehou? Hoekom?

**Sien na**
- Parafeer slegs. Let op wie nie in staat is om te lees of vrae te beantwoord nie.

## ONAFHANKLIKE SKRYF — Beplan 'n storie

15 min




**Verduidelik**
- Sê vir die leerders dat hulle 'n oorspronklike storie op hul eie gaan beplan en skryf. Hulle volg die voorbeeld wat julle Donderdag saam geskryf het.
- Hul storie kan oor diere gaan of dit kan oor diere en mense gaan, maar dit moet hul eie skepping wees.

**Individuele skryf**
- Leerders kopieer die skryfraam en vul die uitleg van hul eie storie in.
- Moedig hulle aan om hul eie idees te gebruik en nie dít wat in die voorbeeld was nie.
- Kyk vir: voltooiing van die skryfraam met woorde of frases sodat hulle volgende week hul eie storie kan skryf.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 141

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Gedig: Bettie By*






## AANVANGSKENNIS

**DBO-werkboektyd**

30 min

**Sien na en gee terugvoering**
- Gaan saam deur die vorige week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**
- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 63, Diere wat vir ons werk: honde bl. 62 en 63.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2, bl. 121.






## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

25 min

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.
- Neem Aktiwiteit 1 waar.

**Sien na:**
Sien bl. 151
**Punte:** 5



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**
- **die LAB'e en oefenboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**
- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

   

# Diere wat ons help

**NEEM KENNIS:** Julle mag dalk die toneelstuk vir die ouers by die jaareindvieringe wil opvoer. Indien wel, oefen hierdie week die toneelstuk. Sien die notas oor hoe om 'n toneelstuk op te voer op bl. 124.

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Lees oor maskers en hoe om 'n dieremasker te maak
- Die storie van Lena en die donkie skep
- Bewus word van dierergte
- 'n Plakkaat maak oor hoe om diere te versorg
- Twee begripstoetse voltooi
- Gedigte vir die klas opvoer
- Aan toneelopvoeringsoefening deelneem (indien van toepassing).

## VOORBEREIDING

**Flitskaarde** (Engels op die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | doring | braambosse | onkruid | afval | wurms |
| | *thorny* | *brambles* | *weeds* | *scraps* | *worms* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | kos | klere | vervoer |
| | *food* | *clothing* | *transport* |

## MATERIALE

- Leerders se oefenboeke
- Penne vir Handskrif (behalwe vir assesseringsdag)
- Kunsmateriale: papier, verf of viltpenne
- Benodigdhede om maskers te maak (indien nodig): papierborder, afvalkarton, plakkaatverf of viltpenne, skêre, gom, stokkies om die maskers vas te hou
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Handskrif

**Informeel:** Diktee, Begripstoetse, AK-aktiwiteite

| **Formele Assesseringsaktiwiteite** | | | |
|---|---|---|---|
| Ma.–Vr. | Luister en Praat 2: Dra 'n gedig voor | MONDELING | OG bl. 112, 114, 116, 118 en 120 |
| Ma. | Handskrif: Sinne (lopende skrif) | LAB bl. 142 | OG bl. 112 |
| Do. | Klanke 2: Diktee | LAB bl. 152 | OG bl. 118 |
| Vr. | Skryf 2: 'n Dierestorie | Oefenboek | OG bl. 120 |

# Hulle noem my Lena

Woorde om te leer voordat jy die storie lees: vul (vulletjie), galop, hoewe

*Leerders kan die storie volg deur na die prente op bl. 145 in die LAB te kyk terwyl die onderwyser die storie lees.*



Hulle noem my Lena. Ek is 'n donkie. Ek het voorheen 'n karretjie getrek. 'n Karretjie is 'n kar wat donkies trek. Toe ek nog 'n vulletjie was, het ek langs my mamma gehardloop terwyl sy die karretjie getrek het. Ons eienaar was 'n skaapskeerder. Hy het van plaas tot plaas gegaan om die wol van die skape te skeer. Hy was gaaf. Wanneer ons die karretjie baie ver moes trek, het hy ons laat rus. Hy het vir ons water gegee.



Maar toe hy begin oud raak, het sy seun die karretjie gery. Die seun het ons geslaan sodat ons met die karretjie moes galop. Hy het gelag as ons oor die klippe val. My hoewe was gebreek en baie seer.



Eendag het ons op 'n plaas gekom waar 'n baie gawe vrou gewoon het. Die seun het ons vir 'n lang tyd aan die karretjie vasgemaak en net so gelos. Die vrou het vir ons water in 'n emmer kom gegee. Ons was baie dors. Sy het die emmer 'n paar keer volgemaak. Sy het ons toegelaat om soveel water te drink as wat ons wou. Sy het na ons hoewe gekyk en ons gestreel. Sy het in 'n sagte stem met ons gepraat.





Ons het gehoor hoe die vrou met die seun praat. Sy het met 'n harde stem met hom gepraat. Sy het haar vinger voor sy gesig geswaai. Die seun het ons kom losmaak en ons toegelaat om die gras te eet.

Toe dit tyd was vir die karretjie om te gaan, het die gawe vrou gekom. Sy het na my hoewe gewys en haar kop geskud. Sy het vir die seun geld gegee. Die seun het my losgemaak. Die ander donkies het die karretjie weggetrek.



Die gawe vrou het my saam met die skape in die veld laat bly. Sy het vir my gesê om die skape op te pas. Ek het na die skape gekyk. Die skape het na my gekyk. Ons het almal die soet gras in die veld geëet. Ek het gerus. Ek het weer sterk gevoel.

Een nag het daar groot honde veld toe gekom. Die skape het na my toe gehardloop. Die honde wou die skape byt. Ek het hulle met my harde hoewe geskop. Die honde het weggehardloop.

Die volgende oggend het die gawe vrou gekom. Sy het my geroskam. Sy het gesê dat ek 'n goeie "wag-donkie" was.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2

15 min

### Voordrag van 'n gedig

- Leerders dra hul gedigte een vir een vir die klas voor.
- Probeer om elke dag na tien leerders te luister. Dit mag beteken dat ander beskikbare tyd gebruik moet word.
- Sê iets positiefs vir elke leerder wanneer hulle klaar is.
- Probeer om vrywilligers eerste te laat optree. Luister gedurende pouse na leerders wat baie skaam is.

**Sien na:** Sien bl. 140
**Punte:** 10





## KLANKE

**Hersiening: Voltooi die blokkiesraaisel**

BL 143
15 min

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.






## HANDSKRIF ASSESSERING

**Sinne (lopende skrif)**

BL 142
10 min

- Verduidelik dat hierdie 'n assesseringsaktiwiteit is.
- Gebruik 'n potlood vir die assessering. Maak seker jou potlood is skerp.
- Skryf elke sin in lopende skrif op die lyne.
- Skryf noukeurig en netjies.
- Kies jou twee beste sinne om nagesien te word.
- Maak 'n regmerkie langs die twee sinne wat jy kies.

**Sien na:** Sien bl. 143
**Punte:** 5






## LEES

**Onderwyser lees hardop**

OG
BL 111
15 min

**Vóór lees**

- Ons gaan na 'n storie luister oor iemand wat gaaf was teenoor diere.
- Verskaf 'n doel om te luister: Luister om uit te vind hoe 'n ouerige dame 'n dier wat mishandel was, gehelp het.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**

- Wat, dink jy, sou die ou man vir sy seun gesê het as hy gesien het hoe hy die donkies slaan?
- Hoekom, dink jy, het die gawe vrou in 'n sagte stem met die donkies gepraat, maar met 'n harde stem met die seun?



## E-KLASKAMER

15 min

- Onderrig 'n les van die E-klaskamer.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

**BL 144**
**30 min**

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne


DATUM
Lees die sinne
Die lammetjie wei in die veld.
Oupa dra 'n brilletjie.
Die sterretjie skyn helder.
Ek doen die sommetjie in my kop.
Hy drink 'n pilletjie as hy siek is.
Wat drink hy as hy siek is?
144 · WEEK 8 · MAANDAG

## AANVANGSKENNIS Lena die donkie

**BL 145**
**30 min**

**Lees en bespreek**
- Hersien die hardopleesstorie: *Lena die donkie*.
- Kyk na die prente in die LAB.
- Vra: Wat, dink jy, sê die mense? Wat dink die donkie?

**Skryf**
- Vul die spraakborrels op bl. 145 in die LAB in.


DATUM
Lena die donkie
Wat, dink jy, sê die mense? Skryf hul woorde in die spraakborrels.
WEEK 8 · MAANDAG · 145

## VISUELE KUNSTE Teken 'n landskap (vervolg)

**30 min**

**Bespreek**
- Hersien wat die leerders omtrent ruimte in kuns geleer het. Gebruik woordeskat: voorgrond, tussengrond, agtergrond.
- Hersien wat die leerders omtrent patrone en tekstuur weet: hoe die gebruik van verskillende patrone (kolle, lyne, kruise) tekstuur by 'n prent kan voeg en dit 3D laat lyk.
- Hersien wat die leerders omtrent fokuspunte en kleur weet: hoe kleurgebruik die oog op 'n spesifieke deel van die prent kan laat fokus; hoe kleure in die voorgrond gewoonlik helderder en duideliker is.

**Doen aktiwiteit**
- Leerders gebruik die swart en wit tekeninge wat hulle verlede week geteken het.
- Voeg addisionele lyne by en vul dit met verskillende patrone, bv. kolle, oorkruisarsering, lyne, sig-sag in verskillende kleure

**Bêre dit veilig om die volgende dag te voltooi**



## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

**30 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# DINSDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2

### Voordrag van 'n gedig (vervolg)

- Leerders dra hul gedigte een vir een vir die klas voor.

**15 min**



**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10



## KLANKE

### Hersiening: Vul die ontbrekende klanke in

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

**BL 146**
**15 min**






## HANDSKRIF

### Sinne (lopende skrif)

- Skryf enige twee sinne in jou oefenboek.

**BL 142**
**10 min**






## GEDEELDE LEES

### Woordeskat en vlotheid

**Woordeskat**

- Hersien kortliks die vorige week se woordeskat.
- Gebruik die flitskaarte om die nuwe woordeskatwoorde op bl. 108 en 110 (Toneel 3) bekend te stel.

**Vlotheid**

- Leerders kies 'n bladsy uit die toneelstuk om vir hul maats te lees.

**BL 108 en 110**
**15 min**






## SKRYF

### Woordeskat

**Woordsoek**

- Lees bl. 108 en 110 weer vir die klas.
- Terwyl jy lees, soek leerders die woordeskatwoorde in die LAB-teks. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord. Sommige woorde sal meer as een keer voorkom.

**Skryf**

- Leerders kopieer die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**BL 108 en 110**
**15 min**







## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Maskers*

BL 147

30 min


DATUM

Maskers

Maskers bedek 'n deel van of jou hele gesig. Hulle word vir verskillende redes gebruik.
- Maskers word by party spesiale **seremonies** gedra. In Afrika dra party mense maskers wanneer hulle tradisionele danse doen.
- Maskers word gebruik wanneer jy **toneelspeel**. Met die masker kan jy soos 'n ander persoon of soos 'n dier lyk.
- Maskers word gebruik om jou teen **kieme** te beskerm. Tydens Covid-19 het baie mense maskers gedra.
- Maskers word in hospitale gebruik. Hulle kan jou help om **asem te haal**.
- Maskers kan ook vir pret gedra word as julle **speletjies** speel.

Teken 'n masker wat jy graag sal wil maak. Sê hoe jy dit sal maak.

WEEK 8 - DINSDAG - 147



## AANVANGSKENNIS Diereregte

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink aan diere wat ons nodig het om na hulle om te sien.
- **Pare:** Sê vir jou maat wat ons kan doen om hierdie diere te versorg.
- **Deel** met die klas.

**Lees en bespreek**
- Lees die teks op die plakkaat op bl. 148 in die LAB vir en saam met die klas.
- Vra: Hoekom moet ons diere versorg?

**Skryf**
- Beantwoord die vrae op bl. 148 in die LAB.

BL 148

30 min


DATUM

Diereregte

Diere het die reg om goed behandel te word. Lees die plakkaat oor diereregte.

Titel – verduidelik waaroor die plakkaat gaan

Stellings oor hoe om die diere te versorg

Inligting oor hoe die diere ons help

Versorging van honde

Gee hulle kos en water

Honde werk vir ons deur ons huise op te pas en deur mense te red. Ons moet hulle dus goed behandel.

Oor watter diere gaan die plakkaat?

Skryf vyf dinge neer wat ons kan doen om ons honde te versorg.

Hoekom moet ons ons honde versorg?

148 - WEEK 8 - DINSDAG



## VISUELE KUNSTE Teken 'n landskap (vervolg)

**Aktiwiteite**
- Leerders voltooi hul landskappe.

**Stal uit en bespreek**

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

25 min



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2

15 min

### Voer ’n gedig op (vervolg)

- Leerders voer hul gedigte een vir een vir die klas op.

**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10



## KLANKE

### Hersiening: Skryf sinne

BL 149
15 min

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.




## HANDSKRIF

### Sinne (lopende skrif)

BL 142
10 min

- Skryf enige twee sinne in jou oefenboek.




## LEES

### Leesbegrip: ’n Nuwe tuiste (1)

BL 108 en 109
10 min

**Lees**
- Hersien hierdie week se woordeskatwoorde deur die flitskaarte op te hou.
- Lees weer bl. 108 (vyfde bladsy van die toneelstuk) saam met die leerders.

**Vrae**
- Kyk na die ooreenstemmende begripstaak op bl. 102.
- Lees en verduidelik enige vrae wat jy dink die leerders dalk moeilik mag vind.

**Vrae**
- Kyk na die begripsvrae op bl. 109.
- Lees en verduidelik enige vrae wat jy dink die leerders dalk moeilik mag vind.




## SKRYF

### Leesbegrip: ’n Nuwe tuiste (1)

BL 109
15 min

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit op bl. 102 in die LAB.

**Sien na en korrigeer**
- Gaan deur die antwoorde.
- Leerders merk self of ruil boeke om.







## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 150
30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Maak 'n koeimasker*






## AANVANGSKENNIS

### Maak 'n plakkaat

BL 151
30 min

**Lees en bespreek**
- Lees saam met die leerders deur die instruksies oor hoe om 'n plakkaat te beplan en te maak.

**Skryf**
- Leerders werk saam met 'n maat deur die instruksies op bl. 150 in die LAB te volg.

**Teken**
- Maak die plakkaat wat julle beplan het in pare.

**Stal uit**
- Stal uit en lewer kommentaar op die plakkate.






## UITVOERENDE KUNSTE

### Spreekkoor

30 min

**Berei voor**
- Verduidelik dat 'n spreekkoor 'n manier is om 'n gedig as 'n groep voor te dra.
- Sommige versreëls (lyne) kan deur individue in die groep gesê word. Ander weer kan deur die hele groep gesê word.
- Die doel is om 'n klankprent met stemme te maak deur die pas (vinnig/stadig), volume (hard/sag), uitspraak (aksent), gebare en stemtoon (hoog/laag) te verander. Ons noem dit verbale dinamika.

**Doen**
- Kies een van die gedigte in die LAB. Bespreek watter versreëls 'n swaarder klank nodig het en watter 'n ligter klank nodig het.
- Verdeel die klas in twee groepe. Een groep lees die swaar reëls deur diep/lae stemme te gebruik. Die ander groep lees die ligte reëls deur hoë stemme te gebruik.
- Oefen om die gedig as 'n klas te lees totdat julle dit vlot kan lees.

**Groepe**
- In groepe van ses of agt, kies leerders 'n ander gedig en merk die reëls wat swaar of ligter is.
- Hulle oefen saam die gedig.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2

### Voer 'n gedig op (vervolg)

- Leerders dra een-een hul gedigte vir die klas voor.

15 min



**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10

## KLANKE ASSESSERING 2 Diktee

- Volg die riglyne vir diktee op bl. 8.

**Sinne:**
Sin 1: **Die ponie spring maklik oor die heininkie.**
Sin 2: **Die koninkie se woninkie is 'n kasteel.**
Sin 3: **Ek het 'n sagte kussinkie op my bed.**

BL 152
10 min




**Sien na:**
Sien bl. 141
**Punte:** 5

## HANDSKRIF Sinne (lopende skrif)

- Skryf enige twee sinne in jou oefenboek.

BL 142
10 min




## LEES Leesbegrip: 'n Nuwe tuiste (2)

**EAT**
- Gebruik die flitskaarte om die week se woordeskat te hersien.
- Draai die flitskaarte om en lees die Engelse woorde.

**Lees**
- Lees weer bl. 110 (sesde bladsy van die toneelstuk).

**Vrae**
- Kyk na die ooreenstemmende begripstaak op bl. 111.
- Lees en verduidelik enige vrae wat jy dink die leerders dalk moeilik mag vind.

BL
110 en 111
15 min




## SKRYF Leesbegrip: 'n Nuwe tuiste (2)

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Sien na en korrigeer**
- Gaan deur die antwoorde.
- Leerders merk self of ruil boeke om.

BL 111
15 min



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Maak 'n hond- en 'n hoendermasker*

BL 153

30 min


DATUM

Maak 'n hond- en 'n hoendermasker

**Benodigdhede**
Twee papierborde of afvalkarton vir die gesigte
Afvalkarton of papier vir die hond se ore en die hoender se snawel en vere
Verf of kryte, skêr, gom, kleefband en 'n stokkie of strooitjie

**Instruksies**

**Hond:**
1 Knip die bord uit soos aangedui. Knip die oë uit. Teken die neus.
2 Knip twee ore uit en plak dit op die bord.

**Hoender:**
1 Knip die bord in die helfte. Knip die oë uit.
2 Knip die snawel en vere uit en plak dit op die bord.

Kies een masker. Maak of teken die masker.

WEEK 8 · DONDERDAG · 153

## AANVANGSKENNIS

**Oorsig van konsep**

30 min

**KWL-kaart (LAB bl. 115)**
- Help leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar/verwerp**
- Hou 'n tweetalige flitskaart vir elke woord op en vra die vrae.

**kos**
1. Slegs plaasdiere kan ons van kos voorsien.
2. Sommige diere word gejag vir kos.
3. Mense kan reptiele en insekte eet.

**klere**
1. Ons kry klere van bye.
2. Ons kan klere maak van die sy van sywurms.
3. Wol word gebruik vir klere.

**vervoer**
1. Olifante kan as vervoer gebruik word.
2. Dit is reg om donkies en perde te slaan so dat hulle werk.
3. Sommige mense gebruik steeds diere as vervoermiddels.

**EAT Lewensvaardigheid** food, clothes, transport

## UITVOERENDE KUNSTE

**Spreekkoor (vervolg)**

30 min



**Voer op**
- Groepe maak beurte om hul spreekkoor op te voer.

**Evalueer**
- Moedig positiewe kommentaar na elke uitvoering aan.
- Lewer kommentaar op verbale dinamika (swaar en ligte klanke).

## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

25 min



- Volg die riglyn vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2

15 min



### Voer 'n gedig op (vervolg)

- Leerders dra hul gedigte een-een vir die klas voor.

**Neem kennis:** indien ál die leerders hul gedigte van hul keuses voorgedra het, kan hierdie tyd gebruik word om die spreekkoor of die toneelstuk *Die monster van Lusikisiki* te oefen.

**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10



## KLANKE Hersiening: Woordsortering

10 min

- Kies enige twee klanke om te hersien.
- Skryf 10–20 woorde op die bord wat die een of die ander klank bevat. Onderstreep die teikenklanke saam met die leerders.
- Trek twee kolomme op die bord. Herskryf twee of drie van die woorde in die korrekte kolom.
- Leerders trek twee kolomme in hul boeke en sorteer die woorde.

| ei | y |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |



## HANDSKRIF Sinne (lopende skrif)

BL 142
10 min

- Skryf enige twee sinne in jou oefenboek.

VRYDAG
Ek is 'n verpleegster.



## LEES Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**

- Lees hierdie week se OW-gedigte op bl. 144, 147, 150, 153 en 154 hardop **vir** die klas.
- Leerders volg in hul boeke.

**Bespreek die teks**

- Van watter gedig het jy die meeste gehou? Hoekom?
- Gaan jy 'n masker maak? Watter een? Het jy enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**

- Parafeer slegs. Let op wie nie in staat is om te lees of vrae te beantwoord nie.



## SKRYF ASSESSERING 2 'n Dierestorie

15 min

**Taak**

- Gebruik die skryfraam om jou dierestorie te skryf.
- Gebruik paragrawe.

Titel
Begin
Middel
Einde

**Sien na:**
Sien bl. 144
**Punte:** 10

## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 154

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk**: *Maak 'n bokmasker*




## AANVANGSKENNIS

DBO-werkboektyd

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur die vorige week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 64, Diere wat vir ons werk: donkies, bl. 64 en 65.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2, bl. 122–123.




## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasie

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e en oefenboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## WEEK 9 OORSIG



# Ons klas het talent

Indien julle 'n feesvieringskonsert of toneelstuk gaan opvoer, moet julle voorberei en oefen.

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Leerders sal:**

- Oor 'n TV-program genaamd *SA Idols* en jong deelnemers leer
- 'n Storie lees oor die einde van die kwartaal in 'n skool
- Onafhanklike lees oor kwartaaleindaktiwiteite
- Vir 'n skoolkonsert oefen
- Kenmerke van 'n resep en brief identifiseer
- 'n 3D-masker maak.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte** (Engels op die agterkant)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | solis | memoriseer | koorjuffrou | dekor | oudisie |
| | *soloist* | *memorise* | *choir mistress* | *scenery* | *audition* |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | produk | proses | eksperiment |
| | *product* | *process* | *experiment* |

**Sinne**

*Maar mev. Leballo het nog een verrassing gehad. Sy het gesien hoe die leerders mekaar gehelp het om van die konsert 'n sukses te maak. Lebone het nie meer so gespog nie en Pula het opgehou om die ander kinders te stoot of te stamp. Tumelo het nou weer selfvertroue gehad.*

## MATERIALE

- Oefenboek vir Skryf, Onafhanklike Lees-antwoorde en Handskrif
- Kunsvoorraad
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite

## ASSESSERING

**Neem in en merk**: Onafhanklike Skryf; Woordeskat; Sinne; Handskrif (Vrydag); OW-antwoorde

**Informeel:** Spoedlees van woorde

# ’n Bekende TV-program

*Hierdie teks is ’n inleiding tot die Lewensvaardigheidtema (PSW). Die onderwyser lees dit op Maandag (Sien OG bl. 126)*



Die *South African Idols* is ’n TV-program waar mense wat daarvan hou om te sing teen mekaar kompeteer. Die wenner van die TV-program wen baie groot pryse soos ’n motor en baie geld. Hulle kry ook ’n kontrak met ’n platemaatskappy sodat hul liedjies deur miljoene mense gehoor kan word.

Die eerste *South African Idols* was in 2002 en daarna was daar baie seisoene. Die program is gebaseer op die Britse program, *Pop Idols*. Die *Idols*-kompetisie is al in 46 lande gehou en in meer as 150 lande in baie verskillende tale uitgesaai.

Elke seisoen het ’n ander ’n beroemde persoon wat met die organisering van die vertoning help, en daar is paneelbeoordelaars wat besluit wie die beste sanger is. Een van die beroemdste beoordelaars was Randall Abrahams. Die beroemdste aanbieder was ProVerb.

Wanneer die kompetisie begin, is daar duisende hoopvolle sangers. Weekliks word van die sangers huis toe gestuur, terwyl ander deurdring na die volgende ronde. Teen die einde bly daar net drie sangers oor. Die publiek moet dan vir hul gunstelingsanger stem. Die wenner wen dan die titel en pryse.

Die program het oor die jare al baie goeie sangers opgelewer. Van hulle het beroemdheid in Suid-Afrika, en selfs oorsee, verwerf, en het baie goeie musiek gemaak waarna mense graag luister. Julle sal later hierdie week oor ’n paar van die wenners lees.

Selfs diegene wat nie gewen het, het blootstelling gekry en ná die kompetisie wonderlike werk gedoen, soos Amanda Black, byvoorbeeld. Julle gaan ook hierdie week oor haar lees.

*South African Idols* was ’n wonderlike program, want dit het vir mense wat lief was vir sing, ’n geleentheid gebied om aan almal te wys wat hulle kan doen. Dit was pret om te kyk en baie mense het dit geniet.

# Skoolkonserte

## HOEKOM HOU ONS SKOOLKONSERTE?

Eerstens hou ons skoolkonserte om te wys wat leerders behaal het. Konserte is ’n geleentheid vir ouers, onderwysers en die gemeenskap om te sien wat die leerders geleer het, en vir die leerders is dit ’n geleentheid om trots te wees op dit wat hulle geleer en gedoen het.

Tweedens is konserte ’n geleentheid vir leerders om hulself op ’n kreatiewe manier uit te druk. ’n Konsert gee vir leerders ’n geleentheid om “op te tree” en te skaaf aan dit wat hulle geleer het. Dit ontwikkel sowel hul selfvertroue as vaardighede.

Derdens is konserte ’n goeie manier om ’n tema, kwartaal of jaar in een feesviering bymekaar te bring. Konserte is ’n prettige manier om ook ander in die skoolgemeenskap te betrek.




## SOMMIGE MOETS EN MOENIES VAN KONSERTE

| MOETS | MOENIES |
|---|---|
| • **Moet:** Begin vroeg beplan. Vra toestemming by die skoolhoof. Kyk na die kwartaalbeplanning en kyk wat jy kan gebruik wat alreeds in die klas gedoen word. Dink aan liedjies en gedigte wat reeds aan jou en die leerders bekend is. Dink aan wie kan help – ouers, ’n voog, nog ’n onderwyser. Vra hulle vroegtydig.<br>• ’n Kontrolelys is baie handig in die beplanning – kyk na die voorbeeld en pas dit by jou konteks aan. | • **Moenie** alles tot op die laaste minuut los nie. Jy sal gespanne wees, die leerders gaan gespanne wees en die konsert gaan nie genotvol wees nie. Gebruik jou kontrolelys! |
| • **Moet:** Raadpleeg jou leerders. Hulle sal met graagte deelneem en hul beste doen wanneer dit iets is waarvan hulle hou of graag wil doen.<br>• Dinkskrum saam met hulle idees, maar maak seker hulle besef ook dat nie al hul idees gebruik gaan word nie. Die finale besluit berus by jou. | • **Moenie** items kies wat moeilik is of waarvan die leerders dalk nie hou nie. Maak voorstelle en luister na hul antwoorde voordat die program gefinaliseer word. |
| • **Moet:** Werk die voorbereiding vir die konsert in jou normale rooster in.<br>• Kies items wat julle reeds gedoen het, of besig is om in die klas te doen.<br>• Byvoorbeeld: Indien die leerders alreeds aan ’n toneelstuk soos *“Die monster van Lusikisiki”* LAB’e voorgedra of in ’n spreekkoor opgesê het, kan dit net geskaaf word, in plaas daarvan om met iets nuuts en anders te begin.<br>• Jy kan ook ander lesse gebruik om voor te berei vir die konsert.<br>• Visuele Kunste-lesse kan gebruik word om rekwisiete soos maskers en advertensieplakkate te maak.<br>• Skryflesse kan gebruik word om uitnodigings, programme en kaartjies te maak.<br>• Wiskunde-lesse kan gebruik word om uit te werk hoeveel mense in elke ry kan sit, hoeveel die verversings gaan kos, ens. | • **Moenie** die hele kwartaal spandeer om te repeteer en die res van die rooster ignoreer nie.<br>• Leerders moet weet dat die konsert deel is van hul normale leer en nie iets heeltemal anders nie. |
| • **Moet:** Hou elke item in die konsert kort en eenvoudig. Dit hoef nie een lang en moeilike toneelstuk te wees om suksesvol te wees nie.<br>• Gee vir elke klas of groep een kort deel om aan te werk. Dit beteken jy kan die hele konsert saamstel sonder om te veel tyd in beslag te neem en sonder te veel spanning. | • **Moenie** ’n toneelstuk met ’n baie lang en ingewikkelde storielyn, kostuums en dekor kies nie. ’n Groter aantal kort verwante items maak die konsert interessanter, betrek meer deelnemers en laat almal goed lyk. |

| | |
|---|---|
| • **Moet:** Sorg vir een of twee eenvoudige liedjies wat almal op dieselfde tyd kan sing. Jy het nie 'n koor nodig om eenvoudige, prettige liedjies wat almal geniet, te sing nie. | • Selfs al is daar 'n wonderlike sanger op die personeel of 'n fantastiese koor in die Intermediêre Fase, **moenie** dat dit die konsert oorheers nie. Die konsert gaan oor die kinders.<br>• Laat die personeellid of seniorkoor een liedjie aan die einde sing, as hulle daarop aandring. |
| • **Moet:** Laat almal deelneem. Nie almal hoef 'n praatrol te kry nie, maar almal kan deelneem aan 'n dans of 'n liedjie. | • **Moenie** slegs die topleerders kies om deel te neem nie. 'n Skaam kind of 'n kind met gedragsuitdagings het ook iets om by te dra. |
| • **Moet:** Dink aan die plek wanneer jy begin beplan. Indien julle in die skoolsaal gaan optree, oefen 'n paar keer daar vóór die konsert sodat die leerders aan die groot ruimte gewoond kan raak.<br>• Indien die konsert buite gaan wees, onthou dat klank makliker verdwyn. Kies dan kinders met harde stemme vir dialoog en maak seker daar is genoeg sangers om 'n goeie klank voort te bring. | • **Moenie** te veel op die klankstelsel staatmaak nie. 'n Mikrofoon mag beskikbaar wees, maar baie goed kan verkeerd loop. Kragonderbrekings, foutiewe mikrofone, leerders wat skaam raak wanneer hulle die mikrofoon vir die eerste keer moet gebruik, is alles moontlike probleme wat kan opduik.<br>• Beplan liefs items wat goed sonder 'n mikrofoon of klankstelsel kan werk. |
| • **Moet:** Oefen genoeg sodat die leerders vertroud is met wat om te doen, maar dit nog steeds geniet.<br>• Maak die oefeninge genotvol. Stel klein uitdagings met die aanleer van die woorde van 'n gedig of 'n liedjie, met klein belonings. Byvoorbeeld: "As jul groep al jul woorde teen Vrydag ken, kan julle 5 minute vroeër verdaag vir pouse." | • **Moenie** te veel oefen dat die leerders verveeld raak en die idee van 'n konsert begin haat nie. Moenie die woorde of liedjie indril nie. Wanneer die leerders op die dag 'n fout maak, sal niemand omgee nie. |
| • **Moet:** Hou kostuums en rekwisiete eenvoudig. Die belangrikste is dat die leerders leer hoe dit is om aan 'n konsert te kan deelneem; nie hoe uitspattig dit kan lyk nie. Gebruik hoede, serpe en maskers om verskillende karakters uit te wys eerder as volledige duur kostuums.<br>• Laat die leerders hul eie klere dra. Leen rekwisiete by ouers en kollegas. Maar onthou om dit terug te gee. | • **Moenie** te veel geld op kostuums en rekwisiete spandeer nie. Onthou, baie ouers kan nie pragtige kostuums bekostig nie. Die skool moet ook nie 'n klomp geld spandeer op iets wat net vir 'n kort rukkie gebruik gaan word nie. |
| • **Moet:** Maak gedurig seker of die leerders die items wat jy gekies het, kan bemeester. Indien hulle sukkel, moet jy dalk die aksie makliker maak. Indien dit dalk te eenvoudig is, voeg nog iets by. | • **Moenie** vaskleef aan die program as iets nie werk nie. Voel vry om dit te verander deur items by te voeg, en weg te haal wat nie goed werk nie. |

Die belangrikste is om te verseker dat die konsert deur almal geniet word.
Almal – leerders, onderwysers, gesinne – moet konserte geniet, insluitend die voorbereiding daarvan, eerder as om te voel dat daar te veel tyd in beslag geneem is of dat dit te stresvol was.

## VOORBEELD VAN 'N KONTROLELYS

### Een maand voor die tyd

- ☐ Finaliseer program (met skoolhoof, ander onderwysers, leerders)
- ☐ Bevestig die plek
- ☐ Stel komitees aan vir kostuums en rekwisiete; spysenering; fondsinsameling; drukwerk (indien nodig)
- ☐ Leerders se rolle toegeken (almal moet deelneem)
- ☐ Repetisie geskeduleer
- ☐ Uitnodigings en program geskryf

### Een week voor die tyd

- ☐ Uitnodigings gedruk en huis toe gestuur
- ☐ Verversings bestel
- ☐ Programme gedruk/gekopieer

### Dag voor die tyd

- ☐ Saal is uitgevee en skoongemaak
- ☐ Stoele is uitgepak
- ☐ Enige dekor is opgesit
- ☐ Repeteer met kostuums en die gebruik van rekwisiete

### Dag van die konsert

- ☐ Leerders arriveer vroeg en verklee in klaskamer
- ☐ Luidsprekers en musiek is opgestel (indien nodig)
- ☐ Plekaanwysers wag by ingang met programme
- ☐ Spysenieringskomitee sit verversings uit
- ☐ Voorste ry gereserveer vir spesiale gaste

# MAANDAG

## LUISTER EN PRAAT — Nuus en menings

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Waarna het jy die naweek op TV gekyk? Hoe baie het jy daarvan gehou? Verduidelik.
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel:** 'n Paar leerders deel met die klas.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.)*

## KLANKE — Hersiening: Vind die verkleinwoorde

BL 163
15 min




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

BL 162
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.

## LEES — Onderwyser lees hardop

OG
BL 123
15 min



**Vóór lees**

**Hou 'n klasbespreking oor sing.**

- Hou jy van sing? Droom jy daarvan om eendag 'n beroemde sanger te word? Hoe, dink jy, sal dit voel om beroemd te wees?

**Verskaf 'n doel om te luister:** Luister om meer oor die sangkompetisie, *SA Idols*, uit te vind.

- Lees die teks vir die leerders.

**Ná lees**

- Waar het *Idols* begin?
- Wanneer het *SA Idols* begin?
- Hoe word die wenner gekies?
- Word die wenners beroemd?

## MONDELINGE BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op klankleesboeke gebaseer is.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 164

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne



DATUM

Lees die sinne

Ek pluk 'n rosie in die tuin.

Die wurmpie eet die blare.

Die perdjie galop.

Ek tel 'n skulpie op die strand op.

Daar is 'n klip in my sak.

Wat is in my sak?

164 • WEEK 9 • MAANDAG



## AANVANGSKENNIS

### Feiteleêr: Paxton Fielies

BL 165

30 min

**Stel hierdie week se Lewensvaardigheidfokus bekend**

- Wie het al na *SA Idols* gekyk? Het jy al ooit gewonder oor hierdie talentvolle mense en hoe hulle Idol-wenners geword het? Ons gaan hierdie week meer oor drie deelnemers lees en probeer verstaan hoekom hulle suksesvol was.

**Groepbespreking**

- Lees die feiteleêr op bl. 165 in die LAB.
- Vra groepe om elke vraag te bespreek.
- Hulle kies een groeplid om terugvoering te gee.
- Herinner die klas dat terugvoering die hoofgedagtes van die bespreking bevat.

**Klasbespreking**

- Gee terugvoering ná elke vraag.
- Som die interessantste terugvoering of enige gemeenskaplikhede op.
- Probeer om wenners se houdings aan te sluit by die leerders se eie positiewe houdings van hard werk en doelstelling.



DATUM

Feiteleêr: Paxton Fielies

**Lees oor 'n jong musiekkunstenaar wat aan *SA Idols* deelgeneem het.**

**Naam:** Paxton Fielies | **Geboortedatum:** 17 September 2000

**Geboorteplek:** Bishop Lavis, Kaapstad. Grootgeword in Kaapstad.

**Opvoeding:** Woon 'n hoërskool in Belhar, Kaapstad, by.

**Verhoognaam:** Paxton

**Rede vir beroemdheid:** Sy is die jongste wenner van *SA Idols*.

| Feite oor haar lewe | |
|---|---|
| **Vroeë belongstellings:** | Aangesluit by die kinderkoor van die Apostoliese Kerk op die ouderdom van 7 jaar. Opgetree in skoolkonserte. |
| **Professionele werk:** | Video's op sosiale media geplaas. In 2017 aan *SA Idols* deelgeneem en gewen. Skryf en neem haar eie liedjies op. Opgetree in Suid-Afrika, Rusland en die VSA. |
| **Bekendste lied:** | Good Company |
| **Finale kommentaar:** | Paxton Fielies het altyd daarvan gedroom om 'n sangeres te word. Sy is vasbeslote om aan te hou om aan haar musiekloopbaan te werk en om 'n verskil in die lewens van ander te maak, selfs al is haar planne deur die Covid-19-pandemie onderbreek. |

**Gesels oor:**

1. Hoe het Paxton se vroeë belongstellings haar loopbaan beïnvloed?
2. Noem een positiewe kwaliteit wat Paxton het. Verduidelik.
3. Wat sou jy vir Paxton sê, indien jy haar ontmoet het?

WEEK 9 • MAANDAG • 165



## VISUELE KUNSTE

### Somervakansie

BL 166

30 min

**Kyk na die skildery op bl. 166 in die LAB**

- Gebruik hierdie skildery om leerders te herinner aan die verskillende Visuele Kunste-konsepte waarvan hulle hierdie jaar geleer het.
- Dit is 'n skildery deur Paul Gaugin (uitgespreek Go-gan). Hy het tussen 1848 en 1903 geleef. Hy het Frankryk in 1890 verlaat en op die eiland Tahiti gaan woon. Hy is geïnspireer deur die helder sonlig en die helder kleure wat die mense op die eiland gedra het. Hy het baie prente van die strand en see geskilder. In hierdie skildery is twee vrouens besig om op die strand te ontspan.

**Klasbespreking**

- Bespreek die vrae oor die voorgrond, horison, fokuspunt en die verhouding tussen die figure.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB in pare.



DATUM

Somervakansie

"Tahitiaanse vroue op die strand" deur Paul Gaugin

1. Wat is op die voorgrond van die prent?
2. Kan jy die horison in die prent sien?
3. Wat, dink jy, is die fokuspunt van hierdie skildery?

166 • WEEK 9 • MAANDAG



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Inleiding

30 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# DINSDAG



## LUISTER EN PRAAT — Beskryf menings en houdings

**15 min**



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink aan iemand wat jy bewonder, byvoorbeeld, op TV of in jou gemeenskap.
- Hoekom bewonder jy hulle? Is dit hul positiewe houdings? Hoe kan jy soos hulle wees wanneer jy ouer en groter is?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel:** Laat van die leerders terugvoering gee.



## KLANKE — Hersiening: Skryf die woorde reg oor

**BL 167**
**15 min**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.






## HANDSKRIF — Sinne (lopende skrif)

**BL 162**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.






## GEDEELDE LEES — Leesbegrip: Die konsert

**BL 156–161**
**15 min**

**Vóór lees**
- Lees en bespreek kortliks die titel.

**Gedeelde Lees**
- Lees die storie saam met die leerders.
- Lees die woorde met die spraaktekens met uitdrukking.
- Gebruik die prente of 'n sinoniem om enige nuwe woorde of konsepte te verduidelik.

**Ná lees**
- Laat een leerder toe om die vraag aan die einde van elke bladsy te antwoord.
- Hoe het sommige leerders verander?






## SKRYF — Leesbegrip: Die konsert

**BL 168**
**15 min**

**Vrae**
- Verduidelik dat die teks 'n opsomming van die storie is.
- Hersien die formaat van die gapingvullers.

**Skryf**
- Vul die ontbrekende woorde op bl. 168 in die LAB in.

**Sien na en korrigeer**
- Daar mag variasies in die antwoorde wees. Dit is aanvaarbaar indien die woord sinvol is.

**Let wel:** Gapingvullers of Cloze-aktiwiteite is 'n goeie aanduiding van leesvermoëns.







## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Uitnodiging en program*

BL 169

30 min



DATUM

Uitnodiging en program

**Jy word uitgenooi na die Graad 3's se jaareindkonsert**

**Waar:** Laerskool Polokwane
**Adres:** Eerstelaan 24
**Wanneer:** Vrydag, 10 Oktober 2025
**Tyd:** 10:00–12:00

Laerskool Polokwane wil graag alle ouers hartlik verwelkom by die Graad 3's se jaareindkonsert.

**Program**
Verwelkoming: Mev. R. Mokoena (skoolhoof)
Toneelstuk: *Die monster van Lusikisiki* (aangebied deur die Graad 3's)
Nuwe en tradisionele liedjies
Solis: Tumelo Ncube
Bedankings: Mev. S. Leballo, Graad 3-onderwyser

Maak 'n program vir 'n konsert wat jy graag sal wil hê.

WEEK 9 • DINSDAG • 169



## AANVANGSKENNIS

### Feiteléêr: Amanda Black

**Groepbespreking**
- In groepe, lees die feiteléêr op bl. 170 in die LAB.
- Vra groepe om elke vraag te bespreek en 'n leerder te kies om terugvoering op elke vraag te gee.
- Herinner die klas dat terugvoering die hoofgedagtes van bespreking bevat.

**Klasbespreking**
- Gee terugvoering ná elke vraag.
- Som die interessantste terugvoering of enige gemeenskaplikhede op.
- Probeer om wenners se houdings aan te sluit by die leerders se eie positiewe houdings van vasberadenheid en harde werk, positiewe kulturele identiteit en om weer te probeer indien hulle nie aanvanklik slaag nie.

BL 170

30 min



DATUM

Feiteléêr: Amanda Black

**Lees oor 'n vasberade musiekkunstenaar wat aan *SA Idols* deelgeneem het.**

| | |
|---|---|
| **Naam:** Amanda Benedicta Antony | **Geboortedatum:** 24 Julie 1993 |
| **Geboorteplek:** Mthatha, Oos-Kaap. Grootgeword in Butterworth. | |
| **Opvoeding:** Skoolgegaan in Gqeberha. Gestudeer aan die Nelson Mandela Universiteit. | |
| **Verhoognaam:** Amanda Black | |
| **Feite oor haar lewe** | |
| **Vroeë belangstellings:** | Begin sing in die kerkkoor op die ouderdom van 6 jaar. Op 12 het sy aan talentkompetisies begin deelneem. |
| **Professionele werk:** | Neem in 2013, 2014 en 2015 aan *SA Idols* deel. Sy het nie gewen nie, maar sy is 'n opnamekontrak aangebied. Skryf en neem haar eie liedjies op. Het baie musiektoekennings in Suid-Afrika gewen. |
| **Bekendste lied:** | Nguwe |
| **Finale kommentaar:** | Amanda Black is 'n trotse Xhosa-vrou. Sy verf haar gesig met Xhosa-gesigkuns – umchokozo – 'n manier om haar erfenis en waar sy vandaan kom voor te stel. Haar musiek vertel stories oor wie sy is en waarin sy glo. |

**Gesels oor:**
1. Hoe is Amanda en Paxton dieselfde?
2. Hoe beïnvloed Amanda se kulturele agtergrond haar?
3. Wat sou jy vir Amanda sê, indien jy haar sou ontmoet.

170 • WEEK 9 • DINSDAG



## VISUELE KUNSTE

### Maak 'n masker

**Inleiding**
- Herinner leerders aan die instruksies om 'n masker te maak wat hulle in Week 8 gelees het.

**Aktiwiteit (verf en papier)**
- Leerders kies een masker om te maak. Hulle volg die instruksies en voltooi hul maskers.

**Die maskers kan gedurende die konsert gebruik word.**

BL 150, 155 en 154

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

25 min



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT — Beskryf positiewe drome en houdings

**15 min**



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Watter ingesteldheid, dink jy, is belangrik en nodig om eendag jou droom te laat waar word? Dink aan die feitelêers wat jy tot dusver gelees het.
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel:** Laat ’n paar leerders terugvoering gee.



## KLANKE — Hersiening: Skryf sinne

**BL 171**
**15 min**




- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Maande (lopende skrif)

**BL 162**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.






## GEDEELDE LEES — Woordeskat

**BL 156–161**
**15 min**




**Woordeskat**

- Wys en lees hierdie week se woordeskatwoorde op die bord of op die flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| solis | memoriseer | koorjuffrou | dekor | oudisie |

**Woordsoek**

- Lees weer die storie saam met die leerders.
- Terwyl jy lees, soek leerders woordeskatwoord in die LAB-teks. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord. Sommige woorde sal meer as een keer voorkom.

**Leerders sorteer die flitskaarte in alfabetiese volgorde.**



## SKRYF — Woordeskat

**BL 172**
**15 min**




**Mondeling**

- Lees die aktiwiteit op bl. 172 in die LAB hardop vir die klas.

**Skryf**

- Voltooi die geskrewe aktiwiteit in die LAB.
- Sien na en korrigeer.
- Leerders kopieer die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Sit die flitskaarte** op die Woordmuur.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Baie dankie*

BL 173

30 min


DATUM

Baie dankie

Liewe mev. Leballo

Baie dankie dat juffrou my hierdie jaar onderrig het en baie dankie vir die klappartytjie ná die konsert.

Ek het dit geniet om die hond in die konsert te wees. Ek het probeer om soos my eie hond te wees en het geblaf soos hy soms doen.

My maat, Jamelo, het so mooi gesing dat my mamma gesê het dat sy gehuil het. Sy sê dat Jamelo in die vakansie by my mag kom speel.

My mamma het gesê dat dit die beste konsert was en dat die maskers baie mooi was. Ek dink dat ek in die vakansie gaan probeer om 'n hondmasker te maak.

Ek hoop dat juffrou lekker vakansie gaan hou. Ek wens dat juffrou in Graad 4 my juffrou kan wees.

Liefde Lello

Skryf 'n dankie-sê-briefie vir jou juffrou.

WEEK 9 • WOENSDAG • 173



## AANVANGSKENNIS

### Feiteléêr: Thapelo Molomo

**Groepbespreking**
- Lees die feiteleêr op bl. 174 in die LAB.
- Vra groepe om elke vraag te bespreek.
- Hulle kies een lid van die groep om terug te rapporteer.

**Klasbespreking**
- Laat leerders vraag vir vraag terugvoering gee.
- Die vrae fokus op Thapelo wat **twee** belangstellings/ vaardighede het.
- Probeer om dit te laat aansluit by die leerders se vermoëns om ’n verskeidenheid vaardighede te ontwikkel indien hulle die geleentheid sou kry.

BL 174

30 min


DATUM

Feiteléêr: Thapelo Molomo

Lees oor 'n nuwe musiekkunstenaar wat aan *SA Idols* deelgeneem het.

| | |
|---|---|
| **Naam:** Thapelo Molomo | **Geboortedatum:** 18 Januarie 1993 |
| **Geboorteplek:** Mokopane, Limpopo. Grootgeword in Limpopo. | |
| **Opvoeding:** Skoolgegaan in Gauteng. Gestudeer aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie. | |
| **Verhoognaam:** Thapelo | |
| **Bekendheid verwerf:** Wenner van *SA Idols 2022*. | |
| **Feite oor sy lewe** | |
| **Vroeë belangstellings:** | Het as klein seuntjie daarvan gehou om te sing. |
| **Professionele werk** | Het in 2012 as 'n agtergrondsanger vir die gospelgroep, Spirit Praise, begin sing. In 2022 aan *SA Idols* deelgeneem en gewen. Het sy eerste solo-album in 2023 vrygestel. |
| **Welbekende lied:** | Uyaphila |
| **Finale kommentaar:** | Thapelo het as 'n sielkundige vir die Suid-Afrikaanse Polisiediens gewerk voordat hy vir *SA Idols* ingeskryf het. Mense het hom "Die singende polisieman" genoem. Hy het teruggekeer na sy werk nadat hy gewen het, maar werk ook aan sy sangloopbaan. |

Gesels oor:
1. Wat bewonder jy die meeste van Thapelo?
2. Kan 'n mens meer as een talent hê? Gee 'n voorbeeld.
3. Hoe verskil Thapelo van Amanda en Paxton?

174 • WEEK 9 • WOENSDAG



## UITVOERENDE KUNSTE

### Konsertvoorbereiding

**Klasbespreking**
- Gebruik hierdie tyd om vir die jaareindkonsert voor te berei.
- Oefen die toneelstuk *Die monster van Lusikisiki*.
- Oefen of rond ’n spreekkoor af wat die leerders in Week 8 begin het.
- Oefen ’n liedjie of bewegingsaksies wat julle wil opvoer

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.

25 min



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — My spesiale talente

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Waarin is jy goed? Dink mooi (*spesifieke skoolvakke, lees, teken, musiek, toneelspel, praat, om gaaf te wees met ander, sport, help ouer mense, gee om vir diere, aanleer van ’n ander taal, ens.*). Dink ook aan goed waarvan jy hou om te doen.
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel:** Deel met die klas.

**Verduidelik**

- Elkeen is uniek en doen sekere goed beter as ander. Indien jy bewus is waarvan jy hou en goed daarin is, kan jy hard oefen om nóg beter daarin te word. Indien jy goed is in ‘meer as een ding, is dit selfs beter.

## KLANKE — Hersiening: Voltooi die sinne

BL 175
15 min

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in graad 2 aangeleer is.
- Leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.




## HANDSKRIF — Syfers (lopende skrif)

BL 162
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.




## GEDEELDE LEES — Taal

10 min

**Stel die sinne bekend**

- Lees die sinne op die bord.
- Leerders vind en onderstreep die sinne in die teks.

**Werk met die sinne**

- Identifiseer en omkring al die eiename. (*mev. Leballo, Lebone, Pula, Tumelo*)
- Is daar enige voornaamwoorde? (*sy*)
- Is daar enige voegwoorde? (*en*)
- In watter tydvorm is die sinne geskryf? (*in die verlede tyd*)
- Verander die finale sin na die toekomende tyd.

**Hersien leestekens**

- Hersien algemene leestekens en die leestekens vir die direkte rede




## SKRYF — Taal

BL 176
15 min

**Skryf**

- Leerders voltooi bl. 176 in die LAB.

**Sien na en korrigeer**

- Gaan deur die antwoorde.
- Leerders merk self.






## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 177

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Vakansiekontrolelys*


DATUM

Vakansiekontrolelys

- [ ] Tel elke week die vullis naby ons huis op.
- [ ] Doen 'n eenvoudige eksperiment uit die Graad 3 LAB.
- [ ] Vra vir my ma om my te leer om iets te kook.
- [ ] Gaan biblioteek toe om na boeke te kyk.
- [ ] Vra vir Oupa om vir my 'n storie te vertel.
- [ ] Skryf elke Vrydag 'n dagboekinskrywing (in lopende skrif).
- [ ] Lees die stories in my LAB vir my hond.
- [ ] Maak 'n dieremasker en voer iets op vir die familie.
- [ ] Reël 'n springtou-kompetisie.
- [ ] Maak 'n hindernisbaan vir my vriende.
- [ ] Teken saam met my klein sussie.
- [ ] Vind 'n Engelse prenteboek om te lees.
- [ ] Kyk 'n natuurprogram op TV.
- [ ] Teken iets uit die natuur.
- [ ] Speel buite om fiks te bly.
- [ ] Vra vir my pa om vir my iets uit die koerant te lees.

Merk 'n paar van die goed wat jy graag sal wil doen.

WEEK 9 • DONDERDAG • 177



## AANVANGSKENNIS

### Oorsig van konsep

30 min

**Bespreek**

- Vra vrae:
  - Watter onderwerp het julle hierdie kwartaal die meeste geniet?
  - Hoekom was dit jul gunstelingonderwerp?
  - Wat het julle geleer?
- Leerders bespreek die vrae in hul groepe.





## UITVOERENDE KUNSTE

### Konsertvoorbereiding (vervolg)

30 min

**Klasbespreking**

- Gebruik hierdie tyd om vir die jaareindkonsert voor te berei.
  - Oefen die toneelstuk *Die monster van Lusikisiki*.
  - Oefen of rond 'n spreekkoor af waarmee die leerders in Week 8 begin het.
  - Oefen 'n liedjie of bewegingaksie wat julle wil opvoer.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Watter positiewe goed het julle hierdie week geleer? Wat sal julle van nou af probeer anders doen?
- **Pare:** Deel met jou maat.
- **Deel** met die klas.



## KLANKE Diktee

BL 178
10 min




- Volg die riglyne vir diktee op bladsy 8.

**Sinne:**
Sin 1: **Die seuntjie stamp sy voetjie.**
Sin 2: **Daar is 'n sagte kussinkie op my bedjie.**
Sin 3: **Die kindjie speel op die matjie.**



## HANDSKRIF Syfers (Lopende skrif)

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 8 en 9.

BL 162
10 min






## LEES Oorsig van Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**
- Lees hierdie week se OW-tekste op bl. 164, 169, 173, 177 en 179 hardop **vir** die klas. Leerders volg in hul boeke.
- Verduidelik die verskeidenheid tekste (*uitnodiging, program, lys, resep*).
- Moedig al die leerders aan om hul vakansiekontrolelys te voltooi.
- Met die laaste teks, verduidelik dat hulle een van die resepte by die huis kan probeer.

**Sien na**
- Parafeer slegs, of lewer 'n algemene kommentaar op die leerders se antwoorde.



## ONAFHANKLIKE SKRYF Brief

15 min




**Onafhanklike Skryf**
- Leerders gaan 'n dankie-sê-brief vir iemand skryf. Hulle sal die Onafhanklike Werk op bl. 173 in die LAB as voorbeeld gebruik.
- Gesels oor vir wie hulle dalk wil bedank (*skoolhoof, onderwyser, maat, ouer, opsigter, kostannies, ens.*)

**Assesseer hul skryfwerk**
- Kyk vir:
  - korrekte formaat
  - begrip van die doel van die brief
  - goeie uitdrukking van gevoelens.

**Volg op**
- Skryf die briewe netjies op papier oor, versier dit en gee dit vir die persoon vir wie hulle wil bedank.

## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** 2 groepe
- **Onafhanklike Werk:** *Lekkernye vir 'n feesviering*

BL 179

30 min


DATUM

Lekkernye vir 'n feesviering

Klapperys

**Bestanddele**
1 pakkie strooisuiker (500 g)
1 blikkie kondensmelk (385 g)
2 sakkies droë klapper (200 g elk)

**Metode**
Meng die kondensmelk en ¼ van die strooisuiker.
Roer die klapper by.
Druk dit plat in 'n bak.
Plaas dit in die yskas vir 30 minute.
Sny in blokkies.

Vurkbeskuitjies

**Bestanddele**
1 blok botter (500 g)
1 pakkie bruismeel (1 kg)
½ pakkie suiker (250 g)

**Metode**
Verhit die oond tot 180 °C.
Kry die bakplate gereed.
Meng die botter en suiker met 'n houtlepel.
Voeg ¼ van die meel by en meng met 'n lepel.
Gebruik dan jou hande om die deeg te knie.
Voeg nog meel by indien die deeg te sag is.
Neem teelepels vol deeg en rol dit in balletjies.
Plaas die balletjies op die bakplaat.
Steek 'n vurk in koue water en druk op elke beskuitjie.
Bak vir 12-15 minute.

WEEK 9 • VRYDAG • 179

## AANVANGSKENNIS

### DBO-werkboektyd

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur die vorige week se DBO-werkboekbladsye.
- Leerders korrigeer of voltooi.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 2 Werkkaart 48, Spesiale Dae, bl. 32 en 33.
- Afrikaans Huistaal Werkboek 2, bl. 125.




## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24 en 25.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e en oefenboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin

# Vaslegging en hersiening

Hierdie is 'n hersieningsweek so daar is geen gestrukteerde daaglikse progam nie. Jy sal voorstelle vir hersieningsaktiwiteite kry wat enige tyd gedurende die week gedoen kan word

## LUISTER EN PRAAT

- Laat die leerders 'n storie kies wat hulle graag wil hê jy weer vir hulle moet lees.
- Pare: vertel 'n gunstelingstorie vir jou maat.
- Pare: Voer 'n dialoog tussen twee diere op.
- Groepe: Leer en voer die toneelstuk *Die monster van Lusikisiki* vir die klas op.
- Vertel vir jou maat van die interessanste onafhanklike leesteks wat jy hierdie kwartaal gelees het.



## LEES

- Herlees stories of tekste in die LAB wat die leerders hierdie kwartaal veral geniet het.
- Pare: Kies en lees die Onafhanklike Werk-leestekste wat hulle interessant gevind het.
- Individueel: Lees boeke uit die leeshoekie/biblioteek.



## KLANKE

- Pare lees weer die woorde op die klankbladsye.
- Hou 'n spankompetisie om flitskaarte korrek te lees.
- Herhaal spoedlees- en diktee-aktiwiteite en probeer om jou telling te verbeter.
- Maak seker alle klankbladsye in die LAB is voltooi. Kontroleer of dit korrek gedoen is.
- Doen die klankaktiwiteite in die DBO-werkboek vir Geletterdheid.



## SKRYF

- Leerders kan 'n resep of koerantberig skryf.
- Moedig groepe aan om 'n boek oor hul gunsteling TV-programme vir die boekhoekie te maak.
- Leerders skryf 'n rampvoorbereidingskontrolelys.
- Leerders skryf 'n eksperiment oor die verandering van vloeistof na vastestof (water verander na ys).
- Skryf 'n oorsig/resensie oor 'n storie wat hulle hierdie kwartaal gehoor het.







## AANVANGSKENNIS/PSW




- Maak individuele tydlyne en dui jou hoogtepunte vir die jaar aan.
- In pare, verduidelik wat julle aan klimaatsverandering kan doen.
- Leerders doen die eksperiment van OW.
- Leerders voltooi enige onvoltooide bladsye in die DBO-werkboek vir Lewensvaardigheid. Sommige van die aktiwiteite is meer as potlood-en-papieraktiwiteite en sluit teken, toneelspel, konstruksie en bespreking in.



## VISUELE KUNSTE



- Voorsien kunsvoorrade soos kryte, viltpenne en papier van verskillende groottes en kleure.
- Laat leerders kies wat hulle graag wil teken.
- Laat die leerders ’n ander masker kies en maak (in OW).
- Leerders teken hul troeteldier of gunstelingdier.

## UITVOERENDE KUNSTE



- In groepe, laat leerders ’n *Idols*-liedjie sing.
- Hou ’n klas-talentvertoning.
- Leerders gebruik die maskers wat hulle gemaak het vir ’n dialoog.
- Dramatiseer hoe die diere die “monster” aangeval het.



## LIGGAAMSOPVOEDING



- Speel spanspeletjies.
- Hou ’n sportdag waar spanne teen mekaar meeding. Doen aktiwiteite van die kwartaal.

## ASSESSERINGS

### BEPLANNING VIR DEURLOPENDE EN FORMELE ASSESSERING KWARTAAL 4

- **Kurrikulumskakels** vir elke week word deur liggekleurde blokkies aangedui.
- **Formele assesseringsaktiwiteite** word met donkerkleurige blokkies aangedui.

| LUISTER EN PRAAT | WEEK | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Verstaan en gebruik gepaste taal van verskillende vakke (alle vakke) | | | | | | | | | | VASLEGGING |
| 2 | Bespreek oplossings vir probleme deur hoër-orde denkvaardighede te gebruik (alle vakke) | | | | | | | | | | |
| 3 | Druk gevoelens en menings oor ’n teks uit en verskaf redes | | | | | | | | | | |
| 4 | Vertel ’n storie deur beskrywende taal, gebare en uitdruking te gebruik; vertel ’n volgorde van gebeure oor | | | | | | | | | | |
| 5 | Gebruik taal verbeeldingryk: vertel grappe en raaisels met gepaste volume en intonasie | | | | | | | | | | |
| 6 | Neem deel aan gesprekke as ’n sosiale vaardigheid, aanvaar en respekteer die manier waarop ander praat | | | | | | | | | | |
| 7 | Gesels oor persoonlike en meer algemene nuus (weeklikse nuustyd/spesifieke lesse) | | | | | | | | | | |
| 8 | Luister vir besonderhede en beantwoord oop-einde vrae (hardoplees-vrae, luisterbegrip, besprekings) | | | | | | | | | | |
| 9 | Beplan en doen ’n mondelinge aanbieding bv. vertel persoonlike nuus, beskryf ’n ervaring, vertel ’n gebeurtenis oor, lees ’n gedig | | | | | | | | | | |

| KLANKE | WEEK | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Leer klanke aan | | | | | | | | | | VASLEGGING |
| 2 | Bou woorde met klanke wat aangeleer is | | | | | | | | | | |
| 3 | Spel woorde korrek | | | | | | | | | | |
| 4 | Leer om 10 woorde per week te spel | | | | | | | | | | |
| 5 | Skryf drie kort sinne wat deur die onderwyser gedikteer word | | | | | | | | | | |

| LEES | WEEK | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | **Gedeelde Lees** Lees vergrote tekste soos fiksie, nie-fiksie, koerantberigte, dialoë en elektroniese tekse klassikaal en saam met die onderwyser | | | | | | | | | | VASLEGGING |
| 2 | Lees tekste en bespreek karakters, die “probleem” in die storie, die intrige,en die waardes in die teks (begrip) | | | | | | | | | | |
| 3 | Gebruik visuele leidrade om grafiese teks te lees en begin om tekste te analiseer vir houdings en aannames (begrip) | | | | | | | | | | |
| 4 | Beantwoord ’n verskeidenheid hoër-orde vrae wat gegrond is op ’n leesstuk wat gelees is (begrip) | | | | | | | | | | |
| 5 | **Groepbegeleide Lees** Lees stil en hardop op eie vlak in GBL | | | | | | | | | | |
| 6 | Gebruik klankkennis, kontekstuele leidrade en strukturele analitiese dekoderingsvaardighede en begripsvaardighede om sin te maak | | | | | | | | | | |
| 7 | Selfmonitering wanneer hul lees, beide woordherkenning en begripsvaardighede | | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 8 | Pas selfkorrigeringstrategieë toe wanneer hulle lees: herlees, oefen 'n woord voordat dit hardop gesê word | | | | | | | | | | VASLEGGING |
| 9 | Lees met toenemende vlotheid, spoed en uitdrukking | | | | | | | | | | |
| 10 | **Onafhanklike lees**<br>Lees selfstandig op 'n meer komplekse vlak vir genot of inligting uit 'n verskeidenheid van beskikbare tekste | | | | | | | | | | |
| 11 | Vind en gebruik bronne van inligting | | | | | | | | | | |
| **HANDSKRIF** | **WEEK** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** | **9** | **10** |
| 1 | Gebruik lopende skrif in alle skriftelike werk | | | | | | | | | | VASLEGGING |
| 2 | Skryf netjies en leesbaar, met selfvertroue en spoed | | | | | | | | | | |
| 3 | Kopieer geskrewe teks vanaf die bord, teksboeke, werkkaarte, en gee aandag aan korrekte letterformasie en spasiëring | | | | | | | | | | |
| 4 | Eksperimenteer om met 'n pen te skryf | | | | | | | | | | |
| **SKRYF** | **WEEK** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** | **9** | **10** |
| 1 | Skryf 'n verskeidenheid kort tekste vir verskillende doeleindes | | | | | | | | | | VASLEGGING |
| 2 | Skryf oor 'n persoonlike ervaring in verskillende vorme soos 'n koerantberig | | | | | | | | | | |
| 3 | Beplan, skryf, redigeer en bied eie storie van ten minste twee paragrawe of 10 of meer sinne aan met 'n titel | | | | | | | | | | |
| 4 | Gebruik informele strukture vir die skryf van eksperimente en resepte | | | | | | | | | | |
| 5 | Gebruik leestekens korrek: hoofletters, punte, kommas, vraagtekens, uitroeptekens, aanhalingstekens | | | | | | | | | | |
| 6 | Gebruik klankkennis en spelreëls om moeiliker woorde te skryf (alle skryfwerk) | | | | | | | | | | |
| 7 | Bou eie woordbank en persoonlike woordeboek | | | | | | | | | | |

**LUISTER EN PRAAT** Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **LUISTER EN PRAAT Assessering 1: Luisterbegrip (Die kameelperd en die renostervoëls) (Week 7 Maandag)**<br>LAB bladsy 128, OG bladsy 100 | | | | | **5 punte** |
| **1/2 punt vir elke korrekte antwoord.**<br>1. Die diere het van die vuur af weggehardloop. **Waar**<br>2. Die diere het ook vir oefening gehardloop. **Onwaar**<br>3. Die renostervoëls het ter wille van hulle babas gebly. **Waar**<br>4. Die diere het nie gestop om te help nie, want hulle was bang vir die vuur. **Waar**<br>5. Kameelperd het die renostervoëlbabas op sy rug gesit. **Waar**<br>6. Kameelperd het see toe gehardloop. **Onwaar**<br>7. Die renostervoëls het vir Kameelperd dankie gesê deur die bosluise van sy nek af te pik. **Waar**<br>8. Bosluise byt nie diere nie. **Onwaar**<br>9. Die storie wys vir ons hoe diere mense help. **Onwaar**<br>10. Die storie wys vir ons hoe diere ander diere help. **Waar** | | | | | |
| **LUISTER EN PRAAT Assessering 2: Doen 'n mondelinge aanbieding (Aanbieding van 'n gedig) (Week 8 Maandag–Vrydag)**<br>OG bladsy 112, 114, 116, 118 en 120 | | | | | **10 punte** |
| **2 punte vir elke kriterium waaraan voldoen word** | **2** | **4** | **6** | **8** | **10** |
| 1. Selfversekerde **aanbieding** (postuur, oogkontak, helder stem)<br>2. Goeie **inleiding** (Ek gaan 'n gedig lees oor...)<br>3. Gepaste **keuse** van gedig en toepaslike regverdiging van die keuse<br>4. Gedig gelees met **uitdrukking** en ritme, gereeld opgekyk<br>5. Korrekte **uitspraak** van woord | Voldoen aan 1 kriterium | Voldoen aan 2 kriterium | Voldoen aan 3 kriterium | Voldoen aan 4 kriterium | Voldoen aan 5 kriterium |
| **LUISTER EN PRAAT Assessering 3: Klaskamerwaarneming (Week 1–8)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| 1. Verstaan en gebruik **gepaste taal** (alle vakke)<br>2. Bespreek **oplossing vir 'n probleem** deur hoër-orde-denke (alle vakke)<br>3. Druk **gevoelens en menings** uit (alle vakke)<br>4. Raak betrokke in **gesprekke** as 'n sosiale vaardigheid (L en P-tyd)<br>5. Gesels oor **persoonlike en algemene** nuus (Nuustyd) | Voldoen aan 1 kriterium | Voldoen aan 2 kriterium | Voldoen aan 3 kriterium | Voldoen aan 4 kriterium | Voldoen aan 5 kriterium |
| **Totaal** | | | | | **20 punte** |

**KLANKE** Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| **KLANKE Assessering 1: Skryf klanke (Week 7 Dinsdag)**<br>LAB bladsy 132, OG bladsy 102 | | | | | **10 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Skryf die klanke** (1 punt vir elke korrekte klank = 5)<br>1. -pie<br>2. -jie<br>3. -tjie<br>4. -ie<br>5. -kie<br>**Vul die klanke in** (1 punt vir elke korrekte woord = 5)<br>1. toring – torinkie<br>2. muis – muisie<br>3. boom – boompie<br>4. hand – handjie<br>5. haan – haantjie | | | | | |
| **KLANKE Assessering 2: Diktee (Week 8 Donderdag)**<br>LAB bladsy 152, OG bladsy 118 | | | | | **5 punte** |
| **1 punt vir elke voltooide kriterium** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| Die leerder:<br>• Skryf gedikteerde woorde in die korrekte volgorde<br>• Met die korrekte spelling<br>• Met die korrekte leestekens | Maak 4 spel-/ leesteken-foute | Maak 3 spel-/ leesteken-foute | Maak 2 spel-/ leesteken-foute | Maak 1 spel-/ leesteken-foute | Al die woorde is korrek gespel en leestekens is korrek |
| **KLANKE Assessering 3: Klaskamerwaarneming (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| 1. **Dekodering:** Kan woorde konsekwent saamvoeg en opbreek tydens lees en skryf.<br>**2. Woordleesvlotheid:** Toon vordering in SLW (spoedlees van woorde)<br>3. **Betekenis:** Skryf eie betekenisvolle sinne met gegewe woorde (elke tweede Donderdag)<br>4. **Deelname:** Deel woorde en neem deel aan werk in pare tydens Maandae en Woensdae se klanklesse<br>5. **Voltooiing:** Voltooi konsekwent daaglikse klankaktiwiteite in die LAB | Voldoen aan 1 kriterium | Voldoen aan 2 kriterium | Voldoen aan 3 kriterium | Voldoen aan 4 kriterium | Voldoen aan 5 kriterium |
| **Totaal** | | | | | **20 punte** |

**LEES EN BEGRIP** Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| **LEES Assessering1: Mondelinge hardoplees (Week 6 Maandag tot Vrydag)**<br>OG bladsy 89, 91, 93, 95 en 97 | | | | | **10 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| **2 punte vir elke voldoende kriterium** | **2** | **4** | **6** | **8** | **10** |
| Die leerder:<br>1. Kan vir 1 minuut teen 'n goeie pas **hardop lees**<br>2. Gebruik **dekoderingsvaardighede** om onbekende woorde te lees<br>3. Moniteer self en **korrigeer self** wanneer nodig.<br>4. Let op na **leestekens**<br>5. Lees **vlot** en met uitdrukking | Voldoen aan 1 kriterium | Voldoen aan 2 kriterium | Voldoen aan 3 kriterium | Voldoen aan 4 kriterium | Voldoen aan 5 kriterium |
| **LEES Assessering 2: Begrip (Die diere kom bymekaar (2)) (Week 6 Donderdag)**<br>LAB bladsy 102 en 103, OG bladsy 94 | | | | | **10 punte** |
| 1. Hond – Woef (1)<br>Koei – Moo (1)<br>Henne – Kloek (1)<br>Bok – Mê (1)<br>2. Wie se sienswyse word aangedui? diere (1)<br>3. Hoe voel die diere? Hartseer/bang/angstig (1)<br>Hoekom? Want die boer wou hulle opeet/na die mark neem om te verkoop. (1)<br>4. Dink julle *Die diere kom bymekaar* Is 'n goeie titel? Verduidelik. Ja, die diere het beplan om saam weg te hardloop (1)<br>5. Hoekom het die diere besluit om dadelik te gaan? Onderstreep die beste antwoord. <u>Omdat die boer en sy vrou besig was om bier te drink, en nie gou weer sou uitkom nie</u>.<br>6. Sou jy daarvan hou om by die see te woon? Hoekom of hoekom nie? Enige redelike antwoord | | | | | |
| **LEES Assessering 3: Klaskamerwaarneming (Week 1–8)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| • Neem deelaan **gedeelde lees**<br>• Voltooi **begripsaktiwiteite**<br>• Voltooi **woordeskataktiwiteite**<br>• Voltooi **taal-/grammatika**<br>• Toon toenemende spoed in **vlotheidsoefening** | Voldoen aan 1 kriterium | Voldoen aan 2 kriterium | Voldoen aan 3 kriterium | Voldoen aan 4 kriterium | Voldoen aan 5 kriterium |
| **Totaal** | | | | | **25 punte** |

**HANDSKRIF** Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

<table>
<tr><td colspan="6">HANDSKRIF Assessering 1: Lopende skrif sinne<br>(Week 8 Vrydag)<br>LAB bladsy 142, OG bladsy 112 5 punte</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Die leerder skryf in lopende skrif met korrekte:<br>• letterformasie<br>• plasing op die lyn<br>• verbindings<br>• woordspasiëring<br>• leesbaarheid<br>• netheid</td><td>1</td><td>2</td><td>3</td><td>4</td><td>5</td></tr>
<tr><td>Benodig meer onder steuning om leesbaar en netjies te skryf</td><td>Probeer hard maar daar is heelwat foutiewe letter-formasies, verbindings en lynplasings</td><td>Skryf die meeste woorde korrek, maar daar is nog foute en kan netjieser wees</td><td>Byna al die woorde is korrek gevorm. Soms kom foute voor, maar dit is leesbaar en netjies.</td><td>Skryf al die woorde korrek. Leesbaar en netjies, met korrekte spasiëring</td></tr>
<tr><td colspan="6">HANDSKRIF Assessering 2: Klaskamerwaarneming<br>(Week 1–8) 5 punte</td></tr>
<tr><td rowspan="2">Die leerder:<br>1. Gebruik korrekte potlood/pengreep<br>2. Skryf leesbaar en netjiese lopende skrif<br>3. Skryf lopende skrif teen ’n goeie pas<br>4. Gebruik lopende skrif in alle geskrewe klaswerk<br>5. Het met ’n pen geëksperimenteer.</td><td>1</td><td>2</td><td>3</td><td>4</td><td>5</td></tr>
<tr><td>Voldoen aan al 1 kriteria</td><td>Voldoen aan al 2 kriteria</td><td>Voldoen aan al 3 kriteria</td><td>Voldoen aan al 4 kriteria</td><td>Voldoen aan al 5 kriteria</td></tr>
<tr><td colspan="5">Totaal</td><td>10 punte</td></tr>
</table>

**SKRYF** Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| **SKRYF Assesserings 1 en 2: Koerantberig en 'n dierestorie (Vrydag Week 5 en 8)**<br>OG bladsy 84 en 120 | | | | | **10 punte elk** |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD: Nuusberig** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **1 punt vir elke voltooide kriterium**<br>1. Gebruik 'n **breinkaart** korrek om 'n berig te beplan (week 4)<br>2. Gebruik **opskrifte en paragrafering** volgens genre<br>3. **Rangskik** inligting korrek<br>4. Skryfwerk is **sinvol** (nie net lukrake gedagtes nie)<br>5. Onderwerp is **deurdink** | Voldoen aan 1 kriterium | Voldoen aan 2 kriterium | Voldoen aan 3 kriterium | Voldoen aan 4 kriterium | Voldoen aan 5 kriterium |
| **INHOUD: Storie** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **1 punt vir elke voltooide kriterium**<br>1. **Konsep van storie** is uitgelê (week 7)<br>2. Skryf 'n storie van **12 of meer sinne**<br>3. Storie het 'n **begin, middel en einde**<br>4. Uitgebreide, ryk **woordeskat** gebruik<br>5. **Kreatiewe of oorspronklike idees** (verskillend van voorbeelde) | Voldoen aan 1 kriterium | Voldoen aan 2 kriterium | Voldoen aan 3 kriterium | Voldoen aan 4 kriterium | Voldoen aan 5 kriterium |
| **TAAL: Koerantberig en storie** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| 1. Skryf in **volledige sinne** wat **grammatikaal korrek** is.<br>2. Skryf deur toepaslike **tydsvorme** te gebruik<br>3. **Gebruik leestekens** korrek (punt, afkappings 's, kommas, uitroeptekens, aanhalingstekens)<br>4. Spel meeste **HF-woorde** korrek en spelpogings is aanvaarbaar<br>5. Het ten minste een **samegestelde sin** gebruik | Voldoen aan 1 kriterium | Voldoen aan 2 kriterium | Voldoen aan 3 kriterium | Voldoen aan 4 kriterium | Voldoen aan 5 kriterium |

| **SKRYF Assessering 3: Klaskamerwaarneming (Week 2–8)** | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|
| **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| Het **alle skryfak tiwiteite voltooi** (Skryf 'n verskeiden heid van kort tekste vir verskillende doeleindes | In **Gedeelde Skryf**, neem deel aan en bespreek ander se skryfwerk | Skryf 'n **eksperiment**, deur korrekte inligting-strukture te gebruik \| (Week 2) | Gee 'n geregverdige **persoonlike mening** wanneer oor 'n interessante nuusberig geskryf word (Week 3) | Skryf 'n samehangende **opsomming** oor die toneelstuk (Week 6) |
| **Totaal** | | | | **25 punte** |

## HUISTAAL KWARTAAL 4 PUNTESTAAT

(vir kopiëring)

| | 20% | | | | 20% | | | | 25% | | | | 10% | | | 25% | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1. Luisterbegrip: Die kameelperd en die renostervoël | 2. Mondelinge aanbieding – Dra 'n gedig voor | 3. Klaskamerwaarneming | **Luister en Praat (gewig 20%)** | 1. Klanke | 2. Diktee | 3. Klaskamerwaarneming | **Klanke (gewig 20%)** | 1. Mondelinge hardoplees | 2. Leesbegrip: Die diere kom bymekaar (2) | 3. Klaskamerwaarneming in alle leeslesse | **Lees en Begrip (gewig 25%)** | 1. Sinne in lopende skrif | 2. Klaskamerwaarneming: lopende skrif in alle kontekste | **Handskrif (gewig 10%)** | 1. Nuusberig | 2. Storie – Dierestorie | 3. Klaskamerwaarneming: Gedeelde en Onafhanklike Skryf | **Skryf (gewig 25%)** |
| | LAB bl. 128 OG bl. 100 | OG bl. 112, 114, 116, 118 en 120 | Week 1–9 | | LAB bl. 132 OG bl. 102 | LAB bl. 152 OG bl. 118 | Week 1–8 | | OG bl. 89, 91, 93, 95 en 97 | LAB bl. 102 en 103 OG bl. 94 | Week 1–8 | | LAB bl. 142 OG bl. 112 | Week 1–8 | | OG bl. 72 | OG bl. 120 | Week 2–8 | |
| **NAAM** | 10 | 5 | 5 | **20** | 5 | 10 | 5 | **20** | 10 | 10 | 5 | **25** | 5 | 5 | **10** | 10 | 10 | 5 | **25** |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

## ASSESSERINGS

### BEPLANNING VIR DEURLOPENDE EN FORMELE ASSESSERING KWARTAAL 4

- **Kurrikulumskakels** vir elke week word deur liggekleurde blokkies aangedui.
- **Formele assesseringstake** word met donkerkleurige blokkies aangedui.

| | AANVANGSKENNIS EN PSW | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Roetines** | | | | | | | | | | | |
| 1 | Bespreek persoonlike idees en gevoelens oor die tema-onderwerpe | | | | | | | | | | HERSIENING |
| **Onderwerpe** | | | | | | | | | | | |
| | Produkte en prosesse | | | | | | | | | | |
| | Rampe | | | | | | | | | | |
| | Diere wat ons help | | | | | | | | | | |
| | Vieringe en ander spesiale dae (soos in die gemeenskap gevier) | | | | | | | | | | |
| **Sleutelkonsepte en -vaardighede** | | | | | | | | | | | |
| 1 | **Sosiale wetenskap-konsepte:** Bewaring (week 3–5) oorsaak en gevolg (week 3-5) aanpassing (week 1, 2, 6–8), plek (week 5, 6) verhoudings en interafhanklikheid (week 6–8, 9), diversiteit en individualiteit (6–8), verandering (week 1–2, 3–5) | | | | | | | | | | |
| 2 | **Natuurwetenskap-konsepte:** lewe en leef (week 3–5, 6–8) energie en verandering (week 3–5), planeet aarde en die ruimte (6–8) | | | | | | | | | | |
| 3 | **Wetenskaplike-prosesvaardighede:** die proses van navraag wat waarneming behels (week 1–2),vergelyking(week 7) klassifisering (week 1–2, 3–5, 6–8), meting, eksperimentering en kommunikering (2). | | | | | | | | | | |
| 4 | **Tegnologiese-prosesvaardighede:** ondersoek (week 5), ontwerp (week 8), maak en evalueer (week 8), kommunikeer week (8) | | | | | | | | | | |
| **PSW** | | | | | | | | | | | |
| 1 | Sosiale en emosionele gesondheid | | | | | | | | | | HERSIENING |
| 2 | Verhoudings met ander | | | | | | | | | | |
| 3 | Verhouding met die natuur | | | | | | | | | | |
| 4 | Waardes en houdings | | | | | | | | | | |
| | **VISUELE KUNSTE** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** | **9** | **10** |
| **Skep in 2D** | | | | | | | | | | | |
| 1 | Teken en verf: ontdek 'n verskeidenheid mediums | | | | | | | | | | HERSIENING |
| 2 | Teken oorvleueling, liggaam in aksie, komposisie van meer as twee persone | | | | | | | | | | |
| 3 | Kunselemente: identifiseer en benoem alle kunselemente | | | | | | | | | | |
| 4 | Ontwerpbeginsels: benoem en gebruik kontras, verhoudings, klem en balans | | | | | | | | | | |
| 5 | Vrae om waarneming van elemente en ontwerpbeginsels te verstaan | | | | | | | | | | |
| **Skep in 3D** | | | | | | | | | | | |
| 6 | Onderrig handwerktegnieke van papier maché: skep voorwerpe deur plak, knip, skeur, glad maak | | | | | | | | | | |
| 7 | Kunselemente: tekstuur, vorm | | | | | | | | | | |
| 8 | Ruimtelike bewustheid: verleng bewusmaking van hoe om in ruimtes te werk | | | | | | | | | | |
| | **UITVOERENDE KUNSTE** | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** | **9** | **10** |
| **Kreatiewe speletjies en vaardighede** | | | | | | | | | | | |
| 1 | Opwarmingsaktiwiteite: fokus op verlenging en sametrekking van die ruggraat | | | | | | | | | | HERSIENING |
| 2 | Kreatiewe dramaspeletjies: ontwikkel fokus en visualisering, bv. "gooi" van 'n denkbeeldige bal en konsentreer op grootte, vorm en gewig | | | | | | | | | | |
| 3 | Reageer op stimuli soos toneelstukke, prente, frases, idiome, dramaspeletjies, gedigte of rympies om lyftaal, gebare en gesigsuitdrukkings te ontdek | | | | | | | | | | |

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | Beweging: toon beheer en 'n sterk rug bv. loop met trots, marsjeer soos 'n soldaat, ens. | | | | | | | | | | |
| 5 | Afkoeling en ontspanning: lê op die rug en trek al die spiere saam, maak stywe vuiste, trek die skouers saam | | | | | | | | | | |
| **Improviseeren interpreteer** | | | | | | | | | | | |
| 6 | Luister na Suid-Afrikaanse musiek: fokus op hoe tempo, dinamika en toonkleur tot die unieke klank bydra | | | | | | | | | | HERSIENING |
| 7 | Luister na en identifiseer prominente Suid-Afrikaanse instrumente, verken die unieke eienskappe van die instrumente | | | | | | | | | | |
| 8 | Skep van atmosfeer: gebruik verbale dinamika, betekenisvolle klank en beweging, gebruik 'n gedig, prent of liedjie | | | | | | | | | | |
| 9 | Skep bewegings wat op prente en bewegingsinne (volgorde) gebaseer is, en die begin, middel en einde aandui | | | | | | | | | | |
| **LIGGAAMSOPVOEDING** | | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** | **7** | **8** | **9** | **10** |
| 1 | **Beweging**<br>• Volg visuele instruksies (hand-/liggaamtekens, prente) om te loop, hardloop, spring, huppel, klim, ens. Leerders loop in 'n sirkel en hou hande vas. Hulle verander die grootte van die sirkel en die aantal sirkels, verander die rigting waarin die sirkel beweeg, en beweeg onderskeie sirkels deur en rondom mekaar | | | | | | | | | | |
| 2 | **Balans**<br>• Balanseer op een en twee voete op voorwerpe, en balanseer 'n boontjiesakkie en ander voorwerpe op die kop of in die hande<br>• Gimnastiek: Kopstand, handstand, krapstand | | | | | | | | | | |
| 3 | **Perseptueel-motories**<br>• Skadunabootsing: een leerder is die skaduwee en die ander leerder boots die bewegings na<br>• Tennis: voorhand, rughand en vlughoue<br>• Krieket: kolf, boul, veldwerk en paaltjiewagterswerk | | | | | | | | | | |
| 4 | **Ritme**<br>• Ritmiese reekse met of sonder apparaat | | | | | | | | | | HERSIENING |
| 5 | **Koördinasie**<br>• Gimnastiek: vorentoe – en agteroorrolle<br>• Swem: gly, dryf, skop en handroei en armbewegings | | | | | | | | | | |
| 6 | **Ruimtelike oriëntasie**<br>• Hindernisbaan<br>• Swem: Selfvertroue oefening om watervrees, soos om die oë en ore binne in die water te plaas, te oorkom, asemhalingsoefeninge | | | | | | | | | | |
| 7 | **Lateraliteit**<br>• Swem: skop met L/R been; armaksies met die L/R arms | | | | | | | | | | |
| 8 | **Sport en speletjies**<br>• Waterspeletjies: Ring-a-Ring-a-Rosie; reusetreë; resies, ens.<br>• Driebeen-speletjies<br>• Vang die draak se stert<br>• Minitennis<br>• Minikrieket | | | | | | | | | | |

# ASSESSERINGS

## AANVANGSKENNIS EN PSW

Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **AANVANGSKENNIS Assessering 1: Vind uit oor 'n nuttige dier (Week 6 Woensdag)**<br>LAB bladsy 121, OG bladsy 93 | | | | | **15 punte** |
| **Navorsing** – akkurate feite word op die kaart aangeteken **(Subtotaal: 10)**<br>• Naam van die dier – moet 'n nuttige dier wees (wilde dier of mak dier) (1)<br>• Waar om dit te vind: inligting soos op 'n plaas, in die veld, in 'n huis, ens., of die naam van 'n stad/land/organisasie (2)<br>• Hoe dit help – merk een kategorie (1)<br>• Wat dit doen om te help: Ten minste 3 feite oor hoe dit help/vir wie dit help. Goed geformuleerde sinne (4)<br>• Ander interessante feite: Ten minste 1 ander feit, goed geskrewe (2)<br>**Terugvoering oor navorsing vir die klas/ander leerders/maat (Subtotaal: 5)**<br>• Leerders gebruik hulle notas om terugvoer te gee (1)<br>• Leerders vertoon hulle feite op die kaart (3)<br>• Leerders praat duidelik en met selfvertroue (1) | | | | | |
| **AANVANGSKENNIS Assessering 2: Vergelyk diere-organisasies (Week 7 Woensdag)**<br>LAB bladsy 137, OG bladsy 105 | | | | | **15 punte** |
| 1. Wat doen hulle?<br>• Funda Nenja – hondeafrigting met kinders (1)<br>• Angel Paws – terapeutiese honde, kinders lees vir honde (1)<br>2. Waar?<br>• Funda Nenja: by 'n skool OF Mphphomeni, KZN (1)<br>• Angel Paws: In skole (1)<br>3. Interessantste – antwoorde sal verskil. 2 punte vir akkurate antwoorde vanuit die teks vir elkeen. (2 × 2)<br>4. Dieselfde: met met honde en kinders (2)<br>5. Verskillend: FN: kinders rig honde af; AP: honde help kinders om te lees<br>6. Watter een sal jy kies? Antwoord sal verskil. 1 punt vir die antwoord. 2 punte vir rede (3) | | | | | |
| **AANVANGSKENNIS Assessering 4: Klaskamerwaarneming: PSW en AK (Week 1–8)** | | | | | **10 punte** |
| **KLASKAMERWAARNEMING: PSW (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| 1. Neem deel aan dink-pare-deel-aktiwiteite<br>2. Neem deel aan klasbesprekings<br>3. Neem beurte en deel<br>4. Bespreek eie gevoelens en gedagtes<br>5. Neem ander leerders in ag | Voldoen aan 1 kriterium | Voldoen aan 2 kriterium | Voldoen aan 3 kriterium | Voldoen aan 4 kriterium | Voldoen aan 5 kriterium |
| **KLASKAMERWAARNEMING: BK (Week 1–9)** | | | | | **5 punte** |
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| 1. Dra eie idees tot besprekings by<br>2. Werk saam en werk goed in pare en groepe<br>3. Lewer 'n mening oor die tema-onderwerpe<br>4. Voltooi die LAB-bladsy bevredigend<br>5. Voltooi die DBO-bladsy bevredigend | Voldoen aan 1 kriterium | Voldoen aan 2 kriterium | Voldoen aan 3 kriterium | Voldoen aan 4 kriterium | Voldoen aan 5 kriterium |
| **Totaal** | | | | | **40 punte** |

## VISUELE KUNSTE Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| **VISUELE KUNSTE Assessering 1: Illustreer ’n storie (Week 6 Maandag en Dinsdag)**<br>OG bladsy 89, 91 | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder: | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| 1. Skilder of teken ’n prent om die storie te illustreer<br>2. Teken twee of meer figure in verhouding met mekaar<br>3. Toon bewyse van proporsie en balans<br>4. Gebruik geskikte kleure om die prent aantreklik te maak<br>5. Was in staat om hul prent aan ander te verduidelik | Voldoen aan 1 kriteria | Voldoen aan 2 kriteria | Voldoen aan 3 kriteria | Voldoen aan 4 kriteria | Voldoen aan 5 kriteria |
| **VISUELE KUNSTE Assessering 2: Klaskamerwaarneming (Week 1–9)** | | | | | **10 punte** |
| Die leerder: | **2** | **4** | **6** | **8** | **10** |
| 1. Voltooi al die aktiwiteite in die LAB<br>2. Gebruik aangeleerde woordeskat wanneer hulle kunswerke en kunselemente bespreek<br>3. Gebruik gereedskap suksesvol – skêre, kwaste, kryte, viltpenne, gom, papier maché, ens.<br>4. Volg instruksies<br>5. Toon bewyse van genot en kreatiwiteit | Voldoen aan 1 kriteria | Voldoen aan 2 kriteria | Voldoen aan 3 kriteria | Voldoen aan 4 kriteria | Voldoen aan 5 kriteria |
| **Totaal** | | | | | **15 punte** |

## UITVOERENDE KUNSTE

### Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| **UITVOERENDE KUNSTE Assesserng 1: Lesersteater (Week 7 Donderdag en Vrydag)**<br>OG bladsy 105 en 107 | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **1 punt vir elke voltooide kriterium**<br>Die leerder:<br>1. Werk goed in 'n groep<br>2. Lees die woorde van die toneelstuk vlot<br>3. Volg verhooginstruksies (bv. *Hop op en af*)<br>4. Gebruik gebare, gesigsuitdrukkings en askies gepas<br>5. Betrek en reageer op 'n gehoor | Voldoen aan 1 kriteria | Voldoen aan 2 kriteria | Voldoen aan 3 kriteria | Voldoen aan 4 kriteria | Voldoen aan 5 kriteria |
| **UITVOERENDE KUNSTE Assessering 2: Klaskamerwaarneming (Week 2–8)** | | | | | **10 punte** |
| Die leerder | **2** | **4** | **6** | **8** | **10** |
| 1. Neem ten volle deel aan alle UK lesse<br>2. Werk goed saam in pare of in 'n groep deur beurte te neem, idees uit te ruil, ens.<br>3. Is in staat om kommentaar te lewer op Suid-Afrikaanse musiek en instrumente.<br>4. Is in staat om op stimuli soos prente, gedigte, toneelstukke, ens, verbaal en met beweging te reageer<br>5. Is in staat om aan kreatiewe speletjies en verbale dinamika deel te neem. | Voldoen aan 1 kriteria | Voldoen aan 2 kriteria | Voldoen aan 3 kriteria | Voldoen aan 4 kriteria | Voldoen aan 5 kriteria |
| **Totaal** | | | | | **15 punte** |

**LIGGAAMSOPVOEDING** Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste

| **LIGGAAMSOPVOEDING Assessering 1: Speletjies (Week 6 Vrydag)**<br>OG bladsy 97 | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder:<br>• Volg die instruksies<br>• Verstaan die reëls van die speletjie<br>• Neem aktief deel aan die speletjie<br>• Werk goed saam met ander leerders | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| | Is nie in staat om instruksies te volg nie. Verstaan nie die reëls nie of neem nie deel aan die speletjie nie. Is nie in staat om saam met ander te werk nie. | Volg party van die instruksies en probeer om die reëls te volg en aan die speletjie deel te neem. Samwerking met ander benodig aandag. | Volg die meeste van die instruksies. Ken meeste van die reëls en neem deel aan die speletjie. Kan met ander leerders saamwerk. | Volg alle instruksies. Ken die reëls en neem deel aan die speletjie. Voldoende samewerking met ander. | Volg alle instruksies baie goed. Ken die reëls en neem ten volle aan die speletjie deel. Uitstekende samewerking met ander |

| **LIGGAAMSOPVOEDING Assessering 2: Beweging, balans en perseptueel-motories (Week 7 Dinsdag tot Vrydag)**<br>OG bladsy 103, 105, 107 en 109 | | | | | **5 punte** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die leerder<br>• Loop in 'n sirkel, verander rigting op bevel<br>• Balanseer op een voet tot 'n telling van 20<br>• Balanseer 'n boontjiesak op die kop en hop op die plek<br>• Gimnastiek aksies: handstand, kopstand of krapstand met ondersteuning van 'n maat<br>• Werk saam met ander leerders | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| | Is nie in staat om instruksies om van rigting te verander, te volg nie. Kan nie op een been balanseer of 'n boontjiesak balanseer nie. Is nie in staat om 'n kopstand, 'n handstand of krapstand met hulp te doen nie. Is traag om te probeer. | Kan soms instruksies om van rigting te verander, volg. Kan kortliks op een voet balanseer. Nie in staat om 'n boontjie-sakkie op kop te balanseer nie. Is nie in staat om kopstand, handstand, of krapstand met hulp te doen nie. Is gewillig om te probeer. | Is in staat om instruksies om van rigting te verander, te volg. Kan vir 20 sekondes op een voet balanseer, maar nie op die ander een nie. Kan 'n boontjie-sakkie op die kop balanseer, maar nie terwyl hy/sy hop nie. Probeer om 'n kopstand, handstand of krapstand met baie ondersteuning te doen. | Is in staat om instruksies om van rigting te verander, te volg. Kan op beide voete vir 20 sekondes balanseer. Kan 'n boontjie-sakkie op die kop balanseer, terwyl hul hop. Benodig ondersteuning om 'n kopstand, handstand of krapstand te doen. | Is bevoeg om instruksies om van rigting te verander te volg. In staat om op beide voete vir meer as 20 sekonders te balanseer en ook met 'n boontjie-sakkie op die kop terwyl hul hop. Kan 'n kopstand, handstand, en krapstand met ondersteuning doen. Kan een sonder ondersteuning doen. |

**LIGGAAMSOPVOEDING Assessering 3: Klaskamerwaarneming (Week 1–9)** — **20 punte**

**1 punt = 1 kriterium**

1. Volg visuele instruksies
2. Neem beurte
3. Werk in 'n span
4. Werk met 'n maat
5. Warm op en koel af
6. Balanseer op een en twee voete op voorwerpe
7. Balanseer 'n boontjiesakkie of enige ander voorwerp op die kop, hande, voete
8. Gimnastiek: kopstand/handstand, krapstand
9. Gimnastiek: vooroorrol, agteroorrol
10. Hardloop en loop in 'n sirkel, verander rigting, en beweeg sirkels deur en rondom mekaar
11. Speel laterale speletjies deur linker- en regter arms en -bene alternatief te gebruik
12. Ritmiese patrone met of sonder apparat
13. Deelname aan 'n ingewikkelde hindernisbaan
14. Slaan 'n tennisbal, voorhand, rughand en vlughoue
15. Speel mini-krieket – boul, veldwerk en slaan
16. Volg reëls van formele en informele speletjies
17. Neem deel aan ingewikkelde aflosresies: sig-sag deur kegels/merkers
18. Swemselfvertroue oefeninge – sit oë en ore binne-in die water, asemhalingsoefeninge en borrels blaas
19. Reageer vinnig op bevele in reaksiespeletjies
20. Deelname aan speletjies soos mini-sokker, tennis, driebeenspeletjies, vang die draak se stert en waterspeletjies

| **Totaal** | **30 punte** |
|---|---|

# ASSESSERINGS

## LEWENSVAARDIGHEID KWARTAAL 4 PUNTESTAAT

(vir kopiëring)

| | 40% | | | | 15% | | | 15% | | | 30% | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1. Vind uit oor 'n nuttige dier | 2. Vergelyk diere-organisasies | 3. Klaswaarneming: Deelname aan aktiwiteite, LAB en voltooiing van DBO-werkboek | **Aanvangskennis en PSW (gewig 40%)** | 1. Illustreer 'n storie | 2. Klaswaarneming | **Visuele Kunste (gewig 15%)** | 1. Leerderteater | 2. Klaswaarneming | **Uitvoerende Kunste (gewig 15%)** | 1. Deelname in speletjie | 2. Lokomotories, balans, perseptueel-motories | 3. Waarneming: Deelname aan alle LO-lesse | **Liggaamsopvoeding (gewig 30%)** |
| | LAB bl. 121<br>OG bl. 93 | LAB bl. 137<br>OG bl. 105 | Week 1–8 | | OG bl. 54, 58 | Week 2–8 | | OG bl. 79, 82 | Week 2–8 | | OG bl. 97 | OG bl. 103, 105, 107 en 109 | Week 2–8 | |
| **NAAM** | 15 | 15 | 10 | **40** | 5 | 10 | **15** | 5 | 10 | **15** | 5 | 5 | 20 | **30** |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |

# Funda Wande

Reading for Meaning

Western Cape Government
FOR YOU
Education

creative commons
CC-BY- 4.0

ISBN 978-1-998960-42-2
9 781998 960422

VERSION 1.0